# 中華人民共和國外交政策根源

藍統懋

# GRONDSLAE VAN DIE BUITELANDSE BELEID VAN DIE SJINESE VOLKSREPUBLIEK

deur

Thomas Larney

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Internasionale Politiek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. dr. C.P. van der Walt

Potchefstroom

Januarie 1978

## VOORWOORD

Die breë veld wat in hierdie verhandeling aangesny word, is een wat in Suid-Afrika en in Afrikaans nog nie veel aandag gekry het nie, ten spyte daarvan dat die Sjinese Volksrepubliek ook vir hierdie wêrelddeel van steeds groter belang word. Aan die studie van Sjina, Sjinees en die Sjinese word hier te lande, helaas, nog veel te min gedoen.

Dié feit het onvermydelik sy invloed op enige studie in dié rig= ting. Onbekendheid met die Sjinese taal en die gebrekkige be= skikbaarheid van primêre bronne plaaslik maak die student, met enkele uitsonderinge, aangewese op sekondêre bronne. Dit geld ook hierdie studie. Nogtans vertrou ek dat hierdie werk saam met ander 'n beskeie voorloper mag wees van meer intensiewe studie van 'n land, kultuur en politieke stelsel wat groter aandag verdien.

Aan prof. C.P. van der Walt, hoogleraar in Internasionale Poli= tiek aan die P.U. vir C.H.O., rig ek hiermee my dank, nie alleen vir sy uiters waardevolle hulp en leiding met en belangstelling in hierdie studie nie, maar ook vir sy aandeel aan my akade= miese vorming.

Ek dra hierdie werk in dankbaarheid op aan my ouers.

Tom Larney

Potchefstroom

Januarie 1978

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1

INLEIDING 1

HOOFSTUK 2

DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID VANAF 1949

1. INLEIDEND 6
2. DIE VERLOOP VAN BUITELANDSE BETREKKINGE - VERSKILLENDE FASES 8
2.1 Die tydperk vanaf bewindsaanvaarding tot ná die Koreaanse Oorlog, 1949-1954 9
2.2 Die Bandoeng-era, 1954-1957 16
2.3 Hernude militantheid, 1957-1962 19
2.4 Die breuk met die Sowjet-Unie 23
2.5 Sjina alleen, 1962-1965 28
2.6 Isolasie, 1966-1969 33
2.7 Hertoetrede tot die wêreldgemeenskap, 1969-1972 35
2.8 Sjinese buitelandse beleid vandag - die Drie Wêrelde 38
3. TEN SLOTTE 40

HOOFSTUK 3

IDEOLOGIE AS GRONDSLAG VAN DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID

1. INLEIDEND 42
2. SIENING VAN DIE WÊRELD 44
2.1 Teorie van teenstellings (kontradiksies) 44
2.2 Klassestryd 46
2.3 Imperialisme as die groot vyand 48
2.4 Die magte op die internasionale toneel 51

Bladsy

3. OPLOSSING VIR DIE WÊRELD - WÊRELDREVOLUSIE 53
3.1 Tipes revolusies en die aard daarvan 55
3.2 Verenigde front 57
3.3 Gewapende stryd en revolusionêre oorlogvoering - die Sjinese revolusionêre model 59
4. MAU DZIH-DOENG SE BYDRAE TOT DIE KOMMUNISTIESE IDEOLOGIE 64
5. SJINESE BUITELANDSE BELEID AS 'N FUNKSIE VAN IDEOLOGIE - 'N OORSIG 68
6. DIE BREUK MET DIE SOWJET-UNIE - IDEOLOGIES 71
7. TEN SLOTTE 76

HOOFSTUK 4

NASIONALISME AS GRONDSLAG VAN DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID

1. INLEIDEND 78
2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MODERNE SJINESE NASIONALISME 79
2.1 Tydens die keiserryk 80
2.2 Ná die Sjinese Revolusie 83
2.3 Die Kommuniste se bydrae 86
3. DIE SJINESE KOMMUNISTIESE IDEOLOGIESE BENADERING VAN NASIONALISME 89
4. NASIONALE OOGMERKE VAN SJINESE BUITELANDSE BELEID 91
4.1 Algemeen 92
4.2 Die herwinning van verlore Sjinese grondgebied 94
4.2.1 Taiwan 98
4.2.2 Met die Sowjet-Unie 99

Bladsy


4.2.3 Met Indië 100
5. TEN SLOTTE 102


HOOFSTUK 5

TRADISIE AS GRONDSLAG VAN DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID


1. INLEIDEND 103
2. DIE SJINESE TRADISIE 104
2.1 Hoe te definieer? 104
2.2 Die siening van 'n hiërargiese wêreldorde 105
2.3 Beoordeling 109
3. DIE TRADISIE IN 'N KRISIS 111
4. DIE KOMMUNISTE - ERFGENAME VAN DIE EEUE? 113
4.1 Steeds 'n hiërargiese wêreldorde? 115
4.2 Etnosentrisme 118
4.3 Tradisionele invloed op diplomasie 119
5. TEN SLOTTE 121


HOOFSTUK 6


SAMEVATTING EN KONKLUSIE 124


BYLAAG A


TRANSKRIPSIE VAN SJINESE NAME VIR GEBRUIK IN AFRIKAANSE GESKRIFTE 133


BIBLIOGRAFIE


1. BOEKE 139
2. TYDSKRIFARTIKELS 142

<u>LYS VAN ILLUSTRASIES</u>


| | Bladsy |
| --- | --- |
| Mau Dzih-doeng, die vader van die Sjinese Kommunisme | 65 |

* * *

| | |
| --- | --- |
| Die eerste bladsy van die Sjinese teks van Mau se "Oor Teenstellings" | 66 |

* * *

| | |
| --- | --- |
| Sjinese Kommunistiese weergawe van die omvang van die ryk tydens die Tjieng-dinasie (kaart) | Tussen 96 en 97 |

* * *

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Die totstandkoming van die Sjinese Volksrepubliek was sonder twyfel een van die mees belangwekkende gebeurtenisse in 'n eeu wat geen skaarste aan die dramatiese geken het en steeds ken nie. Die koppeling van die twintigste eeu se mees dreigende ideologie aan die bevolkingrykste staat ter wêreld moes noodwendig meer as net 'n rimpeling op die oppervlak van die wêreldgeskiedenis laat. Vir die soveelste keer het Sjina onder die fel soeklig van wêreld=aandag te staan gekom. Hierdie keer sou die aandag nie gou wyk nie.

Die soek na begrip van Sjina en die Sjinese beskawing het 'n lang geskiedenis in die Weste. Die lys van soekers is lank: vanaf die legendariese Marco Polo, sendelinge soos die befaamde Jesuïet Matteo Ricci, Europese idealistiese denkers van die agtiende eeu wat in Sjina 'n ideaal van maatskaplike organisasie gesien het, die duisende Europeërs wat Sjina in die negentiende eeu in diens van hulle state se eie selfsugtige motiewe oorstroom en vertrap het, tot by die dosyne twintigste-eeuse Sinoloë van verskillende motivering, instelling en bekwaamheid. By almal loop soos 'n goue draad die besef van 'n Sjina wat anders is en deur ander kragte beheers word as die state van die Westerse beskawing.

Miskien sou die wêreld meer (of minder?) van Sjina geweet het as hy nie so 'n maklike teiken vir Westerse imperialisme was nie. Skaars het die kolonialistiese aanslae teen die land in die veertigerjare van die vorige eeu begin of dit was duidelik dat hy dit nie die hoof sou kon bied nie. Vir meer as honderd jaar, van=af die eerste verdrag met Brittanje in 1841 tot met die totstand=koming van die Volksrepubliek in 1949, sou Sjina nie die gelyke

van die Westerse moondhede wees nie, maar eerder die voorwerp van hulle vertrapping, verwerping, of miskien ten beste, be= jammering.

Toe Sjina nå 1949 weer 'n faktor van belang en 'n land om mee rekening te hou geword het, het dit nie moeilik gelyk om 'n waardering te maak van die koers wat hy in sy politiek, en veral in sy buitelandse beleid, ingeslaan het nie. Per slot van sake was die land in die hande van 'n "vreemde" ideologie, die Kom= munisme, en was Sjina nou 'n Russiese satelliet. In die era van die Koue Oorlog en "containment" was dit vir Washington nie moeilik nie, en tewens wenslik, om die Sjinese buitelandse be= leid te sien as gewoon eendimensioneel gerig op die tradisionele oogmerke van die Kommunisme, naamlik proletariese internasiona= lisme, revolusie en wêreldoorheersing.

Algaande het dié sekerheid egter begin wyk voor al meer tekens dat 'n land met die tradisionele kompleksiteit van Sjina nie ewe skielik sô maklik geword het om te verklaar nie. Die breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie teen die einde van die vyftiger= jare het die eerste probleme opgelewer. As beide Peking en Moskou by dieselfde ideologie sweer en net dáárdeur gelei word, hoe moes dié breuk dan verklaar word? Die Groot Proletariese Kulturele Revolusie van die laat-sestigerjare het eweneens vrae gebring. As Sjina ingestel is op wêreldoorheersing en die stook van revolusie, vanwaar dan hierdie selfisolasie? Sjina se her= toetrede tot die wêreldgemeenskap en die normalisering van sy betrekkinge met die VSA en Japan in die vroeë-sewentigerjare het dié vrae vermenigvuldig.

Klaarblyklik was en is daar meer grondmotiewe van die Sjinese buitelandse beleid as net die ideologiese. Ook nasionalisme en die nawerking van die Sjinese tradisie het 'n woordjie mee te spreek in dié komplekse proses.

Die belangrike plek en rol van ideologie kon nooit betwyfel word nie. Ingeweef in die Kommunisme sit 'n bepaalde visie van die wêreld wat hom nie onbetuig kan laat in die buitelandse beleid van 'n staat wat dié ideologie aanvaar het nie. En die nuwe regeerders van Sjina was té ervare in en té oorgegewe aan die Kommunisme dat dit in Sjina anders kon. Maar juis in die jare van stryd en die uitwerk van 'n eie kommunistiese stelsel vir Sjina het die kiem gelê van die botsing met die Sowjet-Unie; van die stryd tussen Maoïsme en Sowjet-kommunisme soos dit ook op die internasionale toneel gemanifesteer sou word.

Naas ideologie, en nie minder belangrik nie, staan nasionalisme as motiverende faktor agter die krag van die Sjinese reus. Dit kan kwalik anders. In die jare van Sjinese stryd teen die Japannese in die dertiger- en veertigerjare van hierdie eeu was dit by uitstek die Kommuniste wat op die groeiende golf van Sjinese nasionalisme gery het, met die belofte om die land te bevry van die magte wat hom dekades lank uitgebuit en verneder het, en om die Sjinese trots te herstel. Dié proses is nog nie voltooi nie.

En tradisie? Het Mau Dzih-doeng[1] en sy makkers in die jare van stryd die Sjinese tradisie volledig afgesweer om die Kommunisme

1 Kyk Bylaag A vir 'n uiteensetting van die stelsel wat in hierdie verhandeling gevolg word vir die skryf van Sjinese name.

te laat seëvier? Of was en is hulle maar slegs in die tweede plek kommuniste en primêr erfgename van 'n tweeduisend jaar oue beskawing met sy eie politieke tradisie en siening van die wêreld? Deskundiges verskil, maar min is werklik bereid om 10 Oktober 1911 of 1 Oktober 1949 as die plotselinge sterfdatum van die Sjinese beskawing in sy tradisionele vorm en uitinge, ook wat die inter=nasionale verkeer betref, te sien.

Vir 'n sinvolle begrip van die Sjinese buitelandse beleid is dit nodig dat ideologie, nasionalisme en die Sjinese tradisie aldrie onder die loep geneem word. Want ook wat buitelandse beleid be=tref, geld die woorde van Dick Wilson:[2]

> "The Chinese of today has a traditional heart,
> a modern nationalist head and a communist face,
> and he has to be understood at all three levels."

* * *

Die hoofstukindeling wat in hierdie verhandeling gevolg word, is die voor-die-hand-liggende. In hoofstukke 3, 4 en 5 word naamlik agtereenvolgens gehandel oor die ideologie, nasionalisme en die tradisie, wat dit behels en welke invloed dit het op die Sjinese buitelandse beleid. In hoofstuk 6 word afgesluit met 'n same=vattende beskouing.

Dié vier hoofstukke word in hoofstuk 2 voorafgegaan deur 'n grootliks kronologiese oorsig van die verloop van die Sjinese buitelandse beleid sedert die totstandkoming van die Volks=republiek in 1949, waarin gepoog word om aan te toon hoe dié

2 Wilson. Asia awakes, p. 199.

beleid verskillende stadia deurloop het. So 'n oorsig is nood=saaklik om 'n geheelbeeld van die Sjinese Volksrepubliek se internasionale betrokkenheid te gee, asook om uitsprake en op=tredes waarna telkens in die daaropvolgende hoofstukke verwys word, in hulle verband te plaas. Sô word hoofstuk 2 dan meer as 'n blote historiese oorsig.

# HOOFSTUK 2

## DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID VANAF 1949

### 1. INLEIDEND

Op 1 Oktober 1949 is die Sjinese Volksrepubliek op die Plein van Hemelse Vrede in Peking uitgeroep. Die Sjinese burgeroorlog was verby. Daarmee het daar 'n einde gekom aan die langsame ge= boorteproses van die nuwe Sjina, maar is 'n ander proses, wat net so lank of selfs langer sou duur, aan die gang gesit: die skepping van 'n nuwe binnelandse sosiaal-ekonomiese orde, maar bowenal die vestiging van Kommunistiese Sjina as 'n soewereine onafhanklike en trotse staat op die wêreldtoneel.

Dis haas onmoontlik om met sekerheid aan te dui waar en wanneer die val van die ou orde in Sjina begin het. Waarskynlik was dit die konfrontasie tussen dié Oosterse keiserryk en die Westerse imperiale moondhede vanaf die eerste helfte van die vorige eeu wat finaal laat blyk het dat Sjina nie in staat sou wees om weerstand te bied teen die aanslae op hom nie. Namate hy hom die een vernedering na die ander van die kant van die Weste (en later ook van Japan) moes laat welgeval, is die onvermoë van die ou orde om voorsiening te maak vir modernisering en om die groeiende binnelandse onrus te akkommodeer, des te skerper geaksentueer. Die val van die keiserryk was onvermydelik.

Toe die Sjinese Revolusie byna per ongeluk op 10 Oktober 1911 in Whoedjang begin het en die Republiek van Sjina op 1 Januarie van die volgende jaar geproklameer is, het die stryd maar pas begin. Die keiserryk is ná meer as twintig eeue vernietig, maar niks nuuts en blywends is in die plek daarvan gestel nie.

Sestien jaar lank, tot met die beëindiging van Tjiang Kai-sjek se Noordwaartse Ekspedisie in 1928, sou Sjina oorgelewer wees aan oneffektiewe sentrale regerings en dosyne plaaslike dikta= tors. Maar ook nå 1928 sou eenheid net in naam bestaan. Die burgeroorlog teen die Kommuniste en die oorlog teen Japan sou verseker dat aan Tjiang Kai-sjek nooit die geleentheid gebied is om Sjina in vrede te regeer nie. Die korrupsie van sy rege= ring het beheer in tye van oorlog nie vergemaklik nie. Op die wêreldtoneel is Sjina formeel erken en algemeen bejammer.

Eintlik was die sukkelende gang van die republiek maar die finaliseringsproses van die revolusie van 1911. Geleidelik het die een na die ander tradisionele Sjinese beskawingsinstelling tot niet gegaan: in 1911 die troon, daarnå Confucianisme, die tradisionele staatsdiens, die grondbesitstelsel en die familie= stelsel. Toe die stof in 1949 gaan lê het met Tjiang se vlug na Taiwan, was Sjina gereed vir radikale verandering.

Die oorname van Sjina in 1949 deur Mau Dzih-doeng en sy kame= rade het vir baie mense, insluitende die heersers in die Kremlin, as 'n verrassing gekom. Vir Mau self en vir sy troue onder= steuners was dit egter die logiese resultaat van 'n lang stryd. Dié stryd het begin met die stigting van die Sjinese Kommunis= tiese Party in 1921 en het ingesluit die stigting van die eerste Sowjet-republiek in Djiangsie in 1931, die befaamde Lang Mars van 1934 en 1935, die tydperk van hervestiging en konsolidasie in Jênan, die stryd teen Japan en uiteindelik die finale fase van die burgeroorlog teen Tjiang se Kuomintang-magte.

By Mau was daar geen twyfel oor wat hy vir Sjina voor oë gehad het nie. In die gebiede onder Kommunistiese beheer is dié stelsel reeds vir jare geïmplementeer, en gevolglik kon daar

dadelik nå die stigting van die Volksrepubliek oorgegaan word tot die skepping van 'n nuwe sosiale en ekonomiese orde vir die hele Sjina. Breedweg sou dit geskied op die basis van die be= deling wat vanaf 1917 in die USSR tot stand gebring is, maar die invloed van Sjinese ervaring sou nie uitbly nie.

Ewe belangrik egter as die totstandkoming van 'n kommunistiese orde in Sjina self, was die taak om die land se verhoudinge met die buitewêreld op 'n nuwe voet te bring en om Sjina te her= vestig as 'n entiteit van belang op die internasionale toneel. Die verhaal hiervan, en van Sjina se vordering van 'n streeks= moondheid tot 'n potensiële supermoondheid, is een met vele fasette.

## 2. DIE VERLOOP VAN BUITELANDSE BETREKKINGE - VERSKILLENDE FASES

Sowel die binnelandse as die buitelandse beleid van die Sjinese Volksrepubliek het oor die tydperk van meer as twee dekades sedert 1949 heelwat koersveranderinge ondergaan, en die verskil= lende fasette daarvan is nie onder een noemer saam te vat nie. Bepalend vir die Sjinese buitelandse beleid was die wisselende sienings wat die bewindhebbers in Peking gehad het en nog steeds het van geleenthede en gevare vir Sjina in die wêreld. Hierdie wisselende sienings het tot gevolg gehad bypassende prioriteite en oogmerke wat uiting gevind het in wisselende strategie en taktiek.

Om 'n fase-indeling te maak van die verloop van Sjina se buite= landse beleid, is geen maklike taak nie. Baie en verskillende faktore het 'n invloed op hierdie beleid uitgeoefen, ook met betrekking tot verskillende mikpunte van die beleid, en dié het nie altyd gelykmatig verander nie. Die indeling wat hier gevolg

word, is een wat probeer rekening hou met die wisselende graad van militantheid in Sjina en van die land se betrokkenheid by die internasionale politiek en die gevolglike invloed op die gang van sy buitelandse beleid. Op sy beste kan enige sodanige indeling maar arbitrêr wees.

## 2.1 Die tydperk vanaf bewindsaanvaarding tot ná die Koreaanse Oorlog, 1949-1954

Die take wat in 1949 op die nuwe Kommunistiese regering van Sjina gewag het, het hoofsaaklik te doen gehad met die binne= landse situasie. Die revolusie moes voltooi word, daar moes ontslae geraak word van enige oorblywende teenrevolusionêre faksies, die land moes herenig word, en sentrale beheer, wat gedurende die burgeroorlog verlore gegaan het, moes hervestig word.

Nasionalisme en die vuur van die seëvierende kommunistiese ideo= logie het hoogty gevier. Tibet en die eilande Gainan en Taiwan moes herower word. Kompromieë sou met niemand aangegaan word nie.

Die siening wat Sjina se nuwe regeerders van die wêreld gehad het, was dié van die Koue Oorlog. Die wêreld was in twee kampe verdeel. Die revolusionêre sosialistiese kamp het teenoor die imperialistiese kamp gestaan in 'n stryd wat universeel van aard was en waarin neutraliteit onmoontlik was. Sjina leun oor na die kant van die Sosialisme en 'n derde pad bestaan nie, het Mau reeds op 30 Junie 1949 verklaar[1].

1 Mao. Selected readings from the works of . . ., p. 376

Dit was dus natuurlik dat Sjina hom by die USSR en die Kommunis= tiese Blok sou skaar. Benewens die ideologiese noodwendigheid was daar ook veiligheidsredes vir so 'n stap. Sjina was op daar= die stadium kwalik in staat om weerstand te bied teen enige aan= slae van buite, en het hom bedreig gevoel van die kant van die VSA, wat tydens die burgeroorlog groot hulp aan Tjiang se magte verleen het.

Hierdie nuwe verhouding sou beslag kry in 'n dertigjarige mili= têre en vriendskapsverdrag wat op 14 Februarie 1950 tussen Sjina en die USSR gesluit is[2]. Benewens militêre hulp sou die Sowjet-Unie ook ekonomiese hulp aan die nuwe Volksrepubliek ver= skaf: 'n lening van $300 miljoen oor 'n tydperk van vyf jaar teen 'n rentekoers van een persent per jaar, asook hulp met die ontginning van grondstowwe en die daarstelling van 'n lugdiens en skeepsboufasiliteite[3]. Hierdie ooreenkoms is tydens 'n be= soek van Kroesjtjof aan Peking in September en Oktober 1954 op= gevolg met 'n ooreenkoms oor meer ekonomiese en tegniese by= stand.

Die wyse waarop die nuwe regering hom aan die Sowjet-Unie ver= bind het, sou die belangrikste bepalende faktor vir die Sjinese buitelandse beleid in die vyftigerjare wees. Vir die eerste keer in die Sjinese geskiedenis het die land op sô 'n noue wyse toegetree tot 'n blok of alliansie met 'n ander staat. Dit sou wel die voordeel vir Sjina inhou dat dit hom versterk en be= skerm, maar daardeur is sy bewegingsvryheid terselfdertyd aan bande gelê.

2 Vir 'n Engelse vertaling van die teks van die verdrag, kyk Lawrance. China's foreign relations since 1949, p. 29-31.

3 Id., p. 15-16.

In hierdie eerste tydperk van sy nuwe buitelandse beleid was die Sjinese regering ook sterk daarop gesteld om sy steun aan kommu=nistiese rebelle, veral in Asië, te bevestig. Die intense revo=lusionêre aard van die Sjinese buitelandse beleid het voort=gespruit uit die Kommuniste se selfvertroue ná hulle eie sukses. In sy rede voor 'n konferensie van Asiatiese en Australiese vak=unies in Peking in November 1949 het die latere Sjinese presi=dent, Liu Sjau-tjie, die belangrikste elemente van die Sjinese strategie bespreek en 'n beroep op die afgevaardigdes gedoen om die Sjinese pad te volg in hulle eie bevryding van kolonialisme[4]. Sjina wou sy eie ondervinding ook ander tot baat laat kom.

Die hulp wat Peking aan revolusies elders gegee het, was egter meer met die woord as met die daad. Konkrete hulp is beperk tot dié aan die stryd in Indosjina. Die eerste prioriteit was nou die vestiging en uitbouing van sy eie mag tuis.

Aan dié passiwiteit het egter 'n einde gekom met die uitbreek van die Koreaanse Oorlog in Junie 1950 en die Sjinese deelname daaraan. Dié oorlog het 'n totaal nuwe situasie geskep, met belangrike konsekwensies vir die Sjinese buitelandse beleid.

In Junie 1950 het Noord-Koreaanse magte met die goedkeuring van die Sowjet-Unie Suid-Korea binnegeval. Die VSA het onmiddelik gereageer en die VVO se steun vir Suid-Korea beding. Ameri=kaanse magte, gesteun deur dié van ander lede van die VVO, is na Korea gestuur. Só goed het dié magte gevaar dat hulle op 7 Oktober 1950 die agt en dertigste breedtegraad oorgesteek het ten spyte van waarskuwings van Sjinese kant. In dieselfde maand het Sjina aan Noord-Koreaanse kant tot die oorlog toegetree, en

4 Van Ness. Revolution and Chinese foreign policy, p. 11.

daarna, tot in 1953 met die uiteindelike wapenstilstand, was dië oorlog die oorheersende aspek van die Sjinese buitelandse beleid.

Dit is duidelik dat daar aan beide Amerikaanse en Sjinese kant 'n grootskaalse misskatting was van wat werklik in die Koreaanse Oorlog op die spel was. Terwyl die VSA die Noord-Koreaanse in= val as 'n bedreiging vir die hele Vrye Wêreld gesien het, het Sjina (miskien nie ten onregte nie) die VVO-magte se nadering van die Yalu-rivier gesien as 'n bedreiging van sy eie gebieds= integriteit. Selfs al sou die resultaat van die oorlog net die val van Noord-Korea wees, sou dit 'n gevaarlike toestand skep, volgens Sjinese siening, omdat Noord-Korea dan nie meer as bufferstaat vir die belangrike en kwesbare Mantsjoerye kon dien nie. 'n Ander beweegrede agter die Sjinese toetrede tot die oor= log was waarskynlik sy nuwe verbintenis met die Sowjet-Unie, wat klaarblyklik ook die krag agter Noord-Korea was.

Vir Sjina het daar voordele en nadele uit sy deelname aan die stryd in Korea gespruit. Die belangrikste voordeel was sekerlik die verhoging in sy prestige deurdat hy in staat was om die VVO-magte te verhoed om Noord-Korea te verslaan. Dit het Sjina ná jare van sukkel gevestig as 'n dinamiese staat in sy eie reg.

Groter egter was die nadele wat die afloop van die stryd vir Peking ingehou het. In die Weste het dit 'n beeld van Sjina as 'n aggressiewe "geel gevaar" geskep. Normale verhoudinge met die Weste (en veral die VSA) is bevries en die toetrede van Sjina tot die wêreldgemeenskap is met byna twee dekades ver= traag. Die beperkinge wat die VSA vroeër op handel met Sjina geplaas het, het 'n totale verbod geword en Sjinese bates in die VSA is bevries. Belangriker egter is die feit dat die oor= log hernude VSA-betrokkenheid by die stryd tussen Kommunistiese

en Nasionalistiese Sjina tot gevolg gehad het. In 1950 het pres. Truman die Amerikaanse Sewende Vloot gestuur om die Straat van Taiwan te neutraliseer, in 1953 het die Amerikaanse regering ge= dreig om die Nasionalistiese magte op Rooi Sjina "los te laat", en in 1954 is 'n veiligheidsverdrag tussen die VSA en Tjiang Kai-sjek se regering onderteken.

Dat Sjina in die tydperk van die Koreaanse Oorlog nog nie veel belang gestel het in bande met nie-kommunistiese state nie, word bewys deur die feit dat hy teen die einde van die oorlog nog net met agt van die veertien lande wat hom teen 1950 erken het, diplomatieke bande aangeknoop het. Daarteenoor het hy reeds voor die oorlog bande gehad met ál die kommunistiese state be= halwe Joego-Slawië[5]. Teen laat-1952 het Peking egter begin met 'n herwaardering van die wêreldsituasie en besef dat 'n nuwe strategie in sy buitelandse beleid nodig is.

Die aspekte van hierdie herwaardering wat tot 'n beleidsverande= ring aanleiding gegee het, was hoofsaaklik vierledig van aard: die feit dat 'n impasse in die Koreaanse oorlog bereik is; daar= mee saam die besef dat die VSA van voorneme was om sy posisie in Asië te handhaaf; die opkoms van sterk nasionalistiese maar nie-kommunistiese regerings in voormalige koloniale gebiede; en die moontlikheid om Sjina se status as 'n Asiatiese moondheid beter uit te buit.

Die nuwe beplande koers het gestalte gekry in 'n beleid van "vreedsame naasbestaan". Nie-amptelike bande is met diverse groepe in verskillende lande aangeknoop om sodoende 'n sogenaam= de "verenigde front" daar te stel. Ten einde die "volksmagte"

5 Barnett. Uncertain passage, p. 250.

in verskillende lande rondom hom saam te trek, het die Sjinese regering minder doktrinêr in sy houding geword. Ná die Koreaanse Oorlog het Sjina ook meer aandag gegee aan die aanknoop van nuwe tussenstaatlike bande. Vanaf 1954 tot 1958 is bande met Joego-Slawië, drie Wes-Europese lande en tien lande in die ontwikkel=lende wêreld aangeknoop[6].

'n Doelbewuste poging is ook in hierdie tydperk aangewend om Sjina se invloed in die onverbonde wêreld uit te brei. Alhoewel Peking nog sy heil gesien het in 'n verenigde Kommunistiese Blok teen die sogenaamde imperialistiese magte, het hy nou begin besef dat die neutrale lande nie noodwendig agterryers van die Weste was nie en dat hy 'n groot slag kon slaan deur dié lande se guns te wen. Ten spyte van die VSA se pogings om hierdie strewe teen te werk, het Sjina winste behaal in Suid-Asië, die Midde-Ooste en Noord-Afrika - almal gebiede waar sy natuurlike belange en invloed beperk was. In die Midde-Ooste het Sjina pro=beer werk deur die Solidariteitsorganisasie vir die Volke van Asië en Afrika (AAPSO) wat in 1957 in Kairo gestig is. Egipte was in 1956 die eerste Midde-Oosterse land wat Sjina erken het. Toe Nassèr in 1958 te anti-kommunisties geraak het, het Sjina sy bande met die revolusionêre magte in Algerië versterk, en dié land het, ná Ben Bella se oorwinning in 1962, die sentrum van Sjinese bedrywigheid in Noord-Afrika geword.

Die groter aansien wat Sjina verwerf het, het veral geblyk uit sy deelname aan die Geneefse konferensie oor Indosjina in 1954. Vir die eerste keer sedert 1949 het Sjina rondom 'n inter=nasionale raadstafel aangesit. Dit was hoofsaaklik vrees vir die oogmerke van Sjina, wat nie self aan die stryd in Indosjina

6 Id., p. 251.

deelgeneem het nie, maar tog groot materiële hulp aan die Kommu= nistiese magte verskaf het, wat tot die konferensie gelei het. Op die konferensie, wat geëindig het met die sluiting van die Geneefse ooreenkomste op 21 Julie 1954, het Sjina ingestem tot die verdeling van Viëtnam by die sewentiende breedtegraad. Vir Peking het die klem geval op die noodsaak om 'n stryd waarby die supermoondhede betrek kan word, te verhoed, en om Viëtnam as 'n bufferstrook te behou.

Die ander groot gebeurtenis in Sjina se internasionale betrokken= heid in 1954 was 'n krisis wat deur homself van stapel gestuur is drie maande nā die Geneefse konferensie: die bombardement van Djienmin (Quemoy) en ander Nasionalistiese eilande in September 1954. Hierdie bombardement was 'n direkte uitvloei= sel van die Kommuniste se begeerte om Taiwan te verower. Omdat die teenwoordigheid van die Amerikaanse Sewende Vloot enige aan= slag op Taiwan verhoed het, het die Kommuniste met die bombarde= ment sodanig probeer druk uitoefen dat 'n breuk tussen die VSA en die Kuomintang-regering sou ontstaan. Toe dit egter duide= lik word dat daar op 'n konfrontasie afgestuur word, is die aan= slag gestaak en het Peking hom beperk tot politieke metodes.

Die vrees vir Sjinese oogmerke in Indosjina en die werklike aan= slag op Djienmin het Sjina se beeld by die VSA en die Weste be= vestig as diē van 'n militante en ekspansionistiese moondheid. Die gevolg hiervan was, benewens die groter antagonisme tussen die VSA en Sjina en groter vrees vir Sjina by sy bure, die tot= standkoming van die Suidoos-Asiatiese Verdragsorganisasie, met die VSA aan die spits, in September 1954 en die sluiting van 'n verdedigingsverdrag tussen Washington en Taipei in Desember van dieselfde jaar. Hiermee is die beleid van "containment" nou

ook teen Sjina gerig. Die VSA het reeds tussen 1951 en 1953 in=dividueel verdrae met Australië, Nieu-Seeland, Japan, Filip=pyne en Suid-Korea gesluit. In SOAVO is die VSA, Brittanje, Frankryk, Australië, Nieu-Seeland, die Filippyne, Thailand en Pakistan nou saamgesnoer.

Aan Sjinese kant is die vrees vir omsirkeling hierdeur en deur die dreigemente van John Foster Dulles, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, versterk. Daar kon geen twyfel wees dat die VSA nog steeds as Sjina se belangrikste vyand beskou moes word nie. Om homself teen dié vyand te versterk, moes nie net die verbond met die Sowjet-Unie behou word nie, maar moes sy eie militêre krag ook nog opgebou word.

Verre daarvan dat die eerste jare van die Sjinese Volksrepubliek stil verloop het en die land sy gang aan die leiband van die Sowjet-Unie gegaan het, was dit nou reeds duidelik dat Sjina vinnig op pad was om sy regmatige plek in die wêreld op te eis. Dat dit in hierdie proses vir hom ten minste net soveel om nasionale as om ideologiese oogmerke gegaan het, was ook baie duidelik.

## 2.2 Die Bandoeng-era, 1954-1957

Teen 1954-1955 was die Sjinese beleid van "vreedsame naas=bestaan" in volle gang, ten spyte van die feit dat Sjina vir die Weste militant eerder as vreedsaam voorgekom het. Met die beleid van 'n "verenigde front" wat hiermee saamgegaan het, het Sjina probeer om uit sy isolasie te breek en terselfdertyd die posisie van die VSA te verswak. Groter pogings is aangewend om Sjina se invloed in die Derde Wêreld uit te brei. Twee belang=rike aspekte van hierdie pogings was die nuwe bande met Indië

en, miskien meer deurslaggewend, die Sjinese deelname aan die Bandoeng-konferensie in 1955.

In Junie 1954 is 'n Sjinees-Indiese ooreenkoms oor Tibet gesluit. Ten grondslag aan hierdie ooreenkoms het die sogenaamde "Panch Shila", oftewel "vyf beginsels van vreedsame naasbestaan", gelê. In 'n gesamentlike verklaring van die Indiese en die Sjinese eerste ministers in Nieu-Delhi op 28 Junie 1954 is dié vyf be= ginsels bevestig:

a. Wedersydse respek vir gebiedsintegriteit en soewereiniteit.
b. Nie-aggressie.
c. Nie-inmenging in mekaar se binnelandse aangeleenthede.
d. Gelykheid en wedersydse voordeel.
e. Vreedsame naasbestaan[7].

In 'n toespraak voor die politieke komitee van die Bandoeng-konferensie op 23 April 1955 het die Sjinese premier, Djou In-lai, dié vyf punte na sewe uitgebrei deur in die plek van d. en e. hierbo die volgende te stel:

d. Erkenning van gelykheid van rasse.
e. Erkenning van gelykheid van alle state.
f. Respek vir die reg van die inwoners van alle lande om vryelik hulle leefwyse en politieke en ekonomiese sisteem te kies.
g. Weerhouding daarvan om mekaar skade te berokken[8].

7 Lawrance, op. cit., p. 160-161.

8 Id., p. 165-167.

Met hierdie beginsels is 'n basis daargestel waarop die Sjinese buitelandse beleid in teorie tot vandag toe nog gevoer word. In sy verslag voor die tiende kongres van die Sjinese Kommunistiese Party in Augustus 1973 het Djou In-lai nog daarna verwys as die basis waarop Sjina se diplomatieke bande uitgebrei word[9].

Die konferensie van onverbonde lande wat gedurende April 1955 in die Indonesiese stad Bandoeng plaasgevind het, was een van Sjina se vroeë oorwinnings in die stryd om die guns van die Derde Wêreld. Die land is op die konferensie verteenwoordig deur premier Djou, en dié het uitmuntend geslaag in sy poging om die rol van versoener, vredemaker en segsman te speel. Asiatiese state wat groot Sjinese bevolkings binne hul grense huisves, is gerus gestel dat Peking nie dié groepe vir ondermyning sou ge=bruik nie. Terselfdertyd het Djou voorgestel dat sy land en die VSA onderhandelinge aanknoop ten einde meer ontspanne ver=houdinge oor Taiwan daar te stel[10].

In die tydperk ná die Bandoeng-konferensie het Sjina hard pro=beer om sy eerbaarheid en verantwoordelikheid as 'n grootmoond=heid te bevestig. Sy bereidheid tot vriendskaplike verhoudinge met nie-kommunistiese state is opnuut bevestig, en om die on=gerustes gerus te stel, het Djou in Julie 1954 verklaar: "Revolusie kan nie uitgevoer word nie."[11] Neutralisme is voor=gestaan, en die land se vriendskap met Indië het 'n hoë priori=teit geword. In Genève (later Warschau) het die samesprekings op ambassadeursvlak tussen Sjina en die VSA begin, 'n voort=

9 Communist Party of China. The tenth national congress of the . . . (documents), p. 9.

10 Barnett, op. cit., p. 254.

11. Ibid. (My vertaling).

setting van die samesprekings wat in 1954 tussen die twee state plaasgevind het oor die kwessie van krygsgevangenes uit die Koreaanse Oorlog.

Alhoewel die konkrete resultate van die Bandoeng-era nie groot was nie, was dit nie onbeduidend nie: Sjina se buitelandse be=trekkinge en sy buitelandse handel het aansienlik uitgebrei en die land het vir die eerste keer hulp aan nie-kommunistiese state verskaf. As daar voortgegaan is met die tendens wat in hierdie tydperk begin het, kon veel bereik gewees het. Dit, helaas, was nie die geval nie.

## 2.3 Hernude militantheid, 1957-1962

Teen die tweede helfte van 1957 was dit duidelik dat Sjina besig was om sy gematigde beleid te laat vaar en terug te keer na 'n militante revolusionêre houding. In 'n toespraak wat Mau op 18 November 1957 in Moskou gehou het, is uitdrukking gegee aan hierdie nuwe houding[12]. Die oostewind (Kommunisme), het Mau gesê, is besig om die oorhand te kry oor die westewind ("imperialisme", die Weste). Hy het gevra vir groter militant=heid deur die Kommunistiese Wêreld teenoor die "imperialiste".

Wat was die oorsaak van dié nuwe radikale houding? Barnett noem drie moontlikhede[13].

Die eerste het te doen met die noue verwantskap wat daar be=staan tussen die Sjinese binnelandse en buitelandse beleid. Die Bandoeng-periode het saamgeval met die laaste jare van die

12 Vir aanhalings uit dié toespraak, kyk Lawrance, op.cit., p. 74-75.

13 Barnett, op. cit., p. 255-256.

eerste vyfjaarplan, wat heel pragmaties gemik was op die behaal van vinnige konkrete ekonomiese resultate binnelands. Dit was ook die tydperk van die "Laat 'n honderd blomme bloei"-veldtog, gemik op groter spraakvryheid, wat in Mei 1956 begin het en in Mei-Junie 1957 sy hoogtepunt bereik het. Die vyfjaarplan het egter nie in alle opsigte aan die verwagtinge voldoen nie en daar is begin met 'n nuwe binnelandse beleid, nie meer heel= temal op die Sowjet-model geskoei nie, wat sou uitloop op die eerste kommunes in Julie 1958 en die sogenaamde "Groot Sprong Voorwaarts", wat in Februarie 1958 aangekondig is. Die nuwe binnelandse beleid het ingehou 'n terugkeer na revolusionêre waardes, en die hernude militante buitelandse beleid het daar= mee saamgehang.

'n Tweede rede was Mau se herwaardering van die wêreldsituasie. In November 1957 was hy in Moskou vir die veertigste verjaar= dag van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie. Kort te= vore, in Augustus en Oktober 1957 onderskeidelik, is die eerste Russiese interkontinentale ballistiese missiel en die eerste Spoetnik gelanseer. Volgens Mau se siening was dit 'n keerpunt in die magsverhoudinge in die wêreld en was die situasie nou ten minste sielkundig voordelig vir die Kommuniste. Laasge= noemde moes hierdie situasie uitbuit en groter druk op die Weste uitoefen. (Mau het egter reeds begin twyfel of dit onder Moskou se leierskap kon gebeur, veral ná die destalinisasie-veldtog van 1956 en die moeilikhede in die Sowjet-Unie se Oos-Europese satelliete in dieselfde jaar.)

Die derde rede was die Sjinese regering se ongeduld met die min vordering wat Sjina in die wêreld kon maak. Ten spyte van die winste wat hy in die Bandoeng-periode behaal het, het Sjina nog relatief geïsoleerd gestaan. Ten spyte van die begin van die

samesprekings met die VSA in 1955, kon daar nog geen kraak gemaak word in dië se ongenaakbare houding nie. Die "bevryding" van Taiwan was nog niks nader nie en die VSA was inderdaad besig om sy invloed in Suidoos-Asië uit te brei. Daarby is Sjina nog steeds van volle deelname aan die internasionale gemeenskap uit=gesluit.

Sjina het sy nuwe militante houding op 'n verskeidenheid wyses gemanifesteer. In 1958 het hy 'n sterk aanval gedoen op Joego-Slawië se "revisionisme". Met die VSA se ingrype in Libanon, ook in 1958, het Peking 'n beroep op Moskou gedoen om sterk op te tree. In Viëtnam en Laos is hulp aan die Kommunistiese mag=te onverpoosd voortgesit. Alhoewel Sjina nêrens direk ingemeng het nie, was sy nuwe houding nie bevorderlik vir die gees van die Bandoeng-era nie. Uiteindelik het dit Sjina ook op slegter voet met die VSA, Japan, Indië en die Sowjet-Unie geplaas.

In 1958 het die regering in Peking probeer om druk op die Kishi-regering van Japan uit te oefen ten einde die uitslag van die verkiesings in daardie land te beïnvloed en Japan sy bande met die VSA te laat losmaak. Dit was egter gou duidelik dat dië druk, wat onder andere die verbreking van handelsbande met Japan ingesluit het, niks gehelp het nie; maar dit was eers ná die hernuwing van die Amerikaans-Japannese veiligheidsverdrag in 1960 en die breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie dat Peking sy beleid teenoor Tokio in heroorweging geneem het.

Ook Taiwan het die nuwe militantheid gevoel. In Augustus 1958 het die Kommuniste weer met 'n bombardement van Djienmin begin. Weer eens was die doel nie 'n grootskaalse militêre oorname nie, maar die skep van spanning. Weer eens is niks meer bereik as

die bevestiging van die VSA se siening van Sjina as basies aggressief nie.

Sjina se verslegtende verhoudinge met Indië het eweneens sy nuwe houding geïllustreer. Die verslegting het begin met die opstand van 1959 in Tibet. Duisende Tibetane, insluitende die Dalai Lama, het na Indië gevlug. Beskuldigings het oor en weer tussen Sjina en Indië gevlieg en die toestand is verder versleg deur grensbotsings tussen die twee state in Augustus 1959. Dié ge=beure het die einde beteken van Sjina se beleid om via Indië die guns van die onverbonde lande te wen. Intussen het die grensspanninge tussen Sjina en Indië gegroei en in 1962 selfs op oorlog uitgeloop. Vanaf 1959 het Sjina die politieke druk op Indië volgehou. Hy het Pakistan se guns gewen, militêre en ekonomiese hulp aan dié land verskaf en hom later in die oor=loë teen Indië oor Kasjmir in 1965 en oor Oos-Pakistan (Bang=ladesj) in 1971 gesteun. Direk het Sjina egter nie in Suid-Asië ingemeng nie.

Die neiging na groter militantheid in die laat-vyftigerjare het in skerp kontras gestaan met die sukses wat Sjina veral vanaf 1954 met sy buitelandse beleid behaal het. Dit wou voorkom of daar 'n terugkeer na die ongenaakbaarheid van die eerste jare van die Volksrepubliek was. In een belangrike opsig het die omstandighede egter verskil: Sjina was nou nie meer 'n blote satelliet van die Sowjet-Unie nie, maar het al meer onafhanklik begin optree. 'n Skeiding van die weë was op hande.

## 2.4 Die breuk met die Sowjet-Unie

Sekerlik die mees dramatiese en saakmakende gebeurtenis in die buitelandse beleid van die Sjinese Volksrepubliek was die breuk wat teen die einde van die vyftigerjare en die begin van die sestigerjare tussen dié land en sy groot broer, die Sowjet-Unie, ontstaan het. Die breuk het Sjina nie alleen materieel skade berokken nie, maar dit het ook 'n radikale aanpassing in die Sjinese siening van die wêreld en in sy buitelandse beleid genoodsaak.

Wat het die breuk veroorsaak? Heel in die algemeen kan gesê word dat die redes daarvoor gesoek moet word in historiese, geopolitiese en ideologiese faktore wat té diepliggend was om ongedaan gemaak te word deur die bande wat vanaf 1949 tussen twee kommunistiese state bestaan het.

Tekens van ideologiese verskille en wedersydse agterdog tussen die twee Kommunistiese Partye was reeds vanaf die twintigerjare sigbaar. Daarby kom dat die Sjinese Kommunistiese Party nie vóór 1949 werklik groot hulp van die USSR ontvang het nie. In werklikheid het laasgenoemde dwarsdeur die Sjinese burgeroorlog diplomatieke hulp aan Tjiang Kai-sjek se Kuomintang-regering verskaf en selfs in 1945 'n vriendskapsverdrag met dié regering gesluit, 'n wyse van optrede wat geloofwaardigheid verleen aan die siening dat die Kremlin vroeg reeds die bewindsoorname en selfstandigheid van Mau en sy makkers gevrees het.

Ook ná 1949 was daar verskille tussen Peking en Moskou. Die Koreaanse Oorlog, waarin die Sjinese die spit moes afbyt in 'n stryd wat deur die Sowjet-Unie aangeblaas is, het spanning ge=bring. Met Kroesjtjof en Boelganin se besoek aan Peking in

Oktober en November 1954 was dit duidelik dat die Sjinese nie meer bereid was om ongekwalifiseerd onderhorig te wees nie, en het hulle lastige eise gestel oor grense, die hawens Port Arthur en Dairen, en die onafhanklikheid van Mongolië[14].

Die begin van die breuk dateer, volgens Sjinese siening, uit 1956, die jaar waarin Kroesjtjof (in sy toespraak voor die twin= tigste partykongres in Februarie) met die destalinisasie-veld= tog begin het. Hierdie klaarblyklike wegbeweeg van ou waardes, tesame met die moeilikhede in Oos-Europa in daardie selfde jaar, het ernstige bedenkinge by Sjina laat opkom oor die Sowjet-Unie se leierskap van die Kommunistiese Wêreld.

Die gevolg van die Sjinese se kwynende vertroue in die Sowjet-Unie was dat Peking al meer sy eie onafhanklike siening van sake na vore gestoot het en daadwerklik begin het om te strewe na 'n leiersrol vir homself in die Kommunistiese Wêreld. Die ideologiese debat wat gevolg het, het oor baie sake gegaan: die aard van imperialisme; die onvermydelikheid al dan nie van oorlog; die aard van "vreedsame naasbestaan"; die moont= likheid en wenslikheid van die gebruik van gewelddadige revolu= sionêre metodes; ontwapening en détente. Telkens was dit Sjina wat 'n meer revolusionêre en militante houding ingeneem het en die Sowjet-Unie beskuldig het van afwykings en "revisio= nisme".

'n Belangrike oorsaak van die geskil en uiteindelike breuk was die basiese verskil in Mau en Kroesjtjof se siening van kern= wapens. Kroesjtjof, as die leier van 'n kernmoondheid en be= wus van die verwoesting wat 'n kernoorlog kan meebring, het

14 Fabritzek. Die Aussenpolitik der Volksrepublik China,p. 61.

homself gedwing gevoel tot dêtente met die VSA. Mau, daarenteen, was die leier van 'n land wat nog nie kernwapens gehad het nie en dit nie voor 1964 sou kry nie. Hy was bang dat dêtente Sjina se belange sou skaad en die klimaat vir revolusie sou laat skade ly. Daarby was die klaarblyklike sorgeloosheid wat uit sy toe=spraak van 18 November 1957 gespreek het oor die gevolge van 'n kernoorlog[15], nie bevorderlik vir ooreenstemming tussen hom en Kroesjtjof nie.

Dit was onvermydelik dat die groeiende breuk nie net by ideo=logiese sake sou bly nie, maar dat dit ook 'n invloed sou hê op die Sowjet-Unie se hulpverlening aan Sjina. Reeds met die krisis ná die bombardement van Djienmin in 1958 was dit duide=lik dat die Sjinese nie meer vanselfsprekend op Sowjet-hulp kon staatmaak nie. Moskou was wel bereid om beskerming te verleen teen 'n moontlike teenaanval deur die VSA, maar was nie bereid om enige positiewe steun aan die Sjinese te gee nie. Ook met die Sjinees-Indiese grenskrisisse van 1959 en 1962 het die Sowjet-Unie eerder die kant van Indië, aan wie hy sedert die middel-vyftigerjare al hulp verleen het, as dié van Sjina ge=kies. (Moskou het in Oktober 1962 wel lippediens bewys aan die noodsaak van beter bande met Sjina en o.a. op 25 Oktober 'n hoofartikel wat simpatiek gestaan het teenoor Sjinese aansprake in die stryd met Indië laat verskyn, maar dié optrede was oog=lopend meer gemik op moontlike Sjinese steun in die Kubaanse missielkrisis as op werklike beter bande.)

Ook materiële hulpverlening aan Sjina het gely. In Junie 1959 het die Sowjet-Unie die ooreenkoms wat hy in Oktober 1957 met

15 Kyk Lawrance, op. cit., p. 74-75.

die Sjinese aangegaan het oor die verskaffing van kernwapens en -kundigheid, opgesê en dit aan die Sjinese oorgelaat om self verder te gaan daarmee. Waarskynlik was dit Mau se uitsprake oor die gebruik van kernwapens, sowel as Sjinese onwilligheid om hom te onderwerp aan Sowjet-beheer oor sy kernaktiwiteite, wat Moskou dié besluit laat neem het. Die opsegging van die ooreenkoms het gevolg op die besluit wat reeds in 1957 geneem is om nie langer langtermyn-ekonomiese hulp aan Sjina te ver= skaf nie. In Augustus 1960 is 'n hoogtepunt in dié verband bereik met die onttrekking van Sowjet-tegnici aan Sjina.

Alle pogings om die breuk tussen die twee Kommunistiese reuse te heel, was vrugteloos. Vergaderings van Kommunistiese partye in Boekarest en in Moskou in onderskeidelik Junie en November 1960 kon geen kompromis bewerkstellig nie. Die finale breek= punt is in 1963 bereik met die ooreenkoms oor 'n beperkte kern= wapenverbod tussen die Sowjet-Unie en die VSA, 'n ooreenkoms waarteen Sjina fel gekant was en wat finaal die "revisionisme" van die heersers in die Kremlin bewys het. Van nou af sou openlike vyandskap aan die orde van die dag wees en dit sou uiting vind in 'n openlike ideologiese debat en 'n felle stryd om die guns en steun van die Kommunistiese sowel as die Derde Wêreld.

Noodwendig moes die Sjinese siening van die wêreld nou verander word. Sjina was nou nie meer deel van een groot blok wat teen die ander stryd voer nie, maar was as't ware tussen die twee vasgevang. Die wêreld moes nou gesien word in terme van 'n "kapitalistiese imperialisme" onder leiding van die VSA en 'n "sosialistiese imperialisme" onder leiding van die Sowjet-Unie wat afwisselend saamgewerk het én mekaar bestry het.

Daarbenewens het die Sowjet-Unie nou begin om die VSA te vervang as Sjina se belangrikste vyand. Enersyds was daar die onder=mynende revisionistiese invloed van die Sowjet-Unie wat 'n na=delige uitwerking kon hê op die Sjinese samelewing en die Sji=nese revolusie kon ondermyn. Andersyds, meer konkreet, was daar die direkte militêre bedreiging van die kant van Moskou, wat veral in die tweede helfte van die sestigerjare begin vorm aan=neem het. Wedersydse beskuldigings en aansprake het gelei tot 'n militêre magsopbou deur die Sowjet-Unie op die Sjinese grens. In Maart 1969 het dit werklik gekom tot botsings tussen Russiese en Sjinese magte oor die Ussuri-rivier. Dié uitbarstings is wel besweer, maar die agterdog en vyandskap was groter as ooit. Die Sowjet-Unie se Bresjnef-doktrine van kollektiewe verantwoorde=likheid, waarvolgens sosialistiese lande die plig (en reg) het om 'n land waar Sosialisme bedreig word, te hulp te kom (uit=gevaardig as 'n regverdiging vir die inval in Tsjeggo-Slowakye), het niks daartoe bygedra om Sjina vertroue in sy eertydse makkers te gee nie.

Die skeiding van die weë tussen Peking en Moskou het velerlei gevolge gehad. Sjina het nou groter klem gelê op sy eie onaf=hanklikheid en selfvoorsienendheid. Nooit weer moes Sjina af=hanklik raak van 'n ander land nie. Terselfdertyd het dit ook aanleiding gegee tot 'n groter diversifikasie in Sjina se be=leid teenoor die buitewêreld, 'n wegbeweeg van die militante houding wat vanaf 1957 ingeslaan is, en 'n hernude buigsaamheid en pragmatisme. In die derde plek het dit aanleiding gegee tot steeds sterker pogings deur Peking om homself voor te hou as dié ortodokse vertolker van die Marxisme-Leninisme, en om 'n leiersrol te verwerf in 'n steeds meer polisentriese Oosblok. Sy sukses met hierdie laaste oogmerk sou egter beperk wees.

## 2.5 Sjina alleen, 1962-1965

'n Belangrike aspek van die era nå die breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie, toe eergenoemde sy pad alleen moes loop, is die wyse waarop die land hom van die Kommunistiese Wêreld, waar sy vooruitsigte op sukses beperk was, afgewend het en hom opnuut tot die Derde Wêreld gekeer het. Dié neiging was 'n logiese opvolging van die sukses wat Sjina in die Bandoeng-era behaal het. Hierdie keer sou die toenadering nie op die basis van vreedsame naasbestaan geskied nie, maar wel op dié van 'n gemeen= skaplike militante anti-imperialisme[16].

Met sekere lande van die Derde Wêreld het Sjina reeds in die vyftigerjare bande aangeknoop. Die vrywording van Afrika aan die einde van daardie dekade het tewens 'n ryk veld vir Sjina se invloedsuitbreiding gebied. Van die negentien lande waarmee Sjina tussen 1959 en 1964 diplomatieke betrekkinge aangegaan het, was vyftien van Afrika[17]. Daarby het Sjina ook begin om ekono= miese hulp aan sekere Afrika-state te verleen. 'n Aanduiding van die groei van Sjinese ekonomiese betrokkenheid by die Derde Wêreld is die feit dat, terwyl die land in die tydperk tussen 1956 en 1959 gemiddeld $30 miljoen in hulp aan sewe lande, waar= van slegs die Verenigde Arabiese Republiek en Jemen buite Asië geleë was, gegee het, hy nå 1960 gemiddeld $125 miljoen per jaar aan een en twintig lande van die Derde Wêreld gegee het[18].

16 Van Ness, op. cit., p. 15.

17 Barnett, op. cit., p. 265. 'n Baie goeie oorsig oor die groei van Sjinese bande met Afrika is hoofstukke 2 en 3 van Larkin. China and Africa 1949-1970, p. 15-88.

18 Lawrance, op. cit., p. 152.

Sjina se groot aanspraak in Afrika was sy poging om 'n anti-kolonialistiese en anti-imperialistiese front tot stand te bring - gemik teen die supermoondhede, die oorblywende kolo=niale moondhede en die blankbeheerde regerings van Suidelike Afrika. In hierdie poging was Sjina tê ywerig, met die gevolg dat vier Afrika-state in 1965-1966 hul bande met Sjina verbreek het a.g.v. laasgenoemde se ondermynende optrede[19].

Sô belangrik het Sjina Afrika in dié tydperk geag dat Djou In-lai self vanaf Desember 1963 tot Februarie 1964 'n besoek aan 'n aantal Afrika-state gebring het. In 'n toespraak in die Somaliese hoofstad Mogadisjoe op 3 Februarie 1964 het Djou die sogenaamde "Agt beginsels vir ekonomiese hulp" neergelê. Groot klem is hierin op selfwerksaamheid gelê, en projekte wat klein beleggings vereis en vinnige resultate lewer, is aangemoedig[20]. Dit was tydens hierdie selfde toespraak dat Djou sy berugte uitspraak dat die revolusionêre vooruitsigte in Afrika uit=stekend is, gemaak het[21].

In Latyns-Amerika was Sjinese optrede minder geslaagd. Betrek=kinge is wel in 1960 met Castro se Kuba aangeknoop, maar die twee state het op die ou end eerder konkurrente as bondgenote geblyk te wees. Dit was slegs 'n aantal revolusionêre splinter=groepe in dié kontinent wat hulle op Sjina verlaat het. In 1966 is die Solidariteitsorganisasie vir die Bevolkings van Asië, Afrika en Latyns-Amerika (AALAPSO) onder Sowjet-invloed in Kuba gestig. Met die hulp van ondersteuners kon Sjina darem daarin

19 Barnett, op. cit., p. 266.

20 Kyk Lawrance, op. cit., p. 171-174 vir die agt beginsels en vir uittreksels uit die toespraak.

21 Barnett, op. cit., p. 266.

slaag om AAPSO, wat nog onder Sjinese invloed gestaan het[22], nie daarin te laat opgaan nie.

In Suid-Asië het Sjina voortgegaan met sy strategie wat gemik was op die isolasie en verswakking van Indië deur middel van die bande wat hy met veral Pakistan maar ook ander bure van Indië aangeknoop het. In hierdie beleid was Sjina redelik suksesvol, en dit het tot 1971, met die afskeiding van Bangladesj en die gevolglike verswakking van Pakistan, geduur voordat Indië hom weer as oorheersend in die Indiese subkontinent kon vestig.

In die res van Asië het Sjina geen homogene beleid gevolg nie. In Indosjina is voortgesette steun aan Noord-Viëtnam, die Viët=kong en die Pathet Lao gegee. Teenoor nie-kommunistiese lande was Sjina nou meer tegemoetkomend en goeie betrekkinge met veral Kambodja en Birma is bevorder. Sjina se groot hoop vir die daarstelling van 'n verenigde anti-imperialistiese front was in Asië egter gerig op Indonesië, waar die Kommunistiese Party sterk groei getoon het, en waar pres. Soekarno, wat al meer na links geneig het, om sy eie redes gretig was om met Sjina saam te werk. Indonesië het selfs so ver gegaan om hom aan die VVO te onttrek en saam met Sjina te poog om 'n konkurrent vir dié wêreldliggaam daar te stel; maar dié poging was nie geslaagd nie.

Dit was egter nie net in die rigting van die Derde Wêreld wat Sjina groter belangstelling getoon het nie. Sy groter buigsaam=heid het ook uiting gevind in die uitbreiding van sy betrekkinge, veral op handelsgebied, met Japan en die Weste. Ekonomiese oor=wegings was veral die rede hiervoor. Ná die breuk met die

22 Kyk p. 14.

Sowjet-Unie het Sjina 'n behoefte gehad aan kapitaal, industriële goedere en tegniese kundigheid. Dié kon hy vanaf Japan en Wes-Europa verkry. Daarby het die mislukking van die kommunes en die Groot Sprong Voorwaarts, sowel as die ongunstige weers=omstandighede van die vroeë-sestigerjare 'n behoefte aan voedsel vir die menigtes geskep, en hierin kon lande soos Kanada en Australië voorsien. Die gevolg is dat daar 'n ommekeer in Sjina se handelsverhoudinge met die buitewêreld plaasgevind het. Waar die USSR vóór die breuk verantwoordelik was vir driekwart van Sjina se buitelandse handel en die Weste vir 'n kwart, was die omgekeerde nou die geval.

Die nuwe houding teenoor die Weste het ook voortgekom uit 'n meer gesofistikeerde siening van politieke verhoudinge in die wêreld. Waar die wêreld vroeër net gesien is as verdeel in 'n Kommunistiese en 'n Westerse Wêreld, met die Derde Wêreld in die middel, is dié siening vanaf 1964 gewysig om die Derde Wêreld te sien as bestaande uit twee komponente:

- 'n Eerste intermediêre sone, bestaande uit die ontwikkelende en onderontwikkelde lande, waarvoor die Sjinese revolusie as model moet dien.

- 'n Tweede intermediêre sone, bestaande uit die kapitalistiese lande van Wes-Europa en elders (maar die VSA uitgesluit), met die tweede Paryse kommune van 1871 as model[23].

Hierdie twee intermediêre sones moes volgens die Sjinese siening saamwerk om oorheersing deur enigeen van die twee supermoondhede

23 Lawrance, op. cit., p. 180-181.

te voorkom. Dit was bloot natuurlik dat hierdie siening sou saamhang met en as resultaat sou hê die aanknoop van betrekkinge met Frankryk, wat laat blyk het dat hy nie tevrede was met Ameri=kaanse oorheersing van die Weste nie. In Januarie 1964 is diplo=matieke bande tussen Sjina en Frankryk gesluit.

Dat Sjina groeiende sukses met hierdie meer buigsame beleid van hom behaal het, blyk uit die feit dat daar in 1965 net soveel stemme ten gunste van die toelating van Sjina tot die VVO was as daarteen.

Sjina se nuwe statuur op die wêreldtoneel het hy onder andere te danke gehad aan die feit dat hy in Oktober 1964, 'n paar dae nà die val van Kroesjtjof, sy eerste atoombom laat ontplof het, en dit, ironies genoeg, ten spyte van Mau se befaamde stelling van die veertigerjare oor die atoombom wat 'n papiertier is[24].

Ten spyte van sy toetrede tot die geledere van die kernmoondhede het Sjina hom steeds beywer vir 'n omvattende ooreenkoms om kernwapens te verbied en bestaande voorrade te vernietig. Reeds in 1962 het die Sjinese minister van buitelandse sake, Tjên Ie, verklaar dat Sjina nooit die eerste sal wees om kernwapens te gebruik nie[25], en hierdie standpunt is bevestig deur 'n latere

24 "The atom bomb is a paper tiger which the U.S. reactiona=ries use to scare people. It looks terrible, but in fact it isn't. Of course, the atom bomb is a weapon of mass slaughter, but the outcome of a war is decided by the people, not by one or two new types of weapon."
Mao. Selected readings from the works of . . ., p. 349.

25 Lawrance, op. cit., p. 5.

minister van buitelandse sake, Tjiau Ghwan-gwa, in 'n toespraak voor die Algemene Vergadering van die VVO op 15 November 1971[26].

Teen die middel van die sestigerjare het Sjina, sy breuk met Sowjet-Unie ten spyt, klaarblyklik sterker as ooit tevore ge= staan. Enkele mislukte avonture uitgesonderd was die koers van sy buitelandse beleid ongetwyfeld in die rigting van normali= sasie.

## 2.6 Isolasie, 1966-1969

Die beleid van groter openheid teenoor die buitewêreld sou nie lank duur nie. Teen 1965 was daar besliste tekens van 'n nuwe inwaartsgekeerdheid by Peking te bespeur.

In daardie jaar het Lien Biau se befaamde essay met die titel "Lank lewe die oorwinning van Volksoorlog!" verskyn. Oënskyn= lik het dit 'n bevestiging bevat van die Sjinese geloof in revolusie en in die toepaslikheid van Sjinese ervaring vir die eerste intermediêre sone. Lien het egter ook benadruk dat nie op hulp van buite staatgemaak moet word vir revolusies nie, en volgens Barnett[27] was dit eerder 'n voorspel tot Peking se komende isolasie as 'n teken van meer aktiewe steun aan revolu= sies.

Ander aanleidinge tot die inkeer was die terugslae wat Sjina ge= tref het met die mislukking van die Sjinees-gesteunde gepoogde Kommunistiese staatsgreep in Indonesië in Oktober 1965 en die val van Nkrumah van Ghana tydens sy besoek aan Peking in Maart

26 Id., p. 216-219.

27 Barnett, op. cit., p. 270.

1966, die mislukking van die beoogde tweede Afro-Asiatiese kon= ferensie in Algiers in Junie 1965 (onder andere as gevolg van die wyse waarop Peking die saak aangepak het), en die opvlam van die oorlog in Indosjina, wat van Sjina geverg het om meer aandag te gee aan die moontlike bedreiging teen sy eie grense.

Die belangrikste rede vir die terugtrekking is egter ongetwyfeld geleë in die sogenaamde Groot Proletariese Kulturele Revolusie wat in 1966 in al sy felheid in Sjina losgebars het as 'n poging van Mao om sy eie gesag weer stewig te vestig en Sjina te suiwer van enige revisionistiese elemente. Dié "revolusie" het 'n ver= lammende invloed op die departement van buitelandse sake, soos op ander staatsdepartemente, gehad. Die sogenaamde "Rooi Wagte" het die departement oorgeneem en gesorg dat die versigtige be= trekkinge wat Sjina met byvoorbeeld Birma gekweek het, vernietig word. Alle Sjinese ambassadeurs, behalwe Gwang Gwa in Kairo, is teruggeroep[28].

Sjinese bande met die buitewêreld is tot die minimum beperk. Hulp is aan die Kommunistiese magte in Indosjina verleen, asook aan Pakistan en in Afrika aan Tanzanië en Zambië, waar Sjina in September 1967 toegestem het om die Tanzam-spoorlyn te bou.

Die uitwasse tydens die Groot Proletariese Kulturele Revolusie kon nie anders as om 'n beeld te skep van 'n Sjina wat ekstreem ideologies en revolusionêr ingestel is en sy heil eerder in afskeiding van die buitewêreld soek nie. Dié effek sou egter net tydelik wees.

28 Volgens Fabritzek, op. cit., p. 66 is die ambassadeur in Albanië ook nie teruggeroep nie.

## 2.7 Hertoetrede tot die wêreldgemeenskap, 1969-1972

Verbasend genoeg was die nadelige gevolge van die Kulturele Revolusie beperk. Met die negende partykongres in April 1969 was die binnelandse toestand weer normaal en binne enkele jare kon Sjina ook 'n radikale ommeswaai in sy internasionale posisie teweegbring.

Die rede hiervoor het gelê beide in Sjina se eie houding en in 'n veranderde gesindheid by die res van die wêreld. Laasgenoemde, onder leiding van die VSA, wat geen rede meer gesien het om voort te gaan met sy onversoenbare houding teenoor Sjina nie, was eer= der bereid om die land in as uit te sluit van die internasionale verkeer. Sjina, wat vir die soveelste keer 'n meer pragmatiese houding ingeneem het, het dus 'n gunstige en ontvanklike houding by die res van die wêreld gevind.

Geen duidelik gekoördineerde strategie is gevolg vir die norma= lisering van Sjina se internasionale betrekkinge nie. Ambassa= deurs het na die buiteland teruggekeer, Sjina het normale prose= dures vir verkeer met die buitewêreld hervat en buitelandse be= leid was klaarblyklik weer in die hande van professionele mense.

Teen die begin van die sewentigerjare het die nuwe beleid begin momentum kry, veral in die vorm van al meer diplomatieke betrek= kinge met nie-kommunistiese state. Die aanknoop van diploma= tieke betrekkinge met Kanada in Oktober 1970 was 'n keerpunt in dié sin dat Sjina die toegewing gemaak het dat Kanada nie sy aanspraak op Taiwan openlik hoef te erken het nie, maar net

daarvan kennis moes neem[29]. Teen 1971 het die Sjinese Volks=republiek diplomatieke bande met 60 lande gehad; teen die mid=del van 1972 het dit aangegroei tot meer as 70, en teen Januarie 1973 was dit 85 [30]. Die hoogtepunt van Sjina se terugkeer na die wêreldtoneel was sy toelating as lid van die VVO in die plek van Nasionalistiese Sjina in Oktober 1971. Daarmee het Sjina ook 'n meer positiewe houding teenoor die VVO, wat voortaan as 'n handige platform sou dien, ingeneem.

Die mees dramatiese ommeswaai in die Sjinese beleid, met impli=kasies nie veel kleiner as dié van die breuk met die Sowjet-Unie nie, was die nuwe verhouding met die VSA, wat dramaties sy beslag gekry het met die besoek van pres. Nixon aan Peking in Februarie 1972, voorafgegaan deur die besoek van dr. Henry Kissinger in Julie 1971. Hierdeur is 'n nuwe era van mags=verhoudinge in Asië en in die wêreld ingelui.

Wat was die redes vir die veranderde Sjinese houding teenoor die VSA? In die eerste en waarskynlik die belangrikste plek staan daar die Sjinese geloof dat die Sowjet-Unie, eerder as die VSA, nou sy grootste vyand was. Die Sjinese vrees vir 'n aanval deur die Sowjet-Unie ná die grenskrisisse van 1968-1969, sowel as die vyandskap wat gaande gemaak is deur die Sowjet-

29 Die tersaaklike gedeelte in die Sjinees-Kanadese communique het gelui: "The Chinese Government reaffirms that Taiwan is an inalienable part of the territory of the People's Re=public of China. The Canadian government takes note of this position of the Chinese government". Met die uitruil van ambassadeurs tussen Brittanje en Sjina in Maart 1972 moes Brittanje erken dat die Sjinese regering "the sole legal government of China" is.

Lawrance, op. cit., p. 4.

30 Barnett, op. cit., p. 273.

Indiese Vriendskapsverdrag van Augustus 1971 en die Sowjet-Unie se hulp aan Indië in die oorlog oor Bangladesj, het Sjina sy heil ter teëhouding van Moskou in bande met Washington laat sien. Daarby het gekom die groter toeskietlikheid aan die kant van die VSA, die verslapping van Amerikaanse beperkinge op Sjina, die verwydering van vlootpatrollies uit die Straat van Taiwan, en die veranderde Amerikaanse houding teenoor Asië, soos vervat in die Nixon-doktrine van 1969, met sy belofte van geleidelike mili= têre onttrekking uit dié kontinent. 'n Derde faktor was die dui= delike opkoms van Japan as 'n ekonomiese en potensiële politieke reus in Asië, veral ná die tekens in 1969 dat die VSA Japan wou betrek by veiligheidsverantwoordelikhede m.b.t. Korea en Taiwan. Deur 'n meer tegemoetkomende houding teenoor Japan het Sjina gehoop om die militarisasie van dié land teen te werk.

Met die Shanghai-communique van pres. Nixon en premier Djou is die grondslag gelê vir nuwe verhoudinge tussen die VSA en Sjina. Die ontwikkeling van direkte handels- en kulturele bande, ver= beterde diplomatieke kontak en die uiteindelike normalisering van betrekkinge is in die vooruitsig gestel[31]. Taiwan het egter die groot struikelblok in die pad van volledig genormaliseerde betrekkinge geblyk te wees. Alhoewel beide kante toegewings gemaak het, het die verskil in siening bly staan.

Die Nixon-besoek se reperkussies het wyer uitgekring as net die verhouding tussen Sjina en die VSA. Dit het ook 'n besliste invloed op verhoudinge tussen Sjina en Japan uitgeoefen. In beide Peking en Tokio het dit nuwe momentum gegee aan die be= weging in die rigting van beter betrekkinge. Ná die oorname

31 Vir die teks van die communique, kyk Lawrance, op. cit., p. 219-222.

van die premierskap in Japan deur Kakuei Tanaka was dit net 'n kwessie van tyd voordat diplomatieke betrekkinge in September 1972 werklikheid geword het. Terselfdertyd het Japan sy diplo= matieke bande met Taiwan verbreek, alhoewel handelsbande behoue gebly het.

Die Sowjet-Unie moes noodwendig reageer op Sjina se beter be= trekkinge met die VSA en Japan en poog om sy eie betrekkinge met dié twee state te verbeter. Nog in 1972 het sy minister van buitelandse sake, mnr. Gromiko, 'n besoek aan Tokio gebring vir die bespreking van 'n moontlike vredesooreenkoms en die moontlikheid van ekonomiese samewerking in Siberië. Later in 1972 het 'n Amerikaans-Russiese spitsberaad in Moskou plaas= gevind.

Sjina se nuwe betrekkinge met Japan en die VSA het sy bande met ander state in Asië ook ten goede gekom. Veral in Suidoos-Asië, by die lidstate van die Assosiasie van Suidoos-Asiatiese Volke (ASEAN), het dit as inspirasie gedien vir 'n nuwe houding teen= oor Sjina. Maleisië, Thailand sowel as die Filippyne het reeds betrekkinge met Sjina aangeknoop.

## 2.8 Sjinese buitelandse beleid vandag - die Drie Wêrelde

Dit is nie moontlik om op hierdie stadium reeds 'n finale woord te probeer spreek oor die omvang van Sjina se genormaliseerde betrekkinge met die buitewêreld en oor die waarskynlike verloop van die land se buitelandse betrekkinge en beleid in die vol= gende dekades nie. Ook lyk dit nog te vroeg om rekenskap te probeer gee van die effek wat die dood van Mau Dzih-doeng op 9 September 1976 op Sjina se binne- en buitelandse beleid sal hê.

Een ding lyk seker, en dit is dat die Sowjet-Unie stewig geves= tig staan as Sjina se belangrikste en gevaarlikste vyand in Peking se oë. Die effek van dié posisie wat die USSR in die Sjinese waardering van sake inneem, is nêrens duideliker as in die Sjinese se onwrikbare agterdog en teenkanting teen détente, en in die klem wat in Peking gelê word op die noodsaak van die militêre en ekonomiese versterking van Wes-Europa nie. Ont= spanning van die toestand in Europa en in die betrekkinge tussen die Sowjet-Unie en die VSA moet nie daartoe lei dat aan die Rus= siese beer 'n veilige wesgrens gegee word en hy dusdoende meer magte beskikbaar het om in sy stryd met Sjina te ontplooi nie.

Alhoewel die Sowjet-Unie as die primêre vyand gesien word, is Sjina gekant teen die oorheersing of magsuitbreiding deur enige van die twee supermagte. In hierdie verband is dit belangrik om te let op die toespraak wat die destydse Sjinese adjunk-premier, Ding Siau-pieng, op 10 April 1974 voor die Algemene Vergadering van die VVO gehou het. In sy toespraak het Ding die mees uitvoerige weergawe gegee van Sjina se siening van die wêreld sedert die Kulturele Revolusie, en terselfdertyd die vroeëre Sjinese indeling van die wêreld in Drie Wêrelde[32] iet= wat gewysig[33]. Volgens die nuwe siening vorm die twee super= moondhede, die VSA en die USSR, saam die Eerste Wêreld; die ontwikkelde lande van Asië, Afrika en Latyns-Amerika vorm die Derde Wêreld, waarvan Sjina ook 'n lid is; en die ontwikkelde lande tussenin vorm die Tweede Wêreld. Die belangrikste kon= flikte in die wêreld is dié van die twee supermagte, die tanende VSA en die ekspansionistiese USSR, om wêreldmag, en dié

32 Kyk p. 31.

33 Kyk Yahuda. China's foreign policy in 1974: the year of the 'three worlds', p. 108-112, vir 'n bespreking van dié toespraak.

van lande van die Tweede en Derde Wêreld om die supermoondhede te weerstaan[34].

Sjina self, volgens Ding, is 'n lid van die Derde Wêreld, is nie 'n supermoondheid nie en sal nooit probeer om een te wees nie[35]. Dit lyk onwaarskynlik dat hierdie stelling van Ding nie deur ontwikkelinge agterhaal sal word of reeds agterhaal is nie. Sjina se protestasies ten spyt is hy reeds besig om 'n supermoondheid te word en hy sal sô deur die wêreld en homself aanvaar moet word.

## 3. TEN SLOTTE

Die verloop van die Sjinese buitelandse beleid sedert die "be= vryding" van 1949 vertoon 'n oneweredige gang. Dit sou tewens nie 'n oordrywing wees om daarvan te praat as, in Westerse oë, 'n opeenvolging van onverwagte wendinge nie. Telkens wanneer dit wou voorkom of Sjina 'n gematigde houding inneem en na permanente normalisering van sy betrekkinge met die res van die wêreld streef, is dié gang van sake bruut onderbreek deur 'n terugkeer na militantheid en 'n vóóropskuif van revolusie. Ewe dikwels daarná is die wêreld verstom deur Sjina se skynbaar ge= maklike ommeswaai na groter redelikheid.

Tog kan dié gang van sake nie as volslae willekeurig en koersloos afgemaak word nie. Inteendeel. Oor 'n tydperk van reeds byna drie dekades loop sekere strewes soos goue drade deur die buite= landse beleid van die Sjinese Volksrepubliek:

34 Kyk ook Djou se verslag in Communist Party of China, op. cit., p. 23-29.

35 Aangehaal in Yahuda, op. cit., p. 111.

- die bewaring van Sjina se swaarverkreë werklike onafhanklikheid
- die bewaring van die Sjinese gebiedsintegriteit
- die verkryging en bewaring van ekonomiese en militêre onafhanklikheid
- die aanvaarbaarmaking en invloedsuitbreiding van Sjina se ideologiese boodskap vir die wêreld

Al die deurlopende temas en al die belangrike keerpunte in die Sjinese buitelandse beleid kan teruggevoer word na hierdie strewes. Dit geld die stryd om Taiwan, die voortgaande poging om die leierskap van die Derde Wêreld te bekom, die breuk met die Sowjet-Unie en die era van ontspanning en hertoetrede tot die wêreldtoneel ná die Kulturele Revolusie.

Maar al hierdie strewes (en daarby kan die besondere noue ver=band tussen binnelandse en buitelandse beleid as 'n addisionele deurlopende draad gevoeg word) laat hulle op die ou end terug=voer na drie nog meer basiese motiewe en die temas van die vol=gende hoofstukke: ideologie, nasionalisme en tradisie.

Sô besien, is die geskiedenis van drie dekades nie 'n verwarde nie, maar 'n ryk geskakeerde tafereel.

# HOOFSTUK 3

# IDEOLOGIE AS GRONDSLAG VAN DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID

## 1. INLEIDEND

Onder al die faktore wat 'n invloed uitgeoefen het en nog steeds uitoefen op die staatsinrigting van die Sjinese Volksrepubliek, en daarom ook op dié land se buitelandse beleid, moet 'n belang=rike plek sekerlik aan die ideologie toegeken word. Dit kan kwalik anders as dat in 'n kommunistiese land dié ideologie feitlik allesbepalend sal wees, ook in die bepaling van betrek=kinge met die buitewêreld.

Dit is interessant en ironies dat die Kommunisme, wat bedoel is as oplossing vir die probleme van hoogs geïndustrialiseerde lande, sy grootse suksesse juis beleef het in lande wat nie aan dié beskrywing voldoen nie, en veral dat dit in 'n land soos Sjina, waar dit tot groot hoogte 'n kultuurvreemde ideologie was, die gids vir die verandering van die gemeenskap sou word. Dit is egter nie net die land wat sou verander nie, maar ook die ideologie. In die hande van Mau Dzih-doeng en sy makkers sou die Marxisme-Leninisme omgebuig en geplooi word tot 'n nuwe variant wat weldra orals behalwe in Sjina die betiteling Mao=ïsme sou kry[1].

Die plek van ideologie in die formulering van die Sjinese buite=landse beleid is nie altyd gemaklik te bepaal nie, onder andere omdat ideologiese elemente nie altyd van die nie-ideologiese elemente, wat uiteraard ook teenwoordig is, geskei kan word nie.

1 Amptelik word in Sjina van die "Marxisme-Leninisme" en daar=naas van die "gedagtes van Mau Dzih-doeng" gepraat.

In elke aspek van buitelandse beleid is ideologiese oorwegings sowel as oorwegings van nasionale belang teenwoordig, en om 'n waterdigte skeiding tussen dië twee aspekte te maak, is nie alleen haas onmoontlik nie, maar ook onwenslik. Die Maoïstiese klem op die eenheid van teorie (ideologie) en praktyk is self nie bevorderlik vir so 'n skeiding nie. 'n Ander probleem wat opduik, is dat, terwyl groot waarde geheg word aan die ideo= logie as 'n regverdigingsgrond vir optredes, dit nie altyd dui= delik is of die ideologie bloot 'n rasionalisering van of inder= daad 'n gids vir optrede was nie[2].

By die ontleding van die Marxisties-Leninisties-Maoïstiese ideologie in hierdie hoofstuk word gebruik gemaak van 'n inde= ling of onderskeid wat ook in Marxisties-Leninistiese ideolo= giese werk bestaan, naamlik dië tussen 'n ontleding van die situasie en 'n voorskrif vir optrede op grond daarvan[3]. (Marx: "Die filosowe het die wêreld verklaar, maar dit kom daarop aan om die wêreld te verander".) Dië indeling kom ooreen met die onderskeid wat Schurmann tussen suiwer en praktiese ideologie maak. Suiwer ideologie is volgens hom 'n stel idees wat aan die individu 'n eenheidsvisie op die wêreld gee, terwyl prak= tiese ideologie 'n stel idees is om aan die individu rasio= nele instrumente vir optrede te verskaf[4]. Gevolglik word daar eerstens gelet op 'n aantal aspekte van die Sjinese Kommunis= tiese siening van die wêreld en daarnā op die oplossing wat

2 Ra. Ideological foundations of recent Chinese foreign policy, p. 2.

3 Van Ness. Revolution and Chinese foreign policy, p. 21.

4 Schurmann. Ideology and organization in Communist China, p. 22.

aangebied word, nl. wêreldrevolusie. Uit hierdie twee sake vloei voort 'n kort oorskouing van Mau Dzih-doeng se bydrae tot en wysigings op die kommunistiese ideologie, die verloop van die Sjinese buitelandse beleid as 'n funksie van ideologie, asook die ideologiese aspekte van die Sjinese breuk met die Sowjet-Unie.

## 2. SIENING VAN DIE WÊRELD

Net soos in die Sjina van ouds, waar die siening van die wêreld as synde rondom Sjina (die sentrum) geskik 'n bepalende invloed op dié land se houding teenoor die buitewêreld gehad het, word die buitelandse beleid van die Sjinese Volksrepubliek en die ideologiese bepaling daarvan ten diepste gerig deur die siening wat die Sjinese Kommuniste van die wêreld het. Baie elemente het 'n invloed op hierdie siening, waaronder die nawerking van tradisie en moderne nasionalisme, maar die belangrikste invloed is weer eens die verwerkte erfenis van die Marxisme-Leninisme.

### 2.1 Teorie van teenstellings (kontradiksies)

As daar gevra sou word na die een enkele sleutelbegrip in Mau Dzih-doeng (en dus die Sjinese Kommunisme) se ideologiese werk, moet die antwoord ongetwyfeld wees dat dit sy idee oor teen=stellings ("contradictions" volgens amptelike Engelse vertalings van sy werke) is. Hierdie teorie neem 'n sleutelposisie in in die denke van Mau, sosiaal sowel as polities en teoreties sowel as operasioneel. Van die twee essays wat Mau oor suiwer filo=sofiese aangeleenthede geskryf het, handel een hieroor ("Oor Teenstellings"), terwyl hy die saak later weer uitvoerig in 'n meer praktiese essay behandel ("Oor die Korrekte Hantering van Teenstellings onder die Volk").

In sy teorie oor teenstellings sluit Mau aan by die dialektiese denke van Hegel soos dit deur Marx aangepas is in die dialek= tiese materialisme. Mau maak egter ook sy eie aanpassings. Waar Marx teenstellings sien verdwyn in die finale fase van Kommunisme, bly dit vir Mau 'n blywende kenmerk van die lewe wat nie deur die ontwikkeling van 'n kommunistiese gemeenskap agterhaal word nie. Konflik en verandering is vir Mau 'n perma= nente kenmerk van die gemeenskap. Die mens en die gemeenskap sal en moet nog verander word selfs nå die totstandbrenging van Kommunisme. Dit is hierdie siening wat ten grondslag gelê het aan Mau se aandrang op voortdurende revolusie, met al die veldtogte, waarvan die Groot Proletariese Kulturele Revolusie die bekendste is, waarop dit in Sjina uitgeloop het.

Wat die inhoud van sy teorie betref, sê Mau in "Oor Teenstellings" dat daar in die proses van ontwikkeling van 'n komplekse ding of situasie baie teenstellings is. Van hierdie teenstellings is een noodwendig die hoofteenstelling en die ander sekondêre teenstel= lings. In die studie van 'n komplekse proses moet dus probeer word om die hoofteenstelling te begryp[5]. As voorbeeld noem Mau die oorlogsituasie wat daar in die tweede helfte van die der= tigerjare in Sjina geheers het nå die Japannese inval. Die teen= stelling tussen Japan en Sjina was op daardie stadium baie be= langriker as die teenstellings tussen verskillende klasse onder die Sjinese bevolking. In 'n kapitalistiese gemeenskap sien Mau die hoofteenstelling as dié tussen die bourgeoisie en die pro= letariaat.

5 Mao. Selected readings from the works of Mao Tse-tung, p. 110.

Benewens die onderskeid wat hy tussen hoof- en sekondêre teen=stellings maak, onderskei Mau ook nog tussen antagonistiese en nie-antagonistiese teenstellings[6]. Die teenstellings tussen die volk en sy vyande is antagonisties en dié binne die volk is nie-antagonisties. Die metodes vir die hantering van die twee tipes teenstellings is verskillend. Antagonistiese teenstellings kan slegs met geweld opgelos word, terwyl nie-antagonistiese teen=stellings ook met ander metodes opgelos kan word. Hierdie siening lei direk na Mau se siening oor die noodsaak van revo=lusie.

Die teorie van teenstellings bepaal die Sjinese Kommuniste se blik nie net op die binnelandse situasie nie, maar ook op die internasionale toneel, soos uit die volgende afdeling oor die klassestryd en sy internasionale implikasies sal blyk. Deur die bepaling van wat die hoofteenstelling in 'n bepaalde situa=sie is, kan die strategie om die vyand te verslaan bepaal word. Namate die siening van die hoof- en sekondêre teenstellings verander, verander ook die beleid.

## 2.2 Klassestryd

Die teorie van teenstellings vind sy direkte uiting in die siening van die Sjinese Kommunisme oor die klassestryd, wat im=plikasies nie net vir die binnelandse politiek het nie, maar ook vir die internasionale politiek en dus vir buitelandse be=leid.

Volgens Marx, na wie die Sjinese Kommuniste teruggaan vir hulle siening hiervan, is die geskiedenis van alle gemeenskappe 'n

6 Id., p. 125-127.

geskiedenis van klassestryd. Elke individu stel die belang van sy klas bokant die nasionale belang, wat op sy beurt in elk geval net die belang van die heersersklas is[7]. Die finale stryd sal dié tussen die bourgeoisie en die proletariaat op die internasionale vlak wees. Wêreldrevolusie sal gebore word uit die stryd tussen die internasionale Kommunisme en die internasionale Kapitalisme - twee onversoenbare kampe. Terwyl die kapitalistiese wêreld aan die agteruitgaan is as gevolg van interne teenstellings, is die sosialistiese wêreld aan die opkom, en die konflik tussen die twee moet eindig in die onvermydelike oorwinning van die Sosialisme.

Die Sjinese Kommunistiese leiers aanvaar hierdie siening in breë trekke. Hulle sien vier teenstellings in dié situasie, nl. dié tussen die sosialistiese en die imperialistiese kamp. dié tussen die proletariaat en die bourgeoisie in kapitalistiese lande, dié tussen die imperialisme en die onderdrukte lande, en dié tussen die imperialistiese lande onderling.

Van die genoemde teenstellings moet een per definisie noodwendig die hoofteenstelling wees. Tot 1965 is hierdie hoofteenstelling egter nie deur die Sjinese uitgewys nie en is klem gelê op Afrika, Asië en Latyns-Amerika as die belangrikste sentra van wêreldrevolusie. In 'n toespraak wat Ping Djên, 'n lid van die Sjinese politburo, in Mei 1965 gehou het, is die teenstelling tussen die onderdrukte volke van Afrika, Asië en Latyns-Amerika en die imperialisme onder leiding van die VSA egter eksplisiet as die belangrikste teenstelling aangedui[8]. Hierdie siening is

7 Ra, op. cit., p. 38.

8 Id., p. 41.

bevestig en duideliker uiteengesit in Lien Biau se essay "Lank lewe die oorwinning van Volksoorlog!" van September 1965, met onder andere die belangrike stelling dat die hele saak van wêreldrevolusie op die ou end draai om die revolusionêre stryd van die volke van die genoemde drie kontinente[9]. Met hierdie vertolking is die klem wat betref die wêreldrevolusie nie alleen verskuif van die proletariaat in die geïndustrialiseerde lande na die bevrydingsbewegings van die Derde Wêreld nie, maar is ook 'n heelwat breër betekenisspan aan die begrip klassestryd gegee. Agterliggend hieraan was die heel praktiese oorweging dat die Derde Wêreld klaarblyklik groter moontlikhede vir revolusie in= gehou het as die industriële proletariaat. Die strategiese agtergebiede waarop die Westerse imperialisme vir sy ekonomiese welvaart vertrou, moes omskep word in die voorste linies in die stryd teen imperialisme, die groot vyand[10].

## 2.3 Imperialisme as die groot vyand

Dat imperialisme so 'n belangrike plek inneem in Peking se siening van die wêreld, is kwalik verbasend as die Sjinese ge= skiedenis van die afgelope eeu en 'n half in ag geneem word. Die klassifikasie van die teenstelling tussen die onderdrukte volke en die imperialisme as 'n hoofteenstelling moet in hier= die lig gesien word. Sō het die eie Sjinese ervaring 'n be= duidende invloed op die ideologie.

'n Ander belangrike faktor in hierdie verband is die invloed van Lenin se sienings. Volgens hom is imperialisme die hoogte=

9 Lawrance. China's foreign relations since 1949, p.183.

10 Van Ness, op. cit., p. 28.

punt van kapitalistiese ekonomiese ontwikkeling en neem dit vorm aan wanneer die beheer oor produksiemiddele al meer gemonopoli=seer word en al meer kragte in die werk gestel word om die hulp=bronne van die wêreld in te palm en uit te buit[11]. Die impli=kasie hiervan is dat die imperialisme inherent aggressief is, maar terselfdertyd ook besonder kwesbaar is as gevolg van sy afhanklikheid van oorsese besittings. Dit is hul onderskrywing van hierdie siening wat die Sjinese Kommuniste laat glo dat Sjina, deur sy buitelandse beleid te konsentreer op die kolo=niale en voormalige koloniale gebiede van die wêreld, die uit=eindelike val van die kapitalistiese stelsel kan meebring.

Volgens die Sjinese Kommunisme is imperialisme die oorsaak van oorlog. Vorige oorloë word dan ook verklaar aan die hand van teenstellinge in die kapitalistiese kamp. Geen wêreldoorlog kan deur 'n sosialistiese land begin word nie, word gesê[12]. Slegs wanneer imperialisme verslaan is, sal blywende vrede moontlik wees.

Reeds in 1948 het Mau die VSA bestempel as die sterkste van die oorblywende imperialistiese moondhede wat daarop uit is om die hele wêreld te oorheers. Die VSA is dus gebrandmerk as die groot vyand van die sosialistiese magte, en dosyne verklarings in die jare daarna sou dit bevestig[13]. In 'n belangrike be=leidsverklaring wat in 1963 uitgereik is en verteenwoordigend is hiervan, is die strategiese oogmerke van die VSA beskryf as die dominering van die intermediêre sone tussen dié land en die

11 Ra, op. cit., p. 43.

12 Peking Review, 10, 11:1963, aangehaal in Ra, op. cit., p.44.

13 Kyk hieroor o.a. Gittings. The world and China, 1922-1972, p.221-235, en Gittings. New light on Mao, p. 753-756.

Sosialistiese kamp, die smoor van revolusies van onderdrukte volke en state, die vernietiging van die sosialistiese lande en die uiteindelike onderwerping van alle volke en lande aan Amerikaanse monopolistiese kapitalisme[14].

Ná die breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie, wat in die laat-vyftigerjare begin beslag kry het en teen die vroeg-sestigerjare finaal geword het, het die lastige vraag of 'n sosialistiese land dan ook imperialisties kan wees, opgeduik. Die Sjinese antwoord hierop was dat dit wel moontlik is wanneer 'n "revi= sionistiese" leierskap in so 'n sosialistiese land oorneem en begin om kapitalisme te herstel[15]. Die gevolg was die nuwe term "sosialistiese imperialisme" in die Sjinese propagandis= tiese woordeskat, met die voorbeeld van Russiese optrede in Oos-Europa en "neo-kolonialisme" in die Derde Wêreld om die bestaan daarvan te staaf. (Kyk afdeling 6 oor die ideologiese breuk tussen die twee Kommunistiese reuse).

Afgesien daarvan dat imperialisme die belangrikste oorsaak van oorlog is, word dit ook gesien as die hoofoorsaak van revolusies in die koloniale wêreld. Mau trek sy voorbeelde hiervoor veral uit die Sjinese ervaring. Kenmerkend hiervan, sê hy, was die wyse waarop die imperialisme met feodale magte en sekere kapi= talistiese elemente binne Sjina saamgewerk het. Uit hierdie situasie ontwikkel nie alleen teenstellings tussen die imperia= lisme en die onderdrukte kolonie nie, maar ook tussen die im= perialistiese magte onderling oor die kolonie, en dit lei tot stryd tussen verskillende pro-imperialistiese groepe wat die

14 Van Ness, op. cit., p. 32.

15 Ra, op. cit., p. 46.

massas onderdruk. Ook vloei uit dië situasie voort dat daar twee verskillende soorte revolusionêre oorloë bestaan, nl. nasionale bevrydingsoorlog en revolusionêre klasseoorlog. Op die verskillende tipes revolusies word in 'n volgende afdeling breedvoeriger ingegaan.

## 2.4 Die magte op die internasionale toneel

'n Ander belangrike aspek van die Sjinese Kommunistiese siening van die wêreld, en een wat ten nouste saamhang met die teorie van teenstellings en die siening van imperialisme wat in vorige afdelings behandel is, is die indeling van die wêreld in blokke wat gemaak word. Hierdie indelings gee 'n belangrike en nuttige beeld van die prioriteite in die Sjinese buitelandse beleid.

Die aanvanklike skema, wat gedurende die eerste dekade en 'n half van die bestaan van die Sjinese Volksrepubliek gebruik is, het 'n drieledige indeling behels, nl. in 'n Sosialistiese Blok, 'n Kapitalisties-imperialistiese Blok, en 'n blok bestaande uit die onderdrukte lande van die Derde Wêreld. Die belangrikste teenstelling is gesien as dië tussen die Kapitalisties-imperia= listiese Blok aan die een kant en die Sosialistiese Blok en die Derde Wêreld gesamentlik aan die ander kant. In Januarie 1964 is 'n verfyning aan hierdie siening aangebring. Dit was duide= lik dat die Weste nie meer een monolitiese blok was nie, en vir die doeleindes van 'n verenigde front teen die VSA is die sone tussen die VSA en die Kommunistiese Blok in twee intermediêre sones ingedeel, nl. 'n eerste (of revolusionêre) intermediêre sone bestaande uit die lande van die Derde Wêreld en 'n tweede intermediêre sone bestaande uit die lande van Wes-Europa, Oseanië, Kanada en ander kapitalistiese lande, almal vroeër

beskou as lede van die Kapitalisties-imperialistiese Blok[16]. (Heel gerieflik het hierdie ideologiese aanpassing saamgehang met die aanknoop van diplomatieke bande tussen die Volks=republiek en Frankryk, Sjina se eerste groot deurbraak in Wes-Europa sedert 1950.) Daar moet egter onthou word dat ten tye van bostaande formulering die breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie reeds 'n voldonge feit was en dat daar dus op daardie sta=dium nie meer van 'n verenigde Kommunistiese Blok sprake kon wees nie. Die vraag is: hoe akkommodeer hierdie indeling die breuk in Kommunistiese geledere? Volgens Simmonds[17] is Ameri=kaanse imperialisme en Sowjet-revisionisme gesien as die twee teenoorstaande pole met Sjina tussenin as die Marxistiese-Leninistiese kern verbonde aan die eerste intermediêre sone.

Vanaf 1974 word die wêreld nog gesien as verdeel in drie blokke[18], maar nou is die drie blokke onderskeidelik die Eerste Wêreld, bestaande uit die twee supermoondhede, die tweede intermediêre sone, en die Derde Wêreld, waarvan Sjina 'n lid is. Sjina sien in die gebeure van die afgelope dekade afdoende bewys dat die twee supermoondhede saamsweer. Bewyse hiervan is die kern=sperverdrag van die sestigerjare asook onlangse gebeure met be=trekking tot die Midde-Ooste. Djou In-lai se skerp aanval op die Sowjet-Unie op die tiende partykongres in 1973 het dit laat lyk of Sjina nou sy stryd met die Sowjet-Unie as die belangrik=

16 Kyk veral Yahuda. Chinese foreign policy after 1963: the Maoist phases, p. 97-102 vir 'n bespreking van hierdie nuwe indeling en die redes daarvoor.

17 Simmonds. China's world, p. 185.

18 Vir 'n volledige behandeling van dié siening, kyk Yahuda. China's foreign policy in 1974: the year of the 'three worlds', p. 108-128.

ste teenstelling in sy internasionale politieke situasie sien en of hy bereid is om sy groeiende bande met die VSA te gebruik om die Sowjet-Unie teen te staan. Alhoewel daar heelwat aan=duidings in die rigting van so 'n siening is, is daar geen definitiewe bewys daarvoor nie, en is die belangrikste teen=stelling amptelik nog steeds dié tussen die supermoondhede en die res van die wêreld.

* * *

Die Maoïstiese siening van die wêreld en hulle oplossing vir die ellende van die wêreld is nie twee afgeskeie komponente nie, maar staan in die nouste verband, omdat albei gegrond is in die praktiese ervaring van die Sjinese revolusie. Daar is weinig sprake van 'n breed-uitgewerkte gesofistikeerde en abstrakte filosofie. Tussen die "suiwer" en "praktiese" ideologie is daar inderdaad maar 'n baie klein stappie.

## 3. OPLOSSING VIR DIE WÊRELD - WÊRELDREVOLUSIE

Antagonistiese teenstellings, waarvan dié tussen die onderdrukte volke en die imperialistiese magte 'n voorbeeld is, kan slegs met geweld, dit is met revolusie, opgelos word, glo Mau. Hierin sluit hy aan by Marx se gedagte oor revolusie, nl. dat materiële mag met materiële mag omvergegooi moet word en dat 'n gemeenskap wat op die teenstelling van klasse berus, in brute geweld sal kulmineer[19]. Mau is egter ook produk van die Sjinese samelewing

19 "Indeed, is it at all surprising that a society founded on the opposition of classes should culminate in brutal contra=diction, the shock of body against body, as its final dé=nouement?" Marx aangehaal in Schieder. Revolution, p. 238.

van die twintigste eeu en die oorlog teen Japannese imperialis=me. Hy verklaar dat oorlog uiteindelik deur die vooruitgang van die menslike gemeenskap uitgeskakel sal word, maar dat daar net een manier is om oorlog uit te skakel, en dit is om oorlog met oorlog teen te staan[20].

Sjina se voorkeur vir revolusie lê op twee vlakke: as kommunis=te is sy leiers uiteraard begaan oor die proletariese revolusie, en as land wat die bittere ervaring van imperialistiese uit=buiting gesmaak het, kan hy nie anders as om aangetrokke tot die bevryding van koloniale gebiede te voel nie. Daarom dat die Sjinese kommunistiese ideologie van wêreldrevolusie merendeels op die Derde Wêreld gemik is, in teenstelling met die klassieke Marxisme se begaandheid oor die industriële proletariaat.

Sjina se voorkeur vir revolusie is in twee opsigte van belang vir sy buitelandse beleid. In die eerste plek behels dit 'n program van revolusie wat Sjina probeer help om in ander state toe te pas. In die tweede plek plaas hy hierdie siening oor op die globale skaal en op sy siening van die toekomstige skikking van magte op die breë wêreldtoneel. Dit is verder be=langrik om daarop te let dat die Sjinese, as revolusionêres, glo dat buitelandse beleid op verskillende vlakke gevoer word. Hier=in is daar nie net plek vir normale diplomasie en interstaatlike kontak nie, maar ook vir "volksdiplomasie", met ander woorde vir steun aan revolusionêre bewegings en groepe wat die langtermyn=vooruitsigte vir revolusie bevorder[21].

20 Mao. Six essays, p. 7.

21 Barnett. Uncertain passage, p. 281.

### 3.1 Tipes revolusies en die aard daarvan

Mau Dzih-doeng sien twee tipes revolusies in die geskiedenis, te wete bourgeois- en proletariese revolusies. Die era van eersgenoemde is verby, sê hy, en laasgenoemde gee nou die toon aan. Proletariese revolusies val egter ook nog in twee groepe te verdeel[22]:

- Dié wat plaasvind in 'n ontwikkelde nywerheidsgemeenskap met 'n sterk proletariaat. Dit is 'n eenfasige revo= lusie waarin die proletariaat sy magte monster en die bourgeoisie omverwerp. Omdat die bourgeoisie nie be= reid is om sy mag vrywillig op te gee nie, is die revo= lusie noodwendig gewelddadig.

- Dié in onderontwikkelde koloniale of feodale gemeen= skappe met 'n oorwig van kleinboere. In hierdie geval is die revolusie tweefasig en bestaan dit uit:

  - 'n Bourgeois-demokratiese revolusie[23].
  - 'n Proletaries-sosialistiese revolusie[24].

  Die bourgeois-demokratiese revolusie staan ook onder leiding van die proletariaat. Tydens dié revolusie word gebruik gemaak van die verenigde front-beleid om alle beskikbare kragte saam te snoer om die

22 Ra, op. cit., p. 58-59.

23 Dit is belangrik om daarop te let dat die bourgeois-demo= kratiese revolusie ten spyte van sy naam onder leiding van die proletariaat staan en nie soos by die klassieke Marxisme-Leninisme onder leiding van die bourgeoisie nie.

24 Ra, op. cit., p. 59-60; Schramm. The political thought of Mao Tse-tung, p. 229-234.

imperialistiese magte omver te werp en onafhanklikheid te verkry. Ná dié revolusie volg die proletaries-sosialistiese revolusie wat die kapitalisme omvergooi en 'n sosialistiese stelsel tot stand bring. Saam vorm die twee revolusies een deurlopende proses. Die bourgeois-demokratiese revolusie verskil van die tradi=sionele demokratiese revolusie daarin dat terwyl laas=genoemde gestreef het na die totstandbrenging van 'n kapitalistiese staat onder die bourgeoisie, eersgenoem=de 'n oorgangstaat onder die diktatorskap van die revo=lusionêre klasse daar wil stel. Die bourgeoisie hoef egter nie terstond vernietig te word nie. In die Sjina van ná 1949 het die bourgeoisie nog 'n tyd lank sy nuttigheid behou om mee te werk aan die ekonomiese op=bou van die land. Hier wyk die Sjinese pad na Sosia=lisme skerp af van die Sowjet-beskouing, wat die dik=tatorskap van die proletariaat as 'n voorvereiste vir die bereiking van Sosialisme sien. Mau verkies om te praat van 'n "demokratiese volksdiktatorskap"[25].

Benewens die revolusies wat hierbo beskryf is, word daar in Sjinese Kommunistiese geskrifte ook voorsiening gemaak vir 'n vorm van nasionaal-demokratiese revolusie onder leiding van bourgeois-nasionaliste wat strewe na ware onafhanklikheid en die afskaffing van feodale vorme van grondbesit. Hiervan is die Algerynse revolusie 'n goeie voorbeeld[26].

25 Gittings. The great-power triangle and Chinese foreign policy, p. 46; Mao. Selected readings, p. 371.

26 Van Ness, op. cit., p. 51-52.

Die uitvoer van hierdie patroon is egter nie sonder voorbehoude nie. Ten opsigte van die Derde Wêreld, en veral Afrika, is Sjina bewus daarvan dat die prioriteit nog lê by die stryd teen imperialisme en kolonialisme en dat dié teen feodalisme nog sluimerend is[27]. Die klem moet dus nie soseer op klassestryd val nie, maar die nasionalistiese gevoel moet uitgebuit word. Daarom moet die revolusionêre magte as ware nasionalistiese magte voorgestel word en moet die gesag waarteen gestry word, indien dit nie buitendien 'n koloniale mag is nie, afgekraak word en as agterryers van die imperialiste voorgestel word. Op hierdie wyse kan die imperialisme verslaan word deur steun te verleen aan die bevrydingsbewegings in die Derde Wêreld, al word hierdie bewegings nie altyd deur die werkersklas of deur die kleinboere beheer nie.

'n Tegniek wat 'n sleutelposisie in Mau se konsep van revolusie inneem, is dié van 'n verenigde front.

## 3.2 Verenigde front

Volgens Mau is die beleid van die verenigde front een van die drie belangrikste aspekte van die Sjinese revolusie, saam met gewapende stryd en die opbou van die Kommunistiese Party[28]. Mau neem die konsep van verenigde front oor van Lenin en Stalin, maar gee in Sjinese omstandighede sy eie inhoud daaraan, eers deur die samewerking met die Kuomintang in die twintiger- en weer in die dertigerjare, maar veral deur die samewerking ná die totstandkoming van die Volksrepubliek met die nasionale

27 Id., p. 51.

28 Mao. Selected readings, p. 167.

bourgeoisie, wat, soos hierbo aangetoon is, sterk verskil van die Sowjet-benadering.

Die doel van die beleid van 'n verenigde front is om soveel moontlik groepe en individue saam te bring om 'n gemeenskaplike vyand teen te staan. In gemeenskappe onder imperialistiese be= heer hang die oorwinning af van 'n hegte samewerking van die revolusionêre sosiale magte op verskillende stadia van die revolusie. Die beleid word op 'n negatiewe manier gebruik om die grootste vyand te isoleer op grond van 'n gemeenskaplike vrees vir of afkeer aan hom. Die beleid (of tegniek) vloei logies voort uit die leer van teenstellings. Mau verklaar dat die taktiese beginsel is om die teenstellings tussen groepe uit te buit ten einde die meerderheid se steun te wen, die minder= heid teen te staan en sodoende die vyande afsonderlik te ver= nietig[29]. Die gebruik van die Sjinese gesegde "Die vyand van my vyand is my vriend" moet daarom in hierdie lig en nie in die verband van blywende welwillende samewerking gesien word nie.

Soos met ander konsepte in die Sjinese leer van revolusie, word ook die begrip van die verenigde front van die nasionale vlak (eie ondervinding van samewerking met die Kuomintang in 1924-1927 en weer in die oorlog teen die Japannese, 1937-1945) oor= gedra na die internasionale vlak. Die verenigde front van anti-imperialistiese magte binnelands moet 'n teëhanger hê in die internasionale verenigde front van anti- en nie-imperialistiese lande. Dié verenigde front kan verskillende vorme aanneem. Teen imperialisme in die algemeen is die front beperk tot die sosialistiese state en die onderdrukte state van die Derde

29 Mau aangehaal in Ra, op. cit., p. 74.

Wêreld. Teen 'n spesifieke imperialistiese staat kan dit ook tot ander imperialistiese state wat in stryd met daardie staat is, uitgebrei word. Die presedent hiervoor bestaan in Mau se verklaring in 1936 (dus nog voor die Kommunistiese oorname van Sjina) dat 'n Sjinese anti-Fascistiese ooreenkoms met die kapitalistiese demokrasieë heeltemal moontlik en wenslik is[30]. Die breedste vertolking wat in die jongste tyd aan die konsep van 'n internasionale verenigde front gegee is, is die Sjinese oproep op 12 Januarie 1964 vir 'n verenigde front van die sosialistiese lande, die lande van Afrika, Asië en Latyns-Amerika en al die ander lande "onderworpe aan die VSA se aggres=sie, beheer, inmenging en dominering"[31].

### 3.3 Gewapende stryd en revolusionêre oorlogvoering - die Sjinese revolusionêre model

Daar is reeds herhaaldelik op gewys dat die Sjinese Kommuniste altyd gereed is om die ervaring wat hulle in hulle eie revo=lusionêre stryd opgedoen het, op die internasionale toneel te projekteer. Dat die Sjinese revolusie besondere waarde, aan=treklikheid en toepasbaarheid vir die lande van die Derde Wêreld het, is reeds deur Liu Sjau-tjie gestel in sy toespraak in 1949 voor 'n konferensie van Asiatiese en Australiese vak=unies[32].

Hoe lyk hierdie model?

Ten grondslag daaraan lê die befaamde uitspraak van Mau dat

30 Snow. Red star over China, p. 123.

31 Van Ness, op. cit., p. 58.

32 Kyk Hoofstuk 2, p.11.

politieke mag uit die loop van 'n geweer groei[33]. Volgens Mau is oorlog meer as net militêre optrede. Dit is die voortsetting van politiek. Politiek is oorlog sonder bloedvergieting en oor=log is politiek met bloedvergieting[34]. In revolusionêre oorlog=voering word oorlog en politiek geïntegreer en is die oorlog nie beperk tot militêre optrede nie. Ten einde die ou orde te ver=nietig en 'n nuwe in sy plek te stel, word militêre, politieke, ekonomiese, sosiale en psigologiese elemente as 'n eenheid ver=meng en aangewend[35].

Die klassieke, mees uitvoerige en spesifiekste weergawe van die Sjinese revolusionêre model is sonder twyfel die essay van Lien Biau, "Lank lewe die oorwinning van Volksoorlog!"[36], wat in September 1965 gepubliseer is. Dié stuk is geskryf vir die twintigste jaarherdenking van die einde van die Tweede Wêreld=oorlog in Asië in 1945. Lien maak van die geleentheid gebruik om die beweerde Amerikaanse imperialisme met die vroeëre Japan=nese optrede in Sjina en elders in Asië te vergelyk en om die praktiese belangrikheid van studie van die revolusionêre stryd in Sjina en Mau se teorie van volksoorlog te beklemtoon[37].

33 Mao. Six essays, p. 350.

34 Id., p. 266.

35 Lass. Grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering, p.100.

36 Wat in Engels met "people's war" weergegee word, word hier met "volksoorlog" vertaal, alhoewel die betekenis van die twee nie heeltemal ooreenstem nie.

37 Vir uittreksels uit Lien se essay, kyk Lawrance, op. cit., p. 181-184 , en Hsü. Readings in modern Chinese history, p. 621-631, en vir 'n volledige bespreking daarvan, kyk Van Ness, op. cit., p. 67-73.

Tydens die stryd teen die Japannese was die vyand se mag hoof=saaklik in die stede en dorpe gekonsentreer, terwyl die Sjinese Kommunistiese magte hulleself in die platteland gevestig het, geleidelik uitgebrei en gekonsolideer het en uiteindelik die stede omring het. Hierdie taktiek word deur Lien in wêreldwye verband geprojekteer. Vir hom is Noord-Amerika en Wes-Europa die stede van die wêreld en Asië, Afrika en Latyns-Amerika die plattelandse gebiede. Die wêreldrevolusie behels die omsirke=ling van die "stede" deur die "plattelandse gebiede".

Lien gaan dan voort en maak 'n vergelyking van die Oktober-revolusie in Rusland en die Sjinese revolusie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Mau se teorie oor volksoorlog 'n groot by=drae tot die revolusionêre stryd van volke oor die hele wêreld is. Die verdere implikasie is dat terwyl die Russiese model geldig is vir imperialistiese lande soos dié in Noord-Amerika en Wes-Europa, dit die Sjinese model is wat geldig is vir revolusies in die koloniale en semi-koloniale lande van Asië, Afrika en Latyns-Amerika.

Lien sit in sy essay ses elemente van Mau se strategie van volksoorlog uiteen[38]:

- Dit moet gelei word deur 'n revolusionêre kommunis=tiese party, wat Marxisme-Leninisme behoorlik kan toepas en die regte beleid vir 'n uitgerekte oorlog kan formuleer.

38 Van Ness, op. cit., p. 70-72.

- Die regte gebruik moet van die verenigde front-beleid gemaak word ten einde die breedste moontlike verenigde front en die volste mobilisasie van die massas moontlik te maak.

- Daar moet staatgemaak word op die kleinboereklas en plattelandse basisse moet daargestel word omdat die kleinboere in agrariese en semi-feodale gemeenskappe die grootste deel van die bevolking uitmaak.

- 'n Nuwe tipe leër onder die leiding van die Kommunis= tiese Party moet geskep word. Kenmerkend van so 'n leër is dat politiek die leiding neem en dat dit aktief staatmaak op die steun van die massas.

- Gebruik moet gemaak word van die strategie en taktiek van volksoorlog soos geïnterpreteer deur Mau. Die oor= name van staatsgesag geskied deur 'n uitgerekte oorlog met die steun van die massas. Aanvanklik word gebruik gemaak van guerrilla-oorlogvoering en later van mobiele en selfs posisionele oorlogvoering.

- 'n Beleid van selfversorgendheid moet gevolg word. Revolusionêre of volksoorlog is die taak van die massas in 'n bepaalde land en moet deur hulleself behartig word.

Tereg sê Van Ness dat 'n fundamentele punt die gedagte is dat die Kommunistiese Party die beheer oor die nasionalistiese revolusie moet oorneem ten einde dit in 'n sosialistiese revo= lusie te verander. Hy toon dan aan dat Lien homself weerspreek deur in dieselfde essay toe te gee dat volksoorloë nie noodwendig

deur 'n kommunistiese party gelei hoef te word nie. Weer eens word Algerië as 'n voorbeeld genoem. Van Ness se verklaring is dat Lien se uiteensetting die ideale tipe revolusie weergee, maar ook voorsiening maak vir revolusies of volksoorloë wat nie aan al die vereistes beantwoord nie, maar tog aanvaarbaar is[39].

Op 'n laaste punt moet gewys word. Die Sjinese sien dit nie as noodsaaklik dat die Sjinese revolusie noodwendig elders ge= dupliseer moet word nie. Die noodsaaklikheid daarvan om 'n beleid van selfversorgendheid te volg (kyk Lien se laaste punt hierbo) word beklemtoon. Daarby lê Mau groot klem op die aan= passing van Marxisme-Leninisme by die omstandighede van elke land. Die Sjinese revolusionêre model is per slot van sake slegs 'n model en nie 'n gebruikklaar patroon nie.

* * *

Die Maoïsme vertoon sy verskille met die klassieke Marxisme-Leninisme nie soseer in wysgerige opvattinge nie. Die noue verband en eenheid tussen teorie en praktyk word juis geïllus= treer deur die feit dat die nuwe wat die Sjinese Kommunisme aan te bied het en die opsigte waarin dit die opmerklikste ver= skil met die Sowjet-kommunisme toon, produk is van die eie ervaring van revolusionêre oorlogvoering in bepaalde omstandig= hede. Deur die persoon van Mau Dzih-doeng kon die oorgang van praktiese ervaring na teorie gemaak word.

39 Id., p. 72-73.

## 4. MAU DZIH-DOENG SE BYDRAE TOT DIE KOMMUNISTIESE IDEOLOGIE

Daar kan kwalik van Sjinese Kommunisme sprake wees sonder dat die werk van Mau Dzih-doeng in berekening gebring moet word. Tot so 'n mate sentreer die Sjinese Kommunisme om dié een per= soon dat Mau en Sjina feitlik onskeibaar geword het. Dermate oorheers Mau se geskrifte die teoretiese werk van die Sjinese Kommunisme dat laasgenoemde en Maoïsme sinoniem geword het.

Dat daar verskille is tussen die Sjinese variant en die klassieke Marxisme-Leninisme, is gemene saak, al word daar van Sjinese kant probeer om dié verskille te verdoesel deur die "gedagtes van Mau Dzih-doeng" as bloot bykomend tot die Marxisme-Leninisme te sien. Hoe staan dit met Mau se opvattinge en bydrae tot die Kommunis= tiese ideologie?

Mau aanvaar die Marxisme-Leninisme as die korrekte revolusionêre opvatting, maar buig dit om om in die Sjinese situasie en vir die Sjinese volk van pas te wees. Hierdeur bewerk hy inderdaad 'n sintese van Marxisme-Leninisme met die Sjinese kultuur[40]. Hy is nog steeds in ooreenstemming met Lenin se gedagte dat teorie met die konkrete omstandighede geïntegreer moet word wanneer hy sê dat Marxisme alleen in die praktyk toegepas kan word as dit

40 Ra, op. cit., p. 67.

---

Teenoorstaande bladsy: Mau Dzih-doeng, die vader van die Sjinese Kommunisme.



# 矛 盾 论*

（一九三七年八月）

事物的矛盾法则，即对立统一的法则，是唯物辩证法的最根本的法则。列宁说："就本来的意义讲，辩证法是研究对象的本质自身中的矛盾。"[1] 列宁常称这个法则为辩证法的本质，又称之为辩证法的核心[2]。因此，我们在研究这个法则时，不得不涉及广泛的方面，不得不涉及许多的哲学问题。如果我们将这些问题都弄清楚了，我们就在根本上懂得了唯物辩证法。这些问题是：两种宇宙观；矛盾的普遍性；矛盾的特殊性；主要的矛盾和主要的矛盾方面；矛盾诸方面的同一性和斗争性；对抗在矛盾中的地位。

苏联哲学界在最近数年中批判了德波林学派[3]的唯心论，这件事引起了我们的极大的兴趣。德波林的唯心论在中国共产党内发生了极坏的影响，我们党内的教条主义思想不能说和这个学派的作风没有关系。因此，我们现在的哲学研究工作，应当以扫除教条主义思想为主要的目标。

## 一　两种宇宙观

在人类的认识史中，从来就有关于宇宙发展法则的两种见解，一种是形而上学的见解，一种是辩证法的见解，形成了

Die eerste bladsy van die Sjinese teks van Mau se "Oor Teenstellings"

geïntegreer word met die spesifieke kenmerke van Sjina en as dit 'n definitiewe nasionale vorm verkry[41].

Volgens Ra[42] lê Mau se oorspronklike bydrae tot die Kommunisme in vier sake:

- Die verskuiwing van die revolusie van die stede na die platteland.
- Die ontwikkeling van 'n kommunistiese party uit die kleinboere. In hierdie verband moet egter onthou word dat Mau nooit afgewyk het van die siening dat die kleinboere onder die leiding van die proletariaat moet staan nie. Mau gaan egter verder en heg 'n breër ver=tolking aan die proletariaat as Lenin, wat 'n soort=gelyke siening gehuldig het. Mau skryf aan lidmaatskap van die Kommunistiese Party 'n proletariserende effek toe, sodat kleinboere, soldate en intellektueles inder=waarheid proletariërs word uit hoofde van hulle lidmaat=skap van dié party[43].
- Sy sistematiese aandag aan alliansies tussen klasse en die gebruik van die verenigde front-taktiek.
- Die klem wat hy lê op die voer van 'n uitgerekte mili=têre stryd en sy werk oor guerrilla-oorlogvoering.

41 Mau aangehaal in Id., p. 69.

42 Ra, op. cit., p. 69.

43 Starr. Ideology and culture, p. 23.

Scalapino[44] sien as 'n verdere bydrae van Mau sy vereniging van teorieë oor die verskillende revolusionêre fases en die teorie van ononderbroke revolusie. Beide in die praktyk en in die teorie het Mau hierdie twee aspekte, nl. van 'n revolusie wat uiteenval in 'n demokratiese en 'n sosialistiese fase en tog een deurlopende geheel vorm, met welslae geharmoniseer. 'n Deurlopende revolusie is slegs moontlik as die demokratiese revolusionêre fase reeds onder die leiding van die proletariaat staan en dit 'n breë basis het van werkers, kleinboere en die bourgeoisie.

Daar kan verskil van mening bestaan oor bostaande aspekte van Mau se werk, sowel as oor diverse ander aspekte. Of daar werk= lik sprake kan wees van ideologiese en teoretiese vernuwing by Mau en of daar nie eerder gedink moet word in terme van prak= tiese aanpassings nie, is 'n vraag wat gestel word. Waaroor nie twyfel kan bestaan nie, is die wil wat daar by Mau bestaan het om die Marxisme-Leninisme op 'n bepaalde wyse in bepaalde omstandighede te laat spreek. Die invloed daarvan het, alhoe= wel beperk, hom ook op die terrein van die Sjinese buitelandse beleid laat voel.

## 5. SJINESE BUITELANDSE BELEID AS 'N FUNKSIE VAN IDEOLOGIE - 'N OORSIG

Mau se siening dat die Marxisme-Leninisme nie 'n onveranderlike gegewe is nie, sowel as die kommunistiese idee van die eenheid van die teorie en die praktyk, wat mekaar wedersyds bepaal, maak dit logies dat die kommunistiese ideologie hom in

44 Scalapino. The foreign policy of the People's Republic of China, p. 558.

verskillende tye en in verskillende omstandighede verskillend sal manifesteer. Heel in besonder geld hierdie reël ook vir buitelandse beleid. In hoofstuk 2 is aangetoon hoe die Sjinese buitelandse beleid sedert 1949 telkens gewissel het en meer of minder ideologies bepaald was.

Om 'n detail-oorsig te gee van die gang van ideologie in die Sjinese buitelandse beleid oor die afgelope byna drie dekades, sou haas onmoontlik wees, onder andere omdat daar nie altyd van 'n verenigde en konsekwente buitelandse beleid ten opsigte van elke streek, land of organisasie op 'n bepaalde tyd sprake kon wees nie. As algemene reël sou kon geld dat verhoudinge met ander kommunistiese lande sterker ideologies-bepaald was as dié met nie-kommunistiese state[45]. Alhoewel die rol van die ideo= logie nie te negeer was in Sjina se betrekkinge met die VSA, wat per slot van sake lank Sjina se grootste imperialistiese vyand was nie, het ideologiese oorwegings 'n nog belangriker rol ge= speel in die bepaling van betrekkinge met die Sowjet-Unie (kyk die volgende afdeling hieroor).

Een breë kategorisering van die Sjinese buitelandse beleid, wat terselfdertyd die groot verandering wat dit ondergaan het, sou aandui, sou wees om te sê dat dit 'n beweging verteenwoordig vanaf 'n verenigde front van die sosialistiese lande en die Derde Wêreld na 'n breër verenigde front van die Derde Wêreld en die tweede intermediêre sone teen Amerikaanse imperialisme en die "sosialistiese imperialisme" van die Sowjet-Unie. In meer detail sou vyf tydperke van ideologiese bepaling onderskei kon word[46]:

45 Ra, op. cit., p. 107.

46 Id., p. 114-123.

In die eerste tydperk, vanaf die totstandkoming van die Sjinese Volksrepubliek in 1949 tot en met 1953, was die Sjinese beleid militant en sterk ideologies-bepaald. Die teenstelling met die gewaande imperialistiese bedreiging is sterk aangevoel. Beide Sjinese optrede voor en ná 1949 teen sekere Westerse lande, so= wel as die reaksie van hierdie lande, het die Sjinese ideologie= se siening van noodwendige konflik tussen kommunistiese en nie-kommunistiese lande bevestig.

Die tydperk ná die Koreaanse Oorlog, ook bekend as die Bandoeng-periode, was 'n era van ontspanning binne- sowel as buitelands. Ideologiese oorwegings was egter hoegenaamd nie afwesig nie. Inderwaarheid is die strewe na 'n verenigde front teen die im= perialistiese vyand net op 'n ander manier aangepak.

Die era vanaf die laat-vyftigerjare tot met die begin van die Kulturele Revolusie in 1966 was een wat 'n baie duidelike twee= slagtigheid vertoon het, wat klaarblyklik 'n bewys was van die noue wisselwerking wat daar tussen die nastrewing van ideo= logiese oogmerke en van die nasionale belang bestaan. Enersyds is dié tydperk gekenmerk deur die ideologiese verharding wat as gevolg van die breuk met die Sowjet-Unie ingetree het. Ander= syds was dit 'n tydperk van groter toenadering tot die Derde Wêreld en in 'n mate ook die tweede intermediêre sone, sodat daar sprake was van 'n tweede Bandoeng-periode.

Die aanbreek van die Groot Proletariese Kulturele Revolusie het 'n totale radikalisering van die Sjinese beleid meegebring. Die groot klem in dié tydperk het op anti-revisionisme geval, wat 'n finale amptelike kleur aan die breuk met die Sowjet-Unie ge= gee het.

Die afloop van die Kulturele Revolusie het die terugkeer na 'n meer pragmatiese en minder ideologies-bepaalde houding gesien. Groter klem is nou op die bevordering van die nasionale belang en die afweer van die bedreiging van die kant van die Sowjet-Unie gegee.

Daar is geen einde aan die moontlikhede om bepaalde Sjinese optredes op die internasionale toneel te vertolk aan die hand van dié of daardie ideologiese streep nie. Op die ou end word dit 'n redelik willekeurige oefening wat tot een belangrike gevolgtrekking lei: slegs op die heel kunsmatigste wyse kan die Sjinese buitelandse beleid suiwer in terme van ideologie vertolk word. Eers wanneer die wisselwerking tussen ideologie en nasionale belang in berekening gebring word, kan daar 'n sinvolle vertolking aan 'n andersins verwarde patroon gegee word.

## 6. DIE BREUK MET DIE SOWJET-UNIE - IDEOLOGIES

Seer sekerlik die mees ingrypende gebeurtenis in die geskiede=nis van die Sjinese Volksrepubliek se internasionale betrokken=heid was die breuk met die Sowjet-Unie, wat vanaf die laat-vyftigerjare algaande begin sigbaar word het en teen die vroeg-sestigerjare besliste en finale vorm aangeneem het. Dat dit ooit tot 'n breuk en selfs openlike vyandskap tussen die twee Kommunistiese reuse, wat aanvanklik so 'n klaarblyklik onver=breekbare eenheid vertoon het, sou kom, was vir die Weste moeilik te verstaan en te verklaar. Net soos die vyandskap tussen Peking en Moskou nog nie uitgestry is nie, sô is die laaste woord oor die oorsake daarvan nog nie gespreek nie.

Hier word nie ingegaan op die mate waartoe die rede vir die breuk in historiese oorwegings en oorwegings van nasionale be=lang lê nie. Dit vorm 'n studie op sigself. Genoeg is om te sê dat hierdie redes waarskynlik net so belangrik is as die ideologiese redes vir die breuk en terselfdertyd op die nouste wyse daarmee vervleg is.

Dit is moeilik om die omvang en grense van die idelogiese breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie te bepaal, nie as gevolg van 'n gebrek aan materiaal daaroor nie, maar juis as gevolg van 'n oorvloed (ook primêre) materiaal. Om die presiese aard van die ideologiese skeiding te bepaal, sou besluit moes word watter polemiese stof werklike verskille in siening weergee en watter bloot tydelik-propagandisties van aard is; watter 'n basiese verskil in uitgangspunt verteenwoordig en watter bloot geïnspi=reer is deur botsings van nasionale belange. Dit is 'n bitter moeilike, eerder onuitvoerbare, taak.

In stede daarvan om 'n volledige inventaris te probeer maak van die ideologiese geskilpunte tussen die twee partye, word hier volstaan met 'n kort weergawe van drie van die sake wat in dis=puut was en is, nl. die onvermydelikheid van oorlog, die rol en effek van kernwapens, en die nasionale soewereiniteit van kommu=nistiese state.

Die dispuut oor die onvermydelikheid van oorlog en die verhouding tussen Kapitalisme en Sosialisme het sy begin gehad by die twintigste partykongres van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie in 1956. In die verslag van die Sentrale Komitee aan dié kongres het Kroesjtjof 'n reeks vernuwings in die kommu=nistiese benadering van die internasionale politiek aangekondig.

Eerste aan die beurt vir vernuwing was Lenin se stelling oor die onvermydelikheid van oorlog. Volgens Kroesjtjof was oorlog nie meer onafwendbaar nie, omdat die magte wat vrede wil hê (die Kommunisme) nou so geweldig sterk was. Kapitalisme en Sosialis=me kan en moet inderwaarheid langs mekaar bestaan en saamwerk in die bewaring van vreedsame verhoudinge[47].

Die Sjinese het gevoel dat Kroesjtjof se siening verwarring skep, die ortodokse Marxisme-Leninisme verdraai en 'n té optimistiese evaluering van die aard van Amerikaanse imperialisme is. Die Sjinese standpunt was dat nasionale bevrydingsoorloë dikwels onafwendbaar is, maar dit beteken nie dat oorlog tussen state en 'n wêreloorlog noodwendig onafwendbaar is nie[48]. Ook die be=leid van vreedsame naasbestaan word nie summier verwerp nie. In=teendeel. Sjina het reeds in die vroeg-vyftigerjare so 'n be=leid gevolg. Dië beleid is egter een wat net geskik is vir on=afhanklike state onderling. Tussen onderdrukte volke en hulle onderdrukkers kan daar geen vreedsame naasbestaan wees nie[49]. Die Sjinese Kommuniste wou hulleself bewys as meer ortodoks kommunisties en revolusionêr. Daar word beklemtoon dat die oor=gang na Sosialisme nie moontlik is sonder revolusionêre geweld nie. Teoreties word die moontlikheid nie heeltemal uitgesluit nie, maar op grond van hulle eie ervaring word dit as baie on=waarskynlik beskou.

Die verskil in siening oor kernwapens dateer uit dieselfde tyd[50]. Die Sowjet-Unie het as kernmoondheid al meer begin bewus raak

47 Id., p. 117.

48 Van Ness, op. cit., p. 34

49 Id., p. 35.

50 Vgl. hoofstuk 2, p. 24.

van die gevare verbonde aan die moontlike eskalering van 'n be=perkte oorlog tot 'n kernoorlog en van die noodsaaklikheid om versigtigheid en verantwoordelikheid hieroor aan die dag te lê. Kroesjtjof het gewelddadige revolusie as gevaarlik gesien omdat dit tot 'n kernoorlog kan lei. Die Sjinese het die Russe daar=van beskuldig dat hulle die invloed van kernwapens oorbeklemtoon en dat hulle (die Russe) die basiese Marxisties-Leninistiese teorie oor oorlog en vrede as uitgedien sien (waarop die Sowjet-Unie met die beskuldiging geantwoord het dat die Sjinese nie die gevolge van kernoorlog begryp nie). Die Sjinese het die Russiese beleid gesien as gemik teen revolusionêre oorloë en as 'n poging om die status quo te bewaar. Volgens die Sjinese siening het die koms van kernwapens egter nie die wette van geskiedkundige ont=wikkeling verander nie[51].

Die Sjinese siening oor die nasionale soewereiniteit van kommu=nistiese state was nie soseer 'n faktor wat aanleiding gegee het tot die breuk met die Sowjet-Unie nie, maar eerder 'n uit=vloeisel daarvan. Mau se houding teen die laat-vyftigerjare was dat nasionale state verbygaande entiteite was op die pad na proletariese internasionalisme. Ter wille van internasionale Sosialisme moes nasionale soewereiniteit egter eerbiedig word en moes een party nie sy wil op 'n ander afdwing nie[52]. Ná die breuk met die Sowjet-Unie het Sjina baie sterker klem begin lê op die beginsel van nasionale outonomiteit en dat die beslis=sings van 'n kommunistiese party net geldig is in die gebied onder die jurisdiksie van daardie party. 'n Baie sterk oorwe=ging in hierdie houding was die vrees wat Sjina gekoester het dat die Sowjet-Unie van sy superieure militêre mag gebruik kan

51 Ra, op. cit., p. 87-93.

52 Id., p. 102-103.

maak om Sjina ideologies weer in pas te bring. Veral die Sowjet-inval in Tsjeggo-Slowakye in 1968 en die daarmee gepaardgaande Bresjnef-doktrine, wat die Sjinese as die beliggaming van "sosia= listiese imperialisme" gesien het, het dié vrees versterk. Ironies genoeg ondersteun Sjina nog die beginsel dat met ge= wapende mag ingemeng kan word waar die voortbestaan van Sosia= lisme bedreig word - hulle het dus nog nie die beginsel van internasionalisme heeltemal genegeer nie. Hulle ondersteun egter nie die reg van die Sowjet-Unie om daarvolgens op te tree nie, want die bewind in die Sowjet-Unie is nie meer 'n wettige bewind gebou op die onvervalste beginsels van die Marxisme-Leninisme nie, maar 'n revisionistiese bewind, en die Bresjnef-doktrine word dus 'n beleid van sosialistiese imperialisme[53].

Intussen duur die stryd tussen Sjina en die Sowjet-Unie onver= poosd voort en is daar weinig tekens van toenadering. Hoe langer die stryd duur, hoe minder is die aanduidings van 'n bly= wende ideologiese begrondheid daarvan en hoe meer word dit dui= delik dat dit 'n stryd is wat op homself en op nasionale agter= dog teer. Vir sover daar nog van ideologiese terminologie ge= bruik gemaak word, lê die rede waarskynlik eerder by 'n tradi= sie aan beide kante om alles, ook botsings van nasionale belange, in terme van ideologie te verklaar, en nie in 'n skerp aanvoeling van suiwer ideologiese geskilpunte nie.

Tog mag die aanvanklike ideologiese gronde van die breuk nie ge= ring geskat word nie. Tereg sê Schwarz:

53 Starr, op. cit., p. 256-257.

"To the extent that the two states have been bound together, the intensity of their bond had something to do with Communism. To the extent that they are drifting apart, the nature of the tension between them can not be understood apart from Communism."[54]

## 7. TEN SLOTTE

Dat die Sjinese buitelandse beleid tot 'n baie hoë mate die kommunistiese ideologie ten grondslag het, kan nie betwis word nie. Meer as in enige land in die Weste, en selfs meer as in menige kommunistiese land, was en is die buitelandse beleid van Sjina 'n funksie van ideologie en word politieke en inter= nasionaal-politieke handelinge beplan, bedryf en gerasionaliseer in ideologiese terme.

En tog mag hierdie belangrike band tussen ideologie en buite= landse beleid nie lei tot die dwaling wat veral in die jare van die Koue Oorlog algemeen was nie, nl. om die Sjinese buite= landse beleid heel simplisties as deel van 'n groot kommunis= tiese komplot te beskou nie. Verre daarvan dat dit die geval was, het Sjina steeds opgetree as 'n staat met nasionale aspirasies en was sy oogmerke grotendeels steeds gebaseer op magsoorweginge en 'n waardering van die magsverhoudinge in die wêreld.

In hierdie verband moes ideologie, alhoewel altyd teenwoordig, dikwels 'n ondergeskikte en tweede plek naas die nasionale be= lang inneem, sodat dit heel dikwels duidelik was dat ideologiese

54 Schwarz. Ideology in flux, p. 131.

beskouings en klassifikasies op die mees siniese wyse gebuig is om by die feite aan te pas.

In die breë kan gestel word dat ideologie steeds die uiteindelike oogmerk van wêreldrevolusie bly bepaal het, maar nie die kon= krete onmiddellike optrede in 'n snel veranderende wêreld nie. Ideologie was dus altyd die geloofsbelydenis, maar selde of ooit die bloudruk. Alhoewel dit rigting gee, kan optrede baie vloeibaar wees, afhangende van plek, tyd en omstandigheid.

In die afgelope aantal jare het die gebruik van ideologie op hierdie wyse al duideliker geword in die Sjinese buitelandse beleid. In die toekoms sal dié tendens waarskynlik wen aan momentum, sodat die kommunistiese ideologie, eerder as 'n blok aan die Sjinese been, 'n hoogs nuttige instrument in die bedryf van buitelandse beleid sal bly.

# HOOFSTUK 4

# NASIONALISME AS GRONDSLAG VAN DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID

## 1. INLEIDEND

Toe die Sjinese Kommunistiese Party in Oktober 1949 die bewind in Sjina oorgeneem het, kon daar geen twyfel oor bestaan dat hulle ideologies baie duidelik met die verlede gebreek het nie. Dit was egter maar een kant van die saak. Wat betref die na= streef van nasionale oogmerke, was die oorname van 'n nuwe be= wind bloot die kulminasie van 'n eeu van woelinge. Feuerwerker[1] sê hieroor:

> "When . . . the Chinese Communists came to rule China, they did so as the legitimate and authoritative inheri= tors of the leadership of this nationalist revolution."

Inderdaad is dit daarom ook twyfelagtig of enige ander regering in Sjina ná 1949 ander nasionale oogmerke as die Kommuniste sou nagestreef het. Wat wel waar is, is dat die teenwoordigheid van die kommunistiese ideologie 'n intensiteit en skerpheid ge= gee het aan die nuwe bewind se uitlewing en uitdrukking van Sjinese nasionalisme wat andersins waarskynlik afwesig sou wees. Hans J. Morgenthau sê hieroor:

> "Communism only adds a new dynamic dimension to the means by which those policies are to be achieved. In other words, the fundamental fact in Asia is not that China has a communist government, but that she has resumed her traditional role as the predominant power in Asia."[2]

1 Feuerwerker. Relating to the international community, p.50.

2 Aangehaal in Liu. China as a nuclear power in world politics, p. 22.

Sô nou verweefd het nasionalisme en ideologie geraak dat dit haas onmoontlik geword het om te probeer onderskei tussen die invloed van dié twee faktore. Op die keper beskou het nasio= naslisme miskien tog 'n groter invloed op die ideologie gehad as andersom.

In baie opsigte het die buitelandse betrekkinge van Sjina, dié land wat in die vroeë-vyftigerjare beskou is as totaal bepaal deur en ingestel op die kommunistiese ideologie, vandag 'n aard aangeneem wat dit nie maklik te onderskei maak van dié van ander state nie. Terwyl daar nog oor die rol van ideologie en tradi= sie in die bepaling hiervan gedebatteer word, is daar geen twyfel dat die Sjinese buitelandse beleid ten diepste nasiona= listies bepaal is nie.

Om 'n begrip te kan vorm van die plek en rol van Sjinese nasio= nalisme, is dit noodsaaklik om te let op die geboorte en groei daarvan in die ietwat meer as 'n eeu wat die bewindsoorname in 1949 voorafgegaan het. Alleen op hierdie basis val huidige Sjinese nasionale oogmerke te verstaan.

## 2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MODERNE SJINESE NASIONALISME

Die bestaan van moderne Sjinese nasionalisme en die felle aard daarvan is die resultaat van bepaalde gebeure en ontwikkelinge in die laaste driekwart-eeu van die Sjinese keiserryk en in die dekades ná die Revolusie van 1911, en van die wyse waarop hier= die gebeure deur die Sjinese vertolk word. Hieroor sê

Feuerwerker[3]:

> "The way the Chinese view their recent past and the fervid nationalism which arose gradually in response to the cataclysmic impact of imperialism on traditio= nal China . . . constitute the primary historical force which influences the foreign policy of the People's Republic of China."

Die geskiedenis van Sjinese nasionalisme is inderdaad een van reaksie op imperialisme en daardie reaksie duur voort by die Sjinese Volksrepubliek.

## 2.1 <u>Tydens die keiserryk</u>

Voor die toetrede van die Westerse imperiale moondhede tot Sjina gedurende die negentiende eeu het dié land nie deel van 'n werklike internasionale sisteem gevorm in die sin dat dit er= varing van verkeer met gelykes gehad het nie. Die Sjinese kon rustig bly voortbestaan in die waan van eie meerderwaardigheid met 'n kultuur wat oor 'n tydperk van dertig eeue tot geweldige hoogtes gevorder het. In die naam van die land ( 中 國 - Djoeng-ghwô) is die gedagte uitgedruk dat Sjina die "ryk in die middel" was. Rondom was barbare.

Dié kulturele eenheid en selftevredenheid het egter nie poli= tieke nasionalisme as 'n teenpool gehad nie. Die groot grond= gebied, provinsialisme, asook sterk familiebande het almal 'n gesentraliseerde staat en 'n sterk eenheidsgevoel teengewerk[4].

3 Feuerwerker, op. cit., p. 52.

4 Scalapino. The foreign policy of the People's Republic of China, p. 554.

Nie verniet is die Sjinese volk dikwels beskryf as 'n hoop los sand nie. Maar aan Sjinese grootheid het dit nie afbreuk ge=doen nie.

Met die aantog van Westerse imperialisme is eensklaps 'n kloof oopgeruk tussen die Sjinese ideaal en die werklikheid. Binne die bestek van enkele dekades het die tradisionele Sjinese wêreldorde verkrummel. Deur die Opium-oorloë van 1840 en 1860, die verdrae wat daarop gevolg het, die kolonisering van Sjina se invloedsgebied en 'n hele reeks ander gebeurtenisse het Sjina tot objek van die internasionale politiek en nie deelnemer daaraan nie, geword. Teen die eerste dekade van die twintigste eeu, aan die vooraand van die Sjinese revolusie, was die "siek man van Asië" 'n kolonie in alles behalwe naam. Sy gebieds=integriteit is vernietig deur die ekstraterritoriale regte, waaronder immuniteit teen Sjinese reg, waaroor duisende vreemde=linge in groot dele van Sjina beskik het; deur die beheer oor sy handel en invoerbelastings wat in die hande van buitelanders was; deur die beheer van Westerse skepe en kanonneerbote oor Sjina se riviere en gebiedswaters; deur die buitelandse ekono=miese mag wat deur middel van lenings asook spoorweg- en myn=konsessies afgedwing is; en les bes deur die wyse waarop die Sjinese sosiale lewe aangeveg is deur Westerse sendelinge, wat teen die negentigerjare reeds meer as tweeduisend getel het[5].

Die reaksie op hierdie toestand was die weifelende ontstaan van moderne Sjinese nasionalisme.

Die aanvanklike reaksie gedurende die veertiger- en vyftigerjare van die vorige eeu was een van blinde afkeer en 'n poging om op

5 Feuerwerker, op. cit., p. 49.

tradisionele wyse die "barbare" teen mekaar te gebruik en af te speel. Die tydperk tussen 1860 en 1895 het 'n meer pragmatiese benadering gesien. In 1860, ná die tweede Opium-oorlog, het die eerste vreemde diplomate hulle in Peking gevestig en het 'n departement van buitelandse sake tot stand gekom. Sjina het hom gehou by die verdrae wat op hom afgedwing is en terselfder= tyd gepoog om homself te versterk. Die besef het gegroei dat die land nie meer op uitgediende metodes kon vertrou nie en dat die Westerse tegniek bemeester moes word. Daar was nogtans 'n naarstiglike vashou, veral van die kant van die keiserlike hof, aan die gedagte van 'n universele koningskap en 'n weiering om die Westerse patroon van internasionale betrekkinge te aanvaar. Hierdeur is Sjinese selfopheffing en die ontwikkeling van na= sionalisme vertraag.

Die skok wat moderne nasionalisme in Sjina aan die gang gesit het, was die opkoms van Japan en veral die toetrede van dié staat, wat vroeër die kulturele en politieke junior en selfs onderhorige van Sjina was, tot die imperialistiese aanslag teen hom. Die neerlaag in die Sjinees-Japannese Oorlog van 1895, en veral die verlies van Taiwan en van Korea as invloedsgebied, het Sjina finaal die haglikheid van sy posisie laat besef en 'n nuwe patriotisme gaande gemaak.

Daarmee saam het die grootste deel van die Sjinese élite teen die laat-negentiende eeu die oorgang (wat Schwarz[6] noem die "kwalitatiewe sprong") gemaak van 'n strewe na die behoud van 'n gewaande universele Confuciaanse orde (天下 - tiên-sja) tot dié na die behoud van die volk en land (國家 - ghwô-dja).

6 Schwartz. Communism and China. Ideology in Flux, p. 232.

Daarmee is die besef van Sjina se glorie nie oorboord gegooi nie, maar net in ander terme ingeklee. Tewens, by Soen Jat-sen en heelwat ander Sjinese leiers het die gedagte aan 'n univer= sele taak vir Sjina ten opsigte van die mensheid bly voortbestaan.

Die irrasionele afkeer aan alles wat vreemd is, het plek gemaak vir 'n moderne Sjinese nasionalisme, en alhoewel die Bokser= opstand van 1900 'n kort terugkeer tot die houding van die veertiger- en vyftigerjare sou bring, was dit die nuwere produk wat voortaan die toon sou aangee in Sjina se benadering tot die wêreld. Die keiserryk was egter gedoem en sou nie meer lank die raamwerk wees waarbinne dit kon geskied nie.

## 2.2 Ná die Sjinese Revolusie

As die nuwe revolusionêre geslag in Sjina gehoop het dat die omverwerping van die keiserryk alle probleme sou oplos en die land op die gelyk pad na 'n blink nuwe toekoms sou plaas, is hulle teleurgestel. Op 10 Oktober 1911 het die revolusie begin en op 1 Januarie 1912 is die Republiek van Sjina uitgeroep. Maar die volgende dekade en 'n half was jare van onderlinge stryd, chaos en 'n feitlik totale gebrek aan eenheid. Dit sou nog lank duur voordat Sjina verlos kon word uit die ellende waarin hy hom bevind het.

Nogtans het die nuwe nasionalistiese gevoel by 'n groot deel van die Sjinese volk gedy. Die revolusie van 1911 en die val van die Mantsjoe-heersers van die Tjieng-dinastie het (ietwat kunsmatig) die karakter van 'n opstand teen vreemde heersers gekry. Die vernietiging van die monargie, soos bevestig deur die hewige verset teen pogings kort daarna om dit te herstel, het 'n ontwikkelende bewustheid van volksoewereiniteit getoon.

In teoretiese vorm is die nuwe stroming uitgedruk in Soen Jat-sen se "Drie Beginsels van die Volk", nl. Onafhanklikheid, Demo= krasie en Welsyn. Die basiese gedagtes van selfstandigheid en modernisering wat hierin vervat was, sou later in kommunistiese terminologie uiting vind in die stryd teen imperialisme en feodalisme.

Soos vroeër was dit egter weer stimuli van buite wat die Sjinese nasionale bewuswording aangevuur het. En weer eens was dit Japannese optrede wat 'n belangrike rol hierin gespeel het. In die betrokkenheid van die Westerse moondhede by die Eerste Wêreldoorlog het Japan sy kans gesien om sy invloed in die Verre Ooste uit te brei. Die logiese en aantreklikste slagoffer was die verswakte Sjina. In 1915 het Japan sy sogenaamde "21 Eise" aan die magtelose Sjinese regering gestel, wat daarop neergekom het dat Sjina feitlik 'n Japannese soesereiniteit, indien nie kolonie nie, sou word[7]. Dit was slegs met groot moeite dat die regering in Peking die mees ekstreme eise kon weerstaan. By veral die Sjinese intellektueles het protes teen Japan se aan= slag op Sjina vanaf dié tyd al meer na vore gekom. In 1919 sou dit tot 'n uitbarsting kom.

Intussen was daar juis vanaf 1915 'n nuwe intellektuele gees in Sjina merkbaar, veral onder die jeug en in die groot stede. Die publikasie van die tydskrif "Nuwe Jeug" vanaf 1915 was 'n be= langrike krag daaragter, en so ook die nuwe lewe wat daar vanaf 1916 in die Pekingse Universiteit geblaas is onder leiding van persone soos Tjên Doe-siu en Goe Sjih, laasgenoemde as die krag agter 'n literêre revolusie vir die vervanging van die kuns= matige, argaïese literêre styl deur 'n taalgebruik meer in

7 Clubb. Twentieth century China, p. 85.

ooreenstemming met die spreektaal. Die gevolg hiervan was die publikasie van steeds meer tydskrifte wat opgetree het as 'n stimulus vir nasionale denke[8].

Op 4 Mei 1919 het 'n gebeurtenis plaasgevind wat tot vandag toe beskou word as een van die belangrikste in die Sjinese nasio=nale ontwaking, en wat die gevolg was beide van Japan se aan=slag op Sjinese soewereiniteit en van die intellektuele ont=wikkeling wat hierbo geskets is. Die direkte aanleiding tot die gebeure van 4 Mei was die besluit by die Vredeskonferensie te Versailles om die Sjandoeng-skiereiland van Sjina, wat voor die oorlog Duitse invloedsgebied was, aan Japan toe te sê. Die gevolg was dat tussen drie- en vyfduisend studente op daardie dag in die strate van Peking bymekaar gekom het om teen die be=sluit by Versailles te protesteer. Toe hulle nie die diploma=tieke buurt kon binnegaan nie, het hulle hul wrewel gerig teen die vermeende "verraaiers" in die Sjinese regering. Die same=koms het aanleiding gegee tot 'n hele reeks proteste, wat op 12 Junie 1919 gelei het tot die bedanking van die Sjinese regering.

Die "Beweging van 4 Mei" (soos dit later bekend geword het) kon nie die Verdrag van Versailles of selfs die gewraakte bepaling verhoed nie, maar wat dit wel gedoen het, was om die akademici en studente bewus te maak van hulle nuutgevonde mag en aanlei=ding te gee tot 'n nuwe reeks tydskrifte en verenigings, waar=onder die "Vereniging vir die Studie van Sosialisme" wat in Desember 1919 tot stand gekom het met Mau Dzih-doeng as een van die lede[9].

8 Id., p. 109-114.

9 Id., p. 86-87.

In 1927 is die tydperk van chaos in Sjina tydelik beëindig met die sogenaamde "Noordwaartse Ekspedisie" onder leiding van Tjiang Kai-sjek en die vereniging van Sjina onder 'n Kuomintang-regering. Hierdie ontwikkeling het 'n verhewiging van die Sjinese nasionale bewussyn en 'n hernude afkeer aan vreemde= linge na vore gebring. Maar helaas. Die regering van Tjiang Kai-sjek was nie in staat om die groeiende nasionale gevoel be= hoorlik te benut nie, en hierdie onvermoë sou uiteindelik in 1949 tot sy val lei. Dit was die Sjinese Kommunistiese Party, onder leiding van Mau Dzih-doeng, wat op vernuftige wyse Sjinese nasionalisme homself ten goede laat kom het.

2.3 Die Kommuniste se bydrae

Die Sjinese Kommuniste beskou die "Beweging van 4 Mei" as die beginpunt van revolusionêre nasionalisme in Sjina. Volgens hulle is daarmee die oorgang gemaak van 'n blote anti-vreemde houding na 'n moderne anti-imperialisme. Dit was ook dié be= weging wat onregstreeks aanleiding gegee het tot die stigting van die Sjinese Kommunistiese Party.

In die tydperk rondom 1919 was daar onder die Sjinese jong intelligentsia al meer belangstelling in die Kommunisme as 'n moontlikheid om Sjina se probleme op te los. In die sin dat dit beide anti-feodalisties en anti-imperialisties was, het dié ideologie aantreklik gelyk. In 1920 het verteenwoor= digers van die Komintern na Sjina gegaan in 'n poging om munt te slaan uit die groeiende gety van nasionalisme en die gepaard= gaande belangstelling in Kommunisme en die Russiese revolusie. Kommunistiese selle is in verskillende stede gestig, en op 1 Julie 1921 kom die Sjinese Kommunistiese Party tot stand as

organisatoriese band tussen die Komintern en Sjinese nasiona=lisme.

Alhoewel die Kommuniste, ten spyte van hulle herkoms, aanvanklik nie fel nasionalisties was nie, het daar veral vanaf die tydperk ná die "Lang Mars" van 1934-5 'n verandering begin intree, en het die Sjinese Kommunistiese Party al meer die krag agter die monstering van Sjinese nasionale gevoel geword. 'n Belangrike aanleiding hiertoe was die oorlog wat in 1937 weer eens tussen Sjina en Japan uitgebreek het. In hierdie oorlog, waarin die Kommunistiese Party en die Kuomintang-regering, ten spyte van hulle stryd teen mekaar, oënskynlik as 'n verenigde front die Japannese aggressor teengestaan het, was dit die Kommuniste wat daarin geslaag het om die breë massas van die bevolking in die gebiede onder sy beheer te mobiliseer vir die stryd. Hiermee is 'n belangrike element tot die ontwikkeling van Sjinese nasio=nalisme toegevoeg, nl. massa-nasionalisme[10]. Waar nasionalisme teen die eeuwending nog hoofsaaklik beperk was tot die elite, en waar dit tot die twintigerjare nog grotendeels 'n stedelike ver=skynsel was, het dit vanaf die dertigerjare, en veral vanaf 1937, met die begin van die oorlog, onder leiding van hoofsaaklik die Kommunistiese Party na die platteland verskuif. So is magte wat tot op daardie stadium onbekend was aan die Sjinese samelewing, opgewek.

Die Kommunistiese Party kon dit doen omdat sy leiers al in die era vóór die totstandkoming van die Party nasionaliste was wat gedroom het van Sjina se heropkoms as 'n grootmoondheid in die internasionale bestel. Die eerste jare van die Party het by

10 Feuerwerker, op. cit., p. 51.

leiers soos Mau moontlik net tydelik die ideaal van die inter=
nasionale op die voorgrond gedwing ten koste van die nasionale,
maar die stryd teen die Japannese het die toestand herstel.
Schwartz[11] sê dat Mau in die vroeë veertigerjare reeds nie meer
die Sjinese nasionalisme van buite as 'n Leninistiese manipu=
leerder beskou nie, maar van binne as 'n Sjinese nasionalis.

Hul vermoë om die massas te monster en die nasionale gevoel te
gebruik, het die Kommuniste nie verloor nā die neerlaag wat die
Japannese in 1945 toegedien is nie. Nā die hervatting van die
burgeroorlog teen die Kuomintang is laasgenoemde deurgaans voor=
gehou as 'n werktuig in die hande van veral die Amerikaanse
imperialisme, terwyl die Kommunistiese Party dan die stryd sou
stry om Sjina vry te maak van Westerse oorheersing.

Dat die regering van die Volksrepubliek daarin kon slaag om sy
gesag oor elke aspek van die Sjinese samelewing te vestig en van
die Sjinese volk in die jare nā 1949 (en gedeeltelik reeds daar=
vōōr) 'n eenheid te maak soos nooit tevore nie, het baie te doen
met die wyse waarop hulle die krag van nasionalisme kon aanwend.
Uiteraard het die kommunistiese ideologie 'n toekomsvisie ver=
skaf en 'n bepaalde rigtinggewende invloed uitgeoefen, maar dit
kan min twyfel ly dat die werklike stukrag dié van nasionalisme
was.

11 Schwartz, op. cit., p. 131.

## 3. DIE SJINESE KOMMUNISTIESE IDEOLOGIESE BENADERING VAN NASIONALISME

'n Belangrike vraag waarop 'n antwoord gesoek moet word in die oorweging van die ontwikkeling van die moderne Sjinese nasio= nalisme en die Kommuniste se aandeel daaraan, is dië na die ver= houding tussen en die versoenbaarheid van (Sjinese) nasionalisme en die Kommunisme se oorgegewendheid aan proletariese inter= nasionalisme.

Die vader van die Kommunisme, Karl Marx, het die internasionale stelsel van nasionale state as anachronisties en uitgedien ge= sien. Hierby het Lenin aangesluit. Die Russiese revolusie moes onder andere dien om die bourgeois-struktuur van nasionale state te vernietig. Terselfdertyd het Lenin egter nie die nut van nasionalisme in diens van revolusie, veral in Asië, uit die oog verloor nie. Die wysheid hiervan is juis bewys in die Sjinese situasie, waar die lede van die nuwe Sjinese Kommunis= tiese Party reeds nasionaliste was, en waar die Kommunisme nasionalisme nie vervang het nie, maar juis versterk het. Van vroeg af was daar 'n mate van spanning tussen nasionalistiese en transnasionalistiese elemente in die Sjinese Kommunisme.

Aan die een kant was daar die kommunistiese ideologiese verbinte= nis aan die gedagte van 'n proletariese internasionalisme en aan die ander kant die feit dat die praktiese ervaring van Mau Dzih-doeng en sy makkers in die stryd teen die Japannese eerder hulle nasionale gevoel laat verhewig as laat verflou het.

Een van die min direkte uitsprake oor dië probleem vind ons by Liu Sjau-tjie in 1948:

"Kommuniste moet die stoerste, betroubaarste en bekwaamste leiers wees in die strewe na nasionale bevryding en on=afhanklikheid vir alle onderdrukte volke; hulle moet die fermste verdedigers van die regmatige belange van hulle eie volk wees; hulle moet onvoorwaardelik hulp verskaf aan die bevrydingsbewegings van al die onderdrukte volke in die wêreld en kan sekerlik nie aggressie pleeg teen enige ander volk of nasionale minderhede in hulle eie land onderdruk nie."[12]

Lui verwerp die bourgeois-nasionalisme wat gebaseer is op die jag na wins en op uitbuiting. Daar is dus 'n onderskeid tussen proletariese nasionalisme en bourgeois-nasionalisme. Vir Liu is daar so iets soos ware patriotisme wat nie in stryd is met proletariese internasionalisme nie. Proletariese nasionalisme is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot die vernieti=ging van imperialisme. Bourgeois-nasionalisme word nie totaal verwerp nie, maar die nut daarvan om daarmee saam te werk in die stryd teen imperialisme en feodalisme word ingesien [13].

In die verhouding tussen Sjina en die Sowjet-Unie, veral ná die verwydering tussen die twee state begin intree het, het die kwessie van nasionale outonomiteit sterk op die voorgrond getree. In die tydperk ná Stalin en veral ná die breuk in die laat-vyftigerjare het die Sjinese na vore getree as sterk voorstanders van die outonomiteit van nasionale kommunistiese partye[14]. Schwartz sê hieroor dat die Sjinese Kommunisme gehelp het om

12 Vertaling van die Engels aangehaal in Steiner. Main=springs of Chinese communist foreign policy, p. 75.

13 Id., p. 75-76. Kyk afdeling 3.2 van hoofstuk 3 oor die taktiek van die verenigde front.

14 Kyk afdeling 6 van hoofstuk 3 hieroor.

die oorwinning van die stelsel van nasionale state oor die transnasionale aansprake van Marxisme-Leninisme teweeg te bring[15].

Die gevolgtrekking moet onvermydelik wees dat terwyl die Sjinese Kommuniste nie hulle verbintenis aan die internasionalistiese ideale van die Kommunisme prysgegee het nie (in elk geval nie eksplisiet nie), hulle nie toegelaat het dat dit in die pad kom staan van Sjina se gewaande regmatige nasionale oogmerke nie en dat laasgenoemde nog so aktueel is as wat dit kon wees as geen kommunistiese regering die bewind in Sjina oorgeneem het nie.

## 4. NASIONALE OOGMERKE VAN SJINESE BUITELANDSE BELEID

Die buitelandse beleid van enige staat, en beslis dié van die Sjinese Volksrepubliek, laat hom baie moeilik kategoriseer in die vorm van 'n lys oogmerke wat nagestreef word - omdat die beleidsmakers en -uitvoerders self selde bewus is van so 'n duidelike reeks oogmerke, omdat doelstellinge voortdurend verander en omdat baie van die oogmerke só nou verweefd is dat dit moeilik van mekaar te onderskei is. Geen twee skrywers oor buitelandse beleid stem inderdaad ook ooreen oor wat die "normale" nasionale oogmerke van 'n staat is of behoort te wees nie, om van abnormale omstandighede nie eers te praat nie.

In die breedste terme sou daar gesê kan word dat die Sjinese buitelandse beleid sedert 1949 afgestem was op die oorgang vanaf 'n toestand waarin hy 'n slagoffer was in 'n internasionale stel=sel wat deur Europa, Amerika en Japan gedomineer is, na een

15 Schwartz, op. cit., p. 240.

waarin hy 'n volwaardige en onafhanklike deelnemer sou wees. In die opsig is Sjina verteenwoordigend van, maar ook meer sukses=vol as, die dosyne ander state wat in die twintigste eeu die pad van onderhorigheid na selfstandigheid geloop het.

## 4.1 Algemeen

Waarskynlik die sinvolste samevatting van die meer algemene na=sionale oogmerke van die Rooi Sjinese buitelandse beleid is dié deur Richard Löwenthal wat die blywende hoofbelange ("bleibenden Hauptinteressen") van die land as die volgende sien[16]:

a. In die eerte plek staan die bewaring van eie on=afhanklikheid in die sin dat Sjina self die beslis=sing oor sy eie ontwikkeling wil behou. Hierin lê ten minste 'n gedeeltelike verklaring vir die breuk tussen Peking en Moskou en vir die feit dat eers=genoemde, selfs al sou die breuk geheel word, nie maklik sou terugkeer na 'n Kommunistiese gemeenskap onder Russiese leiding nie. (Interessant is dat Grimm[17] van die breuk praat as "der Konflikt mit Moskau als Vollendung der Unabhängigkeit".)

b. 'n Tweede oogmerk is dié van eksterne sekuriteit. Dit behels nie alleen die opbou van 'n verdedigings=potensiaal nie, maar ook 'n vasbeslotenheid om Sjina se veiligheid nie vir minder belangrike doeleindes in gevaar te stel nie. Dit sou die verskil kon

16 Löwenthal. Chinas Perzeption der internationalen Kon=stellation und seine nationalen Interessen, p. 159-161.

17 Grimm. China in der Welt: ein geschichtlicher Abriss, p.45.

verklaar tussen Sjina se groot woordelikse steun aan revolusies en sy beperkte materiële steun daaraan.

c. Sjina poog derdens om die vorming van 'n vyandelike koalisie, dit wil sê samewerking tussen die twee super=magte met of sonder die deelname van Japan, teen hom=self te verhoed.

d. 'n Baie belangrike doelstelling is gelykberegtiging met die supermagte en die verkryging van inspraak in die reël van wêreldsake, en dit ten spyte van Sjina se volgehoue bewerings dat hy nie 'n supermag is of daarna streef om een te wees nie. In hierdie oogmerk lê die rede vir Sjina se onwilligheid om oor beperkings op kernwapens te onderhandel solank hy nog nie gelykheid met die VSA en die Sowjet-Unie bereik het nie. Tydens die Kulturele Revolusie van die sestigerjare het dit voorgekom of Sjina hierdie oog=merk op die agtergrond geskuif het, in homself gekeer geraak het en groter klem op selfversorgendheid gelê het. Dit was egter net 'n tydelike tendens. Die teenwoordigheid van hierdie oogmerk bied ook 'n ver=klaring, as een nodig is, vir die bittere Sjinese vyandskap teen die VSA as gevolg van laasgenoemde se pogings oor 'n tydperk van twee dekades om Sjina van die internasionale gemeenskap te isoleer.

e. Sjina streef verder daarna om wêreldwye ekonomiese be=trekkinge aan te knoop ten einde sy afhanklikheid van enkele markte te verhinder en die gevaar van isolasie te verhoed.

f. Die totstandbrenging van 'n regionale invloedsfeer veral ten opsigte van Viëtnam, Laos, Kambodja, Thailand, Korea, Birma en Nepal is 'n oogmerk wat logies aansluit by die reedsgenoemdes.

g. Dit beteken nie dat Sjina nie ideologiese oogmerke het nie en dat sy doelstellings slegs gemik is op eie nasionale belang nie. Löwenthal sien egter Sjina se belang om ideologiese invloed in kommunistiese en na= sionaal-revolusionêre bewegings in ander dele van die wêreld te verkry, as wesentlik instrumenteel en sub= sidiêr en as 'n middel om sy nasionale doelstellings te verwesentlik.

## 4.2 Die herwinning van verlore Sjinese grondgebied

Een bepaalde oogmerk van die Rooi Sjinese buitelandse beleid verdien egter afsonderlike behandeling, en dit is die strewe, immer teenwoordig sedert 1949, om Sjinese soewereiniteit te herstel oor al die grondgebied wat die land toekom. In hierdie opsig het die regering in Peking hom as besonder fyngevoelig bewys en dispute met ander state oor grondgebied het dan ook redelik dikwels oor die afgelope drie dekades voorgekom, ter= wyl daar voortdurend gepoog is om enigiets wat nog na kolonia= listiese invloed lyk, uit Sjina te weer. Feuerwerker[18] sien die Kommuniste se stryd om die verwydering van imperialistiese spore uit Sjina as 'n metode om die bewind te wettig. Die her= winning van Taiwan, byvoorbeeld, is daarom 'n nog belangriker krag in die Sjinese beleid as die daarstelling van 'n Maoïstiese utopie.

18 Feuerwerker, op. cit., p. 53.

'n Belangrike probleem by die bepaling van die regmatige aan=sprake van Sjina is die feit dat baie van die gebiede wat as verlore aangedui word, nooit werklik 'n integrale deel van die Sjinese ryk was nie. Gedurende die vroeë jare van die Tjieng-dinastie het diê ryk sy grootste omvang bereik met soesereini=teit oor Birma, Indosjina, Nepal en Korea, terwyl Taiwan en groot gedeeltes van Buite-Mongolië en Siberië in Sjinese besit was. Daarby het Japan en die Ryukyu-eilande in 'n skatpligtige verhouding teenoor Peking gestaan[19].

Die Sjinese Kommuniste is nie die eerste om aanspraak te maak op groot gedeeltes verlore grondgebied nie. Tjiang Kai-sjek het in 1947 reeds in sy boek "China's Destiny" geskryf dat slegs wanneer die verlore gebiede herwin is, pogings om die vernede=ring van Sjina ongedaan te maak, laat vaar kan word[20]. Tjiang het nie gespesifiseer wat hy as verlore gebied beskou nie, maar 'n tabel in 'n teksboek wat in 1946 in Sjina, toe nog onder Kuomintang-bewind, uitgegee is[21], dui aan dat dit nie veel ver=skil van die Kommunistiese weergawe soos dit in 1954 in die boek " 'n Kort Geskiedenis van Moderne Sjina" in Peking gepubliseer is nie[22]. (Kyk die kaart tussen p. 96 en p. 97 [23].)

Volgens die genoemde kaart is die volgende gebiede, wat vroeër skatpligtig aan die Sjinese ryk onder die Tjieng-dinastie was,

19 Starr. Ideology and culture, p. 243.

20 Whiting. Foreign policy of Communist China, p. 226.

21 Weergegee in Id., p. 227.

22 Bell. China: the communists and the world, p. 140.

23 Ontleen aan Hinton. Communist China in world politics, binnevoorblad.

aan vreemde moondhede prysgegee, soos aangedui (die reeks=nommers stem ooreen met die gidsnommers op die kaart):

1. Tasjkent-gebied aan Rusland in 1864.
2. Ladakh-gebied aan Brittanje in 1896.
3. Nepal aan Brittanje in 1898.
4. Sikkim aan Brittanje in 1889.
5. Bhoetan aan Brittanje in 1865.
6. Noordoostelike Grensgebied en Assam aan Brittanje ná 1820.
7. Birma aan Brittanje in 1886.
8. Andaman-eilande aan Brittanje.
9. Maleia aan Brittanje in 1895.
10. Thailand prysgegee onder Britse en Franse druk in 1904.
11. Indosjina aan Frankryk in 1885.
12. Taiwan en die Pescadores-eilande aan Japan in 1895.
13. Soeloe-eilande aan Brittanje.
14. Sjinees-Birmese grensgebied aan Brittanje ná 1886.
15. Ryukyu-eilande aan Japan in 1879.
16. Korea aan Japan 1895-1910.
17. Gebied wes van Amoer-rivier aan Rusland 1858.
18. Gebied noordoos van Mantsjoerye aan Rusland in 1860.
19. Sakhalin-eiland aan Rusland en Japan ná 1875.

Daarbenewens word op die kaart nog 'n aantal gevalle aangetref waar die grenslyn van Sjina nie ooreenstem met die huidige internasionale aanvaarde grense nie. 'n Pertinente voorbeeld hiervan is waar die grens met Indië as baie verder suid as die MacMahon-lyn aangedui word.



SJINESE KOMMUNISTIESE WEERGAWE VAN
OMVANG VAN RYK TYDENS TJIENG-DINASTIE
U. S. S. R
BAIKAL-MEER
Irkoetsk
BALKASJ-MEER
Tasjkent
ALTAI-BERGE
Oeljanbator
MONGOLIË
Oeroemtjie
SAKHALIN
AMOER
Harbin
HOKKAIDO
MANTSJOERYE
Moekden
JAPANSE SEE
KOREA
JAPAN
Tokio
SINKIANG
BINNE-MONGOLIE
Peking
Seoel
AFGHANISTAN
KASJMIR
S J I N A
GEEL SEE
PAKISTAN
Lantjou
TIBET
Nieu-Delhi
HIMALAJA
NEPAL
McMahon-lyn
Lhasa
SIKKIM
BHOETAN
Nanking
Shanghai
OOS-SJINESE SEE
JANGTSE
Djoengtjieng
I N D I Ë
Kalkutta
BANGLADESJ
Koenmieng
Taipei
TAIWAN
Kanton
Hong Kong
BIRMA
STILLE OSEAAN
Hanoi
LAOS
Rangoen
SUID-SJINESE SEE
GOLF VAN BENGALE
THAILAND
Manila
Bangkok
VIETNAM
ANDAMAN-EILANDE
KAMBODJA
SRI LANKA
PILIPPYNE
Saigon
SABA
SOELOE-EILANDE
MALEISIË
BRUNEI
SARAWAK
INDIESE OSEAAN
Singapoer
I N D O N E S I Ë
Tjieng-ryk. insluitende skatpligtige state
Sjinese grens volgens Kommunistiese bronne
Huidige aanvaarde interna-sionale grense:
afgebaken
onafgebaken
onbepaald

Twee gevalle waar Sjina opgetree het om sy beheer oor gebiede te herstel, was die ingrype van die Volksbevrydingsleër in 1949 om Tibet weer deel van Sjina te maak, nadat dit sedert 1912 'n groot mate van outonomie geniet het, asook die inlywing van Siendjiang as 'n Outonome Streek in 1955, nadat die leër die orde daar herstel het. Ook die Sjinese toetrede tot die oorlog in Korea, wat nooit in moderne tye deel van Sjina uitgemaak het nie, kan waarskynlik eerder toegeskryf word aan 'n siening deur die Sjinese dat dié land binne sy invloedsgebied val en van die Amerikaanse optrede as 'n bedreiging vir Sjinese veiligheid, as aan 'n ekspansiedrang, sy dit fisies of ideologies.

Bogenoemde eise en optrede het veral in die vyftigerjare 'n beeld van Sjina as 'n gevaarlike en aggressiewe mag geskep; deels ten onregte, omdat die land hom in baie gevalle bewys het as bereid tot kompromieë oor grondkwessies as die land se breër belange dit vereis[24]. In die vroeë sestigerjare het Sjina byvoorbeeld ooreenkomste oor oorblywende gebiedskwessies gesluit met Birma, Nepal, Pakistan, Afghanistan en Mongolië[25] en in die proses 'n besondere toegeeflikheid geopenbaar. Nêrens blyk die pragmatiese houding van die bewindhebbers in Peking duideliker as oor die Britse kroonkolonie Hong Kong en die Portugese kolonie Macao nie. Beide is enklaves onder koloniale beheer op vastelandse Sjina wat om ekonomiese dienlikheidsredes nog deur Sjina aanvaar word, ten spyte van die feit dat hul be= staan 'n direkte herinnering is aan die era van gewraakte

24 Kyk Maxwell. 'The threat from China' vir 'n breed= voerige beredenering van die siening dat Sjina nie ekspansionisties is nie.

25 Barnett. Uncertain passage, p. 287.

imperialisme. Sjina is klaarblyklik gewillig om te aanvaar dat dié twee gebiede op 'n meer geskikte tyd in die toekoms weer by Sjina gevoeg sal word.

Die belangrikste aspekte van Sjina se eise om verlore grond= gebied is egter sy aanspraak op Taiwan en sy stryd met die Sowjet-Unie en Indië oor grenskwessies.

4.2.1 Taiwan

Sonder enige twyfel die belangrikste aspek van Sjinese buite= landse beleid sedert 1949 sover dit die saak van grondgebied aangaan, is dié oor die beheer van Taiwan. Die redes hiervoor is duidelik: eerstens die feit dat die eiland 'n alternatiewe en kompeterende regering vir Sjina huisves (selfs al is die Kuomintang-regering nie meer werklik 'n bedreiging vir die be= wind in Peking nie), en tweedens die feit dat 'n deel van Sji= nese grondgebied wat eers onder Japannese beheer was, vir die afgelope twee en 'n half dekades reeds sterk onder die invloed van die gewraakte Amerikaners staan. Die regverdigingsgronde vir die insluiting van Taiwan is drieërlei: die gelyksoortige bevolking; die beheer van Sjina oor Taiwan vóór 1895; en die feit dat, volgens die ooreenkomste by Kaïro en Potsdam tydens die Tweede Wêreldoorlog, die eiland aan Sjina teruggegee moes word.

Sjina bly vasbeslote om Taiwan te "bevry". In 1950, 1954 en 1958 is militêre geweld gebruik teen die klein eilande Djienmin en Madzoe, teenaan die kus van Rooi Sjina, maar onder Taiwanese militêre beheer. Alhoewel Sjina nie die reg om geweld teen

Taiwan te gebruik afgesweer het nie, is sy beleid tans baie meer pragmaties. Die toenemende mate waarin Peking daarin geslaag het om Taipei te isoleer en die oorwinning oor Taiwan in die VVO in 1971 het waarskynlik grootliks hiertoe bygedra. Sjina besef verder dat die gebruik van geweld sekere probleme mee= bring: Taiwan self beskik oor 'n formidabele militêre mag wat heelwat weerstand kan bied, veral in die lig van Sjina se eie beperkte vloot- en amfibiese vermoë; daarby kom die waarskyn= lik ongunstige invloed op Sjina se beeld in die wêreld as hy nie sou huiwer om militêr op te tree nie.

Met die samesprekings tussen Sjina en die VSA wat in 1972 tydens die besoek van president Nixon gevoer is, is die vraagstuk van Taiwan nie op die spits gedryf nie, en tans, alhoewel dit nog die belangrikste oorblywende geskilpunt tussen Washington en Peking bly, is laasgenoemde klaarblyklik eerder bereid om dit as 'n bedingingspunt te gebruik as om toenadering dáároor te laat faal. Al word steeds aangedring op die "bevryding" van Taiwan, hoop die Kommuniste klaarblyklik eerder dat die isolasie van die eilandstaat toenemende verswakking sal meebring en dat êrens in die toekoms, as 'n nuwe geslag aan bewind is, tot 'n ooreenkoms geraak sal kan word.

4.2.2 <u>Met die Sowjet-Unie</u>

Die bestaan van 'n grenslyn van meer as 7 000 km tussen Sjina en die Sowjet-Unie verseker dat, namate verhoudinge tussen dié twee reuse om ander redes versleg, die potensiaal vir grens= insidente skerp verhoog word. In 1969 het dit gelei tot groot= skaalse botsings langs die Amoer- en die Oessoeri-rivier, iets wat die wêreld moes laat dink aan die moontlikheid van 'n

volskaalse oorlog tussen die twee eertydse bondgenote.

Benewens kleiner grenskwessies maak Sjina ook blykens die kaart tussen p. 96 en p. 97, aanspraak op groot gedeeltes van die oostelike helfte van die Sowjet-Unie. Barnett[26] is van mening dat die Sjinese bewus is daarvan dat die herwinning van die groot gebiede wat volgens hulle met "ongelyke verdrae" in die besit van die Russiese ryk gekom het, nie moontlik is sonder die (onaanvaarbare) risiko van grootskaalse oorlog nie. Ge=volglik gebruik hulle die eise eerder as 'n vorm van politiek-sielkundige oorlogvoering teen die Sowjet-Unie. In 'n onderhoud wat Mau Dzih-doeng in 1964 met 'n afvaardiging van Japannese Sosialiste gehad het, het hy daarop gesinspeel dat die gebied ten ooste van die Baikal-meer wat in die vorige eeu in Russiese hande gekom het, eintlik aan Sjina toekom. "Ons het nog nie ons rekening hiervoor gelewer nie", het hy verklaar[27].

Die Sowjet-Unie is op sy beurt nie bereid om as voorwaarde vir selfs kleinere grensaanpassings toe te gee dat die verdrae van die verlede onregverdig of "ongelyk" was nie, of om sy militêre magte op die Sjinese grens te verminder nie. Die moontlikheid van 'n skikking tussen Sjina en Rusland oor die grondkwessie lyk inderdaad skraal.

### 4.2.3 Met Indië

Naas sy geskil met die Sowjet-Unie is die stryd met Indië waar=skynlik Sjina se belangrikste territoriale geskil met 'n buur=land. 'n Belangrike oorsaak hiervan is die feit dat 'n

26 Id., p. 291.

27 Bell, op. cit., p. 139.

onafhanklike Indië sy grense uit koloniale tye geërf het.

In 1959 het grensbotsings tussen Sjina en Indië voorgekom en in 1962 het 'n volskaalse grensoorlog uitgebreek. Peking beskou die hele grens tussen die twee lande as nie-finaal. Dit gaan egter vir hom hoofsaaklik om stabiliteit in Tibet en om die ver= kryging en behoud van verbindingslyne tussen dié provinsie en Siendjiang. Hy sal daarom waarskynlik bereid wees om sy eise in die ooste prys te gee in ruil vir toegewings deur Indië in die weste. Alhoewel daar op die oomblik min tekens van 'n be= weging in die rigting van 'n kompromis is, maak Sjina se al= gemene belange, veral by stabiliteit in Asië, verdere militêre optrede teen Indië onwaarskynlik.

* * *

'n Ander gebiedskwessie wat tans net van potensiële belang is, is Sjina se aanspraak op die Senkaku-eilande tussen Okinawa en Taiwan. Dié eilande word geëis deur Japan, Sjina en Taiwan en is van belang as 'n potensiële strydpunt as gevolg van die beweerde teenwoordigheid van olieneerslae daar.

Uit die voorafgaande moet dit duidelik wees dat Sjina, eerder as blatant aggressief, oor gebiedseise tot dusver redelik be= heersd opgetree het, en dit ten spyte daarvan dat dié saak 'n taamlik prominente deel van sy buitelandse beleid uitmaak. Peking is klaarblyklik bereid om sy gebiedsaansprake ondergeskik te maak aan die nastrewing van sy breër nasionale belange op die internasionale toneel. Laat hy realisme nie op hierdie wyse seëvier nie, kan dit sy vordering op pad na die normalisasie van betrekkinge met die res van die wêreld net ten kwade wees.

## 5. TEN SLOTTE

Aan die debat oor die relatiewe invloed van nasionalisme en ideologie in die bepaling van die buitelandse beleid van die Sjinese Volksrepubliek sal daar waarskynlik nie gou 'n einde kom nie. Daarvoor is voortdurende ontwikkelinge 'n tê goeie bron van bewysvoering na die een of ander kant toe. Feuer=werker[28] se argument dat die ideologiese oogmerk van die om=vergooi van die bourgeois-internasionale stelsel van belang was en is vir die binnelandse politiek, maar dat die werklike basis van Sjina se verhoudinge met die res van die wêreld al minder onderskeibaar van dié van ander grootmoondhede geword het, lyk in hierdie verband goed in die kol. Die ontwikkeling sou vergelykbaar wees met die mate van normalisasie in buite=landse betrekkinge wat daar in die Sowjet-Unie ingetree het in die tyd ná Stalin se bewindsoorname, toe die ideaal van wêreld=revolusie verder uitgeskuif is op die tydskaal. So 'n vertol=king sou ook kon verklaar waarom die skerpheid van Sjina se internasionale aansprake in die jongste verlede steeds afgeneem het, naamlik dat dit geskied het namate hy die bedreiging teen sy nasionale integriteit sien kwyn het en sekerder van sy saak geraak het en hy dus kon bekostig om meer pragmaties te raak.

Sy groter gematigdheid ten spyt, bly die herinnering aan wat hy oor 'n tydperk van meer as 'n honderd jaar moes ly, vir Sjina baie lewendig. Die wêreld kan nie bekostig om in sy benadering van die reus van die Ooste hierdie invloed uit die oog te verloor nie.

28 Feuerwerker, op. cit., p. 53.

# HOOFSTUK 5

# TRADISIE AS GRONDSLAG VAN DIE SJINESE BUITELANDSE BELEID

## 1. INLEIDEND

In die bestudering van die buitelandse beleid van die Sjinese Volksrepubliek is die versoeking groot, soos dit seker ook vir studente van die Russiese buitelandse beleid in die twintiger- en dertigerjare moes gewees het, om die verwarring van die hui= dige en die onsekerheid van die toekoms nie so swaar te laat weeg nie en eerder aan te leun op die bekende uit die verlede. In dié proses word die hede dan bloot gesien as 'n funksie van die glorie en tradisie van die verlede.

Sjinese omstandighede leen hulle baie goed tot só 'n werkswyse. Word die geskiedenis van ná die revolusie van 1911 vergelyk met dié van die keiserryk, wat oor 'n tydperk van byna dertig eeue 'n hoogstaande kultuur ontwikkel het, blyk dit nog maar 'n druppel aan die emmer te wees. Word daar na die opeenvolgings= patroon van dinastieë gekyk, is dit opmerklik dat die chaotiese tydperk tussen 1911 en 1949 mooi ooreenstem met die gemiddelde oorgangstydperk tussen dinastieë, en is die neiging sterk om die Kommunistiese bewind te sien as die volgende in die ry om die orde in die land te herstel en 'n sterk sentrale gesag te vestig. Wie na analoë soek, vind in die Sjinese geskiedenis 'n ryke bron.

In sy sterkste vorm, en met spesifieke betrekking op Sjina se verhouding tot die buitewêreld, vind die klem op tradisie uiting in die bewering dat Sjina nooit die Westerse internasionale stel= sel van gelyke neweskikkende nasiestate aanvaar het nie en dat

die bewindhebbers in Peking nog steeds dink en optree asof Sjina nie alleen die sentrum van die wêreld sou wees nie, maar boonop die toppunt van 'n hiërargiese wêreldorde. Die Sjinese Kommunisme, wat dan in elk geval 'n groter Sjinese as kommunistiese komponent sou hê, is volgens so 'n siening 'n blote werktuig en die verloop van die Rooi Sjinese buitelandse beleid grootliks verklaarbaar aan die hand van die konsepte en tradisies wat Mau Dzih-doeng en sy makkers uit die Sjinese verlede geërf het.

Dat sō 'n benadering vol slaggate is, ly geen twyfel nie. Om die rol van die kommunistiese ideologie saam met die erfenis van die verlede te verreken, kan heelwat probleme en teenstrydighede oplewer. In die beoordeling van Peking se buitelandse beleid bly die vraag na die nawerking van tradisie, of dit nou ook al positief of negatief beantwoord word, steeds 'n geldige een.

## 2. DIE SJINESE TRADISIE

### 2.1 Hoe te definieer?

As daar gepoog word om die reste van die Sjinese tradisie na te spoor in die huidige Sjinese buitelandse beleid, is dit seker nodig om te bepaal wat as die inhoud van dié tradisie beskou moet word. Dit is nie 'n maklike taak nie. Westerlinge is té geneig om aan die geskiedenis van Sjina te dink asof dit oor meer as tweeduisend jaar totaal homogeen gebly het, en verloor daardeur uit gedagte dat die Sjinese beskawing, wat duur betref, vergelykbaar is met die Westerse beskawing sedert die opkoms en val van die Romeinse ryk. 'n Ander neiging is om uit die oog te verloor dat daar dikwels meer kragte werksaam was in die vorming van die Sjinese kultuur as net die Confucianisme. Veral

in die tydperk van die Djou-dinastie (ongeveer 1000 - 200 v.C.) het verskillende wysgerige skole met mekaar meegeding en nie almal se invloed het dadelik weggekwyn nie. Vanaf die Gan-dinas= tie (ongeveer 200 v.C. - 200 n.C.) is die Confucianisme egter van staatsweë bevorder en het dit totaal oorheersend geword. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word daar dus hoofsaaklik, wan= neer daar van die Sjinese tradisie sprake is, verwys na die Confucianisme en in besonder na die bepaalde opvatting van die wêreldorde wat daaruit voortgevloei het. Selfs dan is dit nie so maklik om al die elemente van tradisionele Sjinese opvattings en houdings onder dié een noemer tuis te bring nie. Om een voorbeeld te noem: die neiging tot selfisolasie by Sjina vloei heelwaarskynlik voort eerder uit die praktiese omstandighede waarin die land hom deur die grootste deel van sy bestaan bevind het, en nie uit een of ander etiese stelsel of wysgerige op= vatting nie.

## 2.2 Die siening van 'n hiërargiese wêreldorde

Die bepaalde opvatting wat Sjina tot so kort as 'n eeu gelede nog op die skikking van magte in die wêreldorde nagehou het, was die gevolg van sy praktiese ervaring in Asië oor 'n tydperk van meer as twintig eeue. In Oos-Asië, afgeskei van die bakermat van die Westerse beskawing, het geleidelik 'n afsonderlike be= skawing ontwikkel met Sjina as die sentrum en die enigste poli= tieke en kulturele mag van betekenis. Namate dié beskawing versprei het, is die Sjinese taal, kuns en ander kultuurvorme oorgeneem en aangepas deur buurlande soos Korea, Japan en lande in Suidoos-Asië.

Te midde van dit alles was die Sjinese kontak met die Westerse beskawing hoogs sporadies en beperk, en het dit niks gedoen om

Sjina se opvatting van sy eie superioriteit te ondermyn nie. In die terminologie wat die Sjinese gebruik het om na hul eie land, hul keiser en die res van die wêreld te verwys, was die gevoel van totale meerderwaardigheid merkbaar: Sjina was 中國 (Djoeng-ghwô) - die "Sentrale Land" of die "Ryk in die Middel"; die keiser was 天子 (tiên-dz) - die "Seun van die Hemel"; en die beskaafde wêreld soos dit aan die Sjinese bekend was, was 天下 (tiên-sja) - "almal onder die hemel", 'n bewys van die gevoel van universaliteit wat gepaard gegaan het met die gevoel van superioriteit. Sjina is beskou as 'n universele staat met 'n heerser wat 'n universele koningskap beklee.

Hierdie siening van die internasionale werklikheid was basies 'n internasionale weergawe van die hiërargiese en ongelyke so= siale orde wat kragtens Confuciaanse leerstellinge binne Sjina geheers het. Rondom Sjina het barbare geleef wat beskaaf kon word deur die Sjinese kultuur te aanvaar en hulleself binne die Sjinese stelsel te akkommodeer. In hierdie situasie was die Sjinese opperheerskappy onaantasbaar. Selfs die Boed= hisme, wat van Indië af oorgewaai het en 'n tyd lank groot in= vloed in Sjina uitgeoefen het, was daarvoor nie 'n wesentlike bedreiging nie, al was dit bloot omdat dit as godsdiens nie politieke konnotasies gehad het nie.

Om 'n volledige weergawe van die imperiale Sjinese opvatting van die wêreldorde te gee, sou haas onmoontlik wees. Mancall som egter dië opvatting op in die volgende vyf aannames[1]:

1 Mancall. The persistence of tradition in Chinese foreign policy, p. 17-19.

a. Die tradisionele wêreldorde is hiërargies en ongelyk, en 'n opvatting van die gelykheid en soewereiniteit van individuele state bestaan nie. Daar is 'n algemeen erkende sentrale gesag en daardie gesag is Sjina.

b. Sjina se plek in die wêreldorde is die gevolg van sy beskawing en die deug van die staat en van sy heerser. Sy posisie rus dus nie net op politieke nie maar ook op etiese grondslae. Gepaard hiermee gaan die konsep van 'n "mandaat van die Hemel" waarkragtens die keiser regeer.

c. Die wêreldhiërargie is universeel, sonder gelykes of mededingers of ander bronne van mag. Gevolglik het daar nie, soos in die Weste, 'n strewe na magsbalans ontwikkel nie.

d. Nasionale mag is 'n uitvloeisel van nasionale deug. Gevolglik bestaan daar geen konflik tussen mag en reg nie, want die een kan nie sonder die ander tot stand kom en bestaan nie.

e. Die internasionale gemeenskap is bloot 'n verlengstuk van die binnestaatlike gemeenskap. Van die bestaan van nasionale state op die Westerse patroon of van die duidelike skeiding van magsgebiede kon daar geen sprake wees nie. Die Sjinese Groot Muur was dus ook nie so= seer 'n staatsgrens nie as 'n skeiding van en besker= ming teen die barbaarse stamme ten noorde daarvan.

Sjina se superioriteit en sentrale posisie, sowel as sy eie aan= names oor sy posisie, het uiting gevind in die stelsel van

skatpligtigheid (op Engels bekend as die "tribute system"). Hierdie stelsel, waarvolgens die heersers en volke van naburige lande en soesereiniteite eer aan die Sjinese keiser bewys het deur die bring van besoeke en geskenke, het sy hoogtepunt bereik onder die Mieng- en Tjieng-dinastie en het voortgeduur tot 1908, toe Sjina reeds die "siek man van Asië" was. Die stelsel was tot voordeel van beide gewer en ontvanger: nie alleen het dit wedersydse handel moontlik gemaak nie, maar dit het ook aan die skatpligtige 'n skyn van wettigheid verleen deur sy verbintenis aan die Sjinese hof. Die stelsel self en die fomraliteite daar= van het 'n meganisme daargestel waardeur aan barbaarse streke 'n plek in die Sjinese kosmos gegee is[2]. Aan Sjinese kant het dit, benewens die politieke mag wat dit bewerk het, ook tot die veiligheid, ekonomiese krag en selfvoorsienendheid van die land bygedra.

Die besoek van die Britse gesant lord Macartney aan die Sjinese keiser in 1793 is nie alleen 'n goeie illustrasie van die (gepoogde) toepassing van die formaliteite van die stelsel van skatpligtigheid nie, maar ook 'n voorspel tot die uiteindelike vernietiging daarvan[3].

Die Sjinese hof was vasbeslote dat Macartney tydens sy besoek dieselfde eer aan die keiser sou bewys as wat van ander gesante uit die "barbaredom" vereis is. Macartney was ewe gedetermi= neerd in sy weiering en het uiteindelik die keiser te sien ge= kry sonder om die voorgeskrewe vernederende buigings voor hom te doen. Maar die keiser was nog by magte om in vredige

2 Cranmer-Byng. The Chinese attitude towards external relations, p. 58-59.

3 Kyk Id., p. 60-65 vir 'n beskrywing van dié sending.

selfgenoegsaamheid die versoeke van die Engelse koning om groter handelsgeleenthede te weier en in die proses sy brief te begin:

> "Ons, Keiser deur die guns van die hemel, gebied die koning van Engeland om ag te slaan op ons opdrag."[4]

Benewens die stelsel van skatpligtigheid het die Sjinese heer=skappy ook oor ander diplomatieke middele beskik om homself in stand te hou. Een voorbeeld hiervan was die sogenaamde "gebruik van barbare om ander barbare in toom te hou". Hierdie tegniek, wat in antieke tye op verskillende wyses teen barbaarse stamme aangewend is, kon in die negentiende eeu nog ten opsigte van Brittanje en Rusland gebruik word toe die Tjieng-dinastie eers=genoemde se vrese oor Russiese uitbreiding in Asië uitgebuit het om steun vir die versterking en instandhouding van die dinastie te verkry. Eweneens kon die Sjinese heersers, net soos hul altyd die elite van die land agter hulle kon verenig omdat die dinastie die verteenwoordiger van die Confuciaanse ortodokse leerstellings was, die Westerse moondhede in die negentiende eeu nog oortuig dat die instandhouding van die keiserryk noodsaaklik was vir stabiliteit in Sjina.

## 2.3 Beoordeling

Daar is reeds op gewys dat die Sjinese tradisie by verre nie een homogene eenheid is nie. Selfs bostaande uiteensetting van die Confuciaanse wêreldorde moet nie vertolk word asof dit 'n konsekwente onveranderlike entiteit was wat die voer van im=periale Sjinese buitelandse beleid op een onveranderlike koers geplaas het nie.

4 Id., p. 63. Vertaling van sy Engelse weergawe.

Schwartz[5] kom tot die gevolgtrekking dat die tradisionele wêreld=orde van die Sjinese versoenbaar was met beide 'n pasifistiese isolasionistiese beleid en 'n aggressiewe ekspansionistiese be=leid en dat dit inderwaarheid ook die geval deur die geskiedenis was. Elders[6] beweer Schwartz dat die Sjinese wêreldorde weinig praktiese konsekwensies gehad het en dat die deurslaggewende faktor steeds dié van mag gebly het. Wanneer die keiserryk sterk was, kon hy sy mag afdwing, en wanneer hy swak was, was die op=vatting van 'n hiërargiese orde van weinig waarde.

Feuerwerker[7] sluit aan by hierdie skeptisisme oor die invloed van die Sjinese opvattings op verhoudinge na buite as hy die bewering maak dat die instandhouding van Sjinese superioriteit na buite nie so belangrik was as die handhawing van die mite na binne nie. Alhoewel lord Macartney in 1793 bv. geweier het om die rituele buigings voor die keiser te maak, staan dit in die rekords van die Sjinese hof aangeteken dat hy dit wel ge=doen het. Elders sê Feuerwerker[8]:

> "The domestic function of raising the Son of Heaven to a moral height above all other men was as important as its role as a practical medium for China's international relations."

Waar daar by die bestudering van die buitelandse beleid van die moderne Sjinese Volksrepubliek die neiging bestaan om die tradi=sionele Sjinese wêreldorde onkrities as 'n gegewe te aanvaar en

5 Schwartz. Ideology in flux, p. 231-232.

6 Schwartz. The Chinese perception of world order, past and present, p. 278.

7 Feuerwerker. Chinese history and the foreign relations of contemporary China, p. 4.

8 Feuerwerker. Relating to the international community, p. 45.

daarop voort te bou, is dit sekerlik nodig om die bostaande kwalifikasies ten opsigte van die aard en gebruik van dië orde in gedagte te hou.

## 3. DIE TRADISIE IN 'N KRISIS

Soos reeds genoem was die kontakte wat Sjina tot die sewentiende eeu, teen ongeveer die einde van die Mieng-dinastie, met die Westerse beskawing gehad het, te sporadies en te beperk om enige beduidende uitdaging te bied aan die Sjinese siening van hulle plek in die wêreld.

Sjina se eerste grootskaalse aanraking met die Weste was die Russiese uitbreiding na Siberië gedurende die sewentiende eeu. In hul verhouding met die Russe kon die Sjinese egter daarin slaag om deur middel van kompromieë 'n direkte aanslag op die Sjinese aannames oor die wêreldorde af te weer. Kontakte tussen Peking en Moskou het plaasgevind op die vlak van laer amptenare, sodat dit nie vir die tsaar nodig sou wees om die keiser as sy meerdere te aanvaar nie. Die handel vanaf Rusland, sowel as geskenke wat in die verloop van normale verhoudinge uitgeruil is, is alhoewel dit nie van Russiese kant so bedoel is nie, deur die Sjinese behandel en beskou as geskenke van 'n mindere aan 'n meerdere op die basis van skatpligtigheid[9].

'n Groter en meer kritieke krisis vir die Sjinese tradisie het egter opgeduik met die koms van Wes-Europese handelsmoondhede, en veral Brittanje, na Oos-Asië teen die eerste helfte van die negentiende eeu. Ter wille van sy eie handel en welvaart was

9 Mancall, op. cit., p. 20.

Brittanje teen die laat-dertigerjare nie meer tevrede met die beperkte moontlikhede wat handel deur Kanton hom gebied het nie, en het hy van Sjina onbeperkte toegang tot die Sjinese mark en Britse verteenwoordiging in Peking op die basis van gelykheid geëis. Op hierdie wyse het die Opium-oorlog, alhoewel dit 'n geskil oor die verkoop van opium as direkte oorsaak gehad het, eintlik 'n stryd geword tussen die Oosterse en Westerse opvat= tings van die internasionale orde. Sodoende was dit die begin van die afbraak van die tradisionele Sjinese wêreldorde, wat uiteindelik sy grootste effek gehad het in sy negatiewe uit= werking op Sjina se vermoë om die Westerse wêreldorde en manier van doen te aanvaar.

In die tweede helfte van die negentiende eeu is Sjina en die orde wat oor baie eeue opgebou is, ten gronde geslaan. Sy voor= malige skatpligtige gebiede het byna almal Westerse kolonies ge= word, en van Sjina self is verwag om voortaan internasionaal op te tree binne die kader van die Westerse diplomasie en volkereg. Die gevolg hiervan was dat, soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui is, die meeste intellektuele Sjinese teen die laaste dekade van die negentiende eeu die oorgang gemaak het van lojaliteit aan 'n universele koningskap en beskawingsgebied na dié aan 'n staat in die Westerse sin van die woord, en dat ook in Sjina moderne nasionalisme die krag van die vroeg-twintigste eeu geword het. Institusioneel is aan hierdie oorgang beslag gegee met die val van die keiserryk in 1911 en die totstand= koming van die Republiek van Sjina op 1 Januarie 1912.

Die prysgawe van tradisionele Sjinese opvattinge het uiteraard nie sonder slag of stoot en ongekwalifiseerd geskied nie. Die naweë van Sjina se tradisionele glorie sou dekades lank na die

eerste aanraking met die Weste nog merkbaar wees. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die feit dat die Sjinese intelligentsia nie dié land se aanname van Westerse vorme en instellinge ná 1842 en veral ná 1860 as 'n prysgawe van die tradisionele vorme gesien het nie, maar as bloot funksioneel van aard en gemik op die beskerming van die Sjinese beskawing. Selfs ná die om=verwerping van die Mantsjoe-dinastie en die keiserryk was daar by Soen Jat-sen, leier van die revolusie, nog die gedagte aan 'n universele verantwoordelikheid wat Sjina ten opsigte van die mensdom sou hê. Sy opvolger, Tjiang Kai-sjek, se "Nuwe Lewe"-beweging in die dertigerjare was gemik op die versterking van Sjinese moreel deur die herstel van Confuciaanse waardes[10].

Al die voortgaande aansprake op Sjinese kulturele superioriteit was waarskynlik eerder 'n teruggrype na 'n grootse verlede om te vergoed vir die vernedering van die laaste eeu as wat dit 'n werklike geloof in die toepasbaarheid van daardie tradisie in al sy fasette was. As Mancall[11] egter redeneer dat die in=stellinge waarin uitdrukking gegee is aan die tradisionele wêreldorde in die era ná 1842 vinniger afgebreek is as die aan=names waarop dit berus het, verdien dit beslis aandag, veral ten opsigte van die vraag in welke mate die Kommuniste na dié tradisie teruggegryp het.

## 4. DIE KOMMUNISTE - ERFGENAME VAN DIE EEUE?

Wat in geding is by die bestudering van die Rooi Sjinese buite=landse beleid, is nie of 'n bepaalde Sjinese tradisie, met vir ons doeleindes 'n bepaalde siening van die wêreldorde as

10 Kyk Cranmer-Byng. The Chinese view of their place in the world, vir meer detail oor hierdie sake.

11 Mancall, op. cit., p. 21.

belangrikste komponent, wel bestaan het nie (daarvoor is daar genoeg getuienis), maar wel of die huidige regeerders van Sjina bewuste of selfs onbewuste erfgename van daardie tradisie is, en bowenal, of dit ook in hulle buitelandse beleid tot uiting kom.

Mancall[12] is van oordeel dat die herstel van 'n gesentraliseerde gesag in Sjina nā 1949 nie alleen die afbraak van die tradisio= nele aannames oor die staat beëindig het nie, maar selfs die proses kon omgekeer het, en dat juis die reaksie teen die Wester= se waardes wat tot Sjina se verswakking bygedra het, die geldig= heid van die tradisie kon versterk.

Die oorblyfsel van tradisionele filosofiese elemente in die moderne Sjina sou in elk geval nie noodwendig in stryd met die Marxisties-Leninistiese ideologie wees nie. Inteendeel, dit kan juis versterkend wees. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die wyse waarop die Confucianisme inderdaad beskou kan word as sou dit in formele sin die weg berei het vir die aanvaarding van die Kommunisme. Soos laasgenoemde was die Confucianisme ook 'n amptelike ideologie wat geen skeiding tussen staat en party geken het nie, wat 'n opvoedingstaak vir die staat gesien het en aan die wyses wat die waarheid bemeester het, die reg tot regering toegesê het, en wat aan die staat totale beheer oor die kultuur gegee het[13]. Die feit dat die twee 'n gemeenskaplike universalisme en siening van die staat het, lê egter nie nood= wendig op dieselfde vlak van belangrikheid as die feit van hul andersins totaal uiteenlopende inhoud nie.

12 Id., p. 24.

13 Scalapino. The foreign policy of the People's Republic of China, p. 553-554; Franke. The role of tradition in pre= sent-day China, p. 81.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is dit nodig om spesi= fiek die vraag te vra oor die mate waartoe die Volksrepubliek se erfenis uit die Sjinese verlede sy siening van en verhoudinge met die buitewêreld bepaal. In hierdie verband moet drie sake aan die orde kom, nl. die vraag of 'n siening van 'n hiërargiese wêreldorde nog steeds gehandhaaf word, of Sjina homself nog steeds as sentraal sien, en in die derde plek in welke mate die praktiese bedryf van Sjina se verhouding met die buitewêreld nog tradisionele kenmerke vertoon.

## 4.1 Steeds 'n hiërargiese wêreldorde?

Een van die gewildste temas in die aantoon van 'n tradisionele basis vir die Sjinese buitelandse beleid is die bewering dat die Sjinese hulle nog nooit kon versoen met die Westerse inter= nasionale stelsel van gelyke neweskikkende state nie en die wêreld steeds probeer sien as hiërargies georden. Hierin sou die kommunistiese ideologie dan ook 'n rol speel. 'n Deel van die aantreklikheid van hierdie ideologie sou dan juis gelê het in die feit dat dit op sy beurt 'n nuwe wêreldorde en 'n inter= nasionalisme wat wil breek met die Westerse tradisie van nasio= nale state, daargestel het. As dit die geval was, was dié aantrekkingskrag vir die Sjinese Kommuniste van hoogs tydelike aard, want soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, was die groei van moderne Sjinese nasionalisme in Sjinese Kommunistiese geledere spoedig nā die totstandkoming van die party baie duide= lik.

'n Ander feit wat in hierdie verband van belang is, is dat dit juis die Sjinese was wat 'n belangrike rol gespeel het in die oorwinning binne die Kommunistiese wêreld van nasionale belange

oor supranasionale oogmerke en dat dit die Sjinese Kommunistiese Party is wat die beste gebruik gemaak het en steeds maak van nasionalisme in die nastrewing van sy oogmerke.

Daar kan geredeneer word, soos Mancall[14] doen, dat juis die in= vloed van die tradisionele hiërargiese siening van die wêreld, asook die respek wat tradisioneel in Confucianistiese Sjina aan meerderes bewys is, dit vir Mau Dzih-doeng moontlik gemaak het om in die vroeë vyftigerjare Stalin en die Sowjet-Unie se leierskap van die Kommunistiese Wêreld te aanvaar. Hierteenoor staan die argument van Schwartz[15] dat die hiërargie wat implisiet in die wêreldkommunisme was, nie 'n groot rol kon speel in die aan= trekkingskrag vir die Sjinese nie, omdat dit 'n onderhorige posisie vir Sjina geïmpliseer het, en dit terwyl Sjina in die tradisionele hiërargie aan die hoof gestaan het. Sjina het Moskou se gesag dus nie aanvaar as gevolg van hulle bekendheid met 'n hiërargiese stelsel en die hiërargiese implikasies van Sowjet-kommunisme nie, maar ten spyte daarvan.

'n Ander argument, wat ook die verhouding tussen Sjina en die Sowjet-Unie wil verreken in terme van die tradisie, lui dat die breuk tussen die twee juis voortgespruit het uit en bewys lewer van die voortbestaan by die Sjinese van ouere opvattings. Ná die breuk, wat o.a. ontstaan het as gevolg van Peking se agter= dog dat Moskou afgewyk het van die suiwere Marxisties-Leninis= tiese leer, sou Peking dan weer gepoog het om die sentrum van ware Marxisme-Leninisme te word en om Mau, soos die keisers van ouds, die gelyktydige bron van politieke mag en geestelike

14 Mancall, op. cit., p. 25.

15 Schwartz. Ideology in flux, p. 238.

waarheid te maak. Weer eens staan hierteenoor die argument van Schwartz[16] dat die parallel nie betroubaar is nie, juis omdat die Sjinese Kommuniste hulle in dié proses op twee nie-Sjinese "barbare", nl. Marx en Lenin, beroep. Dat daar ooreenstemming met die tradisionele beeld van die wêreldorde is, val nie te ontken nie. Dat die huidige met die verlede resoneer, soos beide Schwartz[17] en Cranmer-Byng[18] dit uitdruk, beteken egter nog nie dat dit daardeur bepaal word nie.

Inderdaad kan kwalik anders as om met Schwartz[19] saamgestem te word dat die tradisionele Sjinese opvatting van die wêreldorde in die twintigste eeu radikaal ondermyn is en dat groot kousale waarde nie daaraan toegeken kan word in die verklaring en voor=spelling onderskeidelik van huidige en toekomstige Sjinese beleid nie. Vir sover tradisionele denkpatrone wel bly voortbestaan het, was dit in 'n baie mindere mate die geval by internasionale poli=tieke gedrag, waar Sjina self onvolkome beheer oor die gang van sake het en waar oorlewing in 'n groter mate afhanklik is van die aanpassing by die realiteite van 'n aantal nasionale state wat hulle eie nasionale belang nastreef en in die proses in 'n stryd om mag gewikkel is.

Die verandering wat ingetree het, is inderdaad veel meer as 'n blote aanpassing ten einde kennis te neem van die moderne wêreld, soos Fitzgerald[20] dit noem. Daar kan kwalik nog sprake wees van 'n Sjinese siening van 'n hiërargiese wêreldorde.

16 Id., p. 240.

17 Id., p. 240-241.

18 Cranmer-Byng. The Chinese view of their place in the world, p. 76.

19 Schwartz. The Chinese perception of world order, past and present, p. 284.

20 Fitzgerald. The Chinese view of their place in the world, p. 71.

## 4.2 Etnosentrisme

Die feit dat die Sjinese, en by name die huidige bewindhebbers, Sjina nie meer beskou as die toppunt van 'n internasionale hiërar= gie nie, beteken nie dat daar nie steeds 'n besondere gerigtheid op die eie kultuur is en in groter mate nog as by ander volke 'n besef van eiewaarde is nie. In hierdie verband is dit moeilik om die nawerking van die tradisie, veral vir sover dit 'n groot mate van etnosentrisme behels het, los te maak van moderne nasiona= lisme en die steeds groter klem op die kwaliteit van die Sjinese beskawing.

Etnosentrisme word op verskillende maniere gemanifesteer. Een daarvan is die neiging by moderne Sjinese historici om die ge= skiedenis van hulle land te hervertolk en tot die gevolgtrekking te kom dat Sjina tradisioneel meer progressief as die Weste was, soos in die bewerings dat die kapitalisme reeds in die Soeng-dinastie ontstaan het en dat die Sjinese feodalisme beter was as die Westerse vorm daarvan[21]. Die opmerklike is juis dat waar die "Beweging van 4 Mei" moderne nasionalisme uiting laat vind het in 'n felle anti-tradisionalisme, daardie selfde nasionalis= me oor die afgelope drie of vier dekades sterk steun op die glanspunte van die tradisie.

'n Ander belangrike analoog van die vroeëre etnosentrisme is die Sjinese opvatting van hulle eie unieke posisie en die bydrae wat hul kan lewer ten opsigte van revolusie. Liu Sjau-tjie se uit= spraak in 1949[22] dat die Sjinese revolusie as model vir

21 Mancall, op. cit., p. 22.

22 Kyk hoofstuk 2, p. 12.

revolusie in die onderontwikkelde en semi-koloniale gebiede moet dien, lyk nie ver van die tradisionele opvatting dat Sjina die bron van wysheid en deug is nie.

Weer moet egter daarteen gewaak word om te veel waarde aan oor= eenstemmings te heg. Om soos Fitzgerald[23] van die moderne siening bloot as 'n "restatement" van ouer postulate te praat, is simplisties en hou nie daarmee rekening dat selfs sonder die besondere Sjinese tradisie die siening van Liu steeds verklaar= baar sou gewees het nie.

Daar moet onthou word dat ten spyte van die internasionalistiese pretensies van die Kommunisme die Sjinese leiers (en volgelinge), in 'n baie groter mate as Westerse leiers, in hulle ervaring be= perk is tot sake van hulle eie land en selfs, op enkele uit= sonderings na, baie min of glad nie oorsee gereis het nie. Voeg daarby die betreklik omvattende aard van die Sjinese erfenis en die isolasie van vreemde kulturele invloede waarin Sjina om ver= skillende redes verkeer, en dit is duidelik dat etnosentrisme nie moeilik te verklaar is nie.

## 4.3 Tradisionele invloed op diplomasie

Benewens die invloed, al dan nie, van die Sjinese tradisie op die huidige teorie van internasionale betrekkinge, is dit ook nodig om te let op die effek daarvan op die wyse waarop Sjina sy verhoudinge met die buitewêreld prakties bedrywe.

Seer sekerlik die opmerklikste in hierdie verband is die feit dat Mau Dzih-doeng tot sy onlangse dood een van die belangrikste

23 Fitzgerald, op. cit., p. 49.

kenmerke van mag in imperiale Sjina behou het, nl. onbereikbaar=heid. 'n Geleentheid om Mau te ontmoet was selfs vir die Ameri=kaanse president 'n beloning. Mau self het net twee keer buite Sjina gereis - beide kere vir besoeke aan Moskou (in 1950 en 1957). Saam hiermee gaan die doelbewuste isolasie waarna Sjina streef en die doelgerigte pogings om vreemdelinge weg te hou van die Sjinese publiek, aspekte wat ook kenmerkend van die keiserryk was. Feitlik geen reisiger keer terug uit Sjina son=der om te kla oor die onmoontlikheid daarvan om kontak met Sji=nese buite die amptelik georganiseerde reisprogram om te maak nie. Ten spyte van Sjina se groeiende handels- en ander verkeer met die buitewêreld is die weë vir persoonlike verkeer nog rela=tief geslote. 'n Enkele voorbeeld hiervan is voldoende: terwyl wedersydse handel tussen Japan en Sjina in 1974 reeds dié tussen Japan en Taiwan oortref het, was daar vir elke 25 Taiwanese wat Japan in 1973 besoek het, slegs een Rooi Sjinees. Vir elke Japannees wat Sjina in daardie jaar besoek het, is 32 Taiwan toe[24].

In die manier waarop die huidige bewind buitelandse besoekers en diplomate ontvang en behandel, sit baie van die tradisionele neiging om deur die behandeling wat sulke persone toegekom laat word, goed- of afkeuring te impliseer. So word die jarelange Sjinese weiering om die hoof van die Britse diplomatieke sending in Peking as enigiets meer as bloot 'n "daiban" (verteenwoor=diger) te aanvaar, toegeskryf aan afkeer van Brittanje se ge=brekkige steun aan die Sjinese Volksrepubliek se posisie in die wêreld[25]. 'n Meer resente voorbeeld is die voorkeurbehandeling

24 Hirasawa. Japan's emerging foreign policy, p. 156.

25 Cranmer-Byng. The Chinese attitude towards external relations, p. 67.

wat konserwatiewe Europeërs soos Edward Heath, Margaret Thatcher en Franz-Josef Strauss in Peking te beurt geval het, onder andere as gevolg van hulle agterdog teen Moskou en hulle aandrang op 'n sterk en verenigde Europa, iets wat by implikasie Sowjet-druk op Sjina in die ooste sal laat afneem.

In die plek van die vroeëre geskenke in die vorm van allerlei kosbaarhede, het nou die stuur van kulturele sendings en die gee van geskenke aan die volke wat guns vind in die oë van Peking, gekom. Die klem wat op volksdiplomasie gelê word en die opbou van vriendskapsbande buite normale diplomatieke kanale om en die groter toeganklikheid vir persone wat nog bereid is om die knieval voor die Sjinese heersers te doen, herinner aan die geskenke wat onderhoriges eeue gelede aan die Sjinese keiser ge=bring het.

Dat daar baie oppervlakkige en minder oppervlakkige ooreenkomste tussen die bedryf van diplomasie in die Sjinese keiserryk en in die Sjinese Volksrepubliek is, is gewis. Dit moet egter nie oorbeklemtoon word nie. Sjina se aktiewe bedryf van konvensio=nele sowel as volksdiplomasie toon in baie opsigte 'n hemels=breë verskil met wat Cranmer-Byng[26] "the static concepts of the tribute system" noem. As ooreenkomste tussen toe en nou nie altyd toevallig is nie, staan dit ook nie noodwendig altyd in kousale verband nie.

## 5. TEN SLOTTE

Dit is twyfelagtig of die geskiedenis van enige ander land so=veel moontlikhede bied vir die inlees van die verlede in die hede as juis dié van Sjina. Die feit van 'n beskawing,

26 Id., p. 76.

uiteindelik eerloos gevalle, wat sy eie unieke visie op sy plek in die wêreld gehad het, die uiteindelike totstandkoming van die Sjinese Volksrepubliek met sy dreigende ideologie, en die her= opbou van Sjina as een van die grotes onder die state van die wêreld, is alles faktore wat sekerlik daartoe meegehelp het.

Dat daar in die moderne Sjina baie spore op te merk is van die verlede, ook in sy benadering tot die buitewêreld, val nie te ontken nie. Wat in eeue geskep is, word nie in drie dekades afgebreek nie. Daarby geld vir Sjina dieselfde as vir die meeste bekeerdes, naamlik dat innerlike veranderinge nie altyd uiterlik duidelik sigbaar is nie. Ook die inwerking van die buitelandse houding teenoor Sjina het waarskynlik te doen daar= mee. Die wyse waarop Sjina weerhou is van die vermoë om hom as die grootmoondheid wat hy is, te laat geld in die internasio= nale raadsale (o.a. deur sy uitsluiting uit die VVO) het on= getwyfeld die tendens versterk om groter klem te lê op vroeëre glorie.

Wanneer daar egter heel spesifiek gepoog word om die Sjinese hede te verreken in terme van bepaalde konsepte wat in die ver= lede gehuldig is, duik probleme op, veral wanneer nie deeglik rekenskap gegee word van die volle draagwydte van sulke konsep= te nie. Waarskynlik die sterkste argument teen die onbeperkte siening van 'n voortsetting van die Sjinese tradisie lê in die wyse waarop die Confucianisme, met sy bourgeoise-begronding van ongelykheid, en die proletariese Kommunisme met sy gelyk= heidsideale, mekaar uitsluit.

Die huidige heersers in Peking is sekerlik nog Sjinese, ten spyte van die ideologie wat hulle aankleef. Dit kan nie anders

as dat hulle aan diê ideologie in 'n beperkte mate 'n Sjinese kleur sal gee nie. Om egter op daardie gronde van die Sjinese Kommunistiese Party die volgende dinastie en van Mau Dzih-doeng en Gwa Ghwô-fing die volgende keisers te wil maak, is nie alleen simplisties nie, maar 'n miskenning van die verandering wat Sjina sedert 1949 ondergaan het.

## HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die studie en beoordeling van 'n land se buitelandse beleid kan geen meganiese proses wees nie. Daarvoor is die weg wat gevolg moet word en die kwalifikasies wat in ag geneem moet word, te ingewikkeld. Selfs al gaan dit om die beleidsrigtings en -formulering in die oopste en mees demokratiese gemeenskap, bly die pad van ontleding vol slaggate.

Wie die geheime van die Sjinese Volksrepubliek en die misterie van sy buitelandse beleid sonder die grootste omsigtigheid be= nader, bevind hom spoedig in 'n doolhof. Die vreemde van 'n kul= tuur wat nooit ten volle deur die Westerling begryp is nie, te= same met die geslotenheid wat eie aan die kommunistiese staat is, is formidabele struikelblokke om te oorkom op die pad na begrip.

En tog is dit juis hierdie twee faktore wat die soeke na begrip van Sjina en sy verhouding met die buitewêreld van dwingende belang maak. Tê lank kon heel simplisties maar van Sjina as die "geel gevaar uit die Ooste" gepraat word en met 'n karika= tuur van die land gewerk word. Tê lank nâ 1949 is die land bloot as net nog 'n afgietsel van die kommunistiese patroon ge= sien. Die breuk tussen Sjina en die Sowjet-Unie, Peking se toetrede tot die VVO en die land se groter betrokkenheid by die res van die wêreld, vir 'n tyd ook redelik intens in Suider= Afrika, het Sjina as 'n realiteit om deeglik mee rekening te hou, baie sterk op die voorgrond geplaas.

* * *

Agterna besien, kom die blote bestudering van ideologie, nasio=nalisme en tradisie as grondslae van die Sjinese buitelandse beleid bra simplisties voor. Per slot van sake is daar soveel meer faktore waaroor verantwoording sekerlik nodig is: geogra=fiese omstandighede, die persoonlikhede van die leiers, die wisselwerking van binnelandse omstandighede en buitelandse be=leid.

Seer sekerlik kan geen studie van hierdie aard aanspraak maak op volledigheid nie. Daar moet noodwendig selektief te werk gegaan word, en dan is dit dikwels die mees ooglopende faktore wat aan die orde kom. Terselfdertyd is dit egter ook die meer basiese faktore, sodat van die ander moontlikhede wat hierbo ge=noem is, in sekere opsigte niks meer is as funksies van dit wat wel behandel is nie. Geografiese omstandighede is byvoorbeeld ten nouste gekoppel aan beide die tradisionele Sjinese bestel en aan die felheid van moderne Sjinese nasionalisme. Dat sekere sake egter nog groter aandag vorentoe verdien, en hiervan is die verband tussen binnelandse tendense en buitelandse beleid seker=lik nie die minste nie, is gewis.

'n Ander oorweging dring egter na vore, en dit is dat die af=sonderlike oorweging van ideologie, nasionalisme en tradisie slegs op formele gronde geregverdig kan word. In werklikheid vorm die drie 'n onskeibare eenheid waarvan die een element nie sonder die ander kan bestaan of verstaan kan word nie. Wie dië faktore van mekaar wil losmaak, doen nie net elkeen afsonderlik skade aan nie, maar ook die geheelbeeld. Wie veral ideologie en nasionalisme nie as komplementêr sien nie, moet onvermydelik die verrekening van hul wedersydse invloed en wisselwerking en die beduidende rol wat dit gespeel het en steeds speel by die

bepaling van beleid, verlore laat gaan.

* * *

Oor die rol van die kommunistiese ideologie en van die moderne Sjinese nasionalisme in die bepaling van die Sjinese buiteland=se beleid is die laaste woord nog sekerlik nie gespreek nie. Uitsluitsel oor die vraag of die ideologie slegs 'n instrument in die hande van die nastrewers van nasionale oogmerke was en is, en of die huidige normalisering van beleid nie eintlik maar 'n tydelikheid is terwyl die oogmerk van proletariese inter=nasionalisme en wêreldrevolusie onveranderd bly staan nie, is moeilik. Dit is duidelik dat die antwoord tussen die twee uiterstes lê, maar nadere aanduiding van die balans op enige gesette tyd bly haas onmoontlik.

Een probleem hierby is dat die gronde waarop die Sjinese Kommu=niste se ideologiese benadering van die wêreld berus, sedert 1949 gaandeweg verander het. Die simplistiese beskouing oor die skikking van magte op die wêreldtoneel wat in 1949 gehuldig is, het plek gemaak vir 'n baie meer gesofistikeerde siening, wat uiteraard die strakke toepassing van ideologiese voorskrifte onmoontlik gemaak het.

'n Beoordeling van die rol van ideologie moet onder andere af=hang van die belang wat aan die Groot Proletariese Kulturele Revolusie geheg word. Die vraag is naamlik of dié gebeurtenis bloot 'n laaste wanhopige poging van Mau Dzih-doeng was om die primaat van ideologie (en dus revolusie) te vestig, en of dit 'n normale, herhaalbare gebeurtenis in die Sjinese opset was. Eersgenoemde moontlikheid lyk meer waarskynlik. Veral die dood van Mau en die (voortgaande) uitwissing van radikale elemente

in die Sjinese Kommunistiese Party laat 'n hernuwing van die ideologiese drif van die jare tussen 1966 en 1969 onwaarskynlik lyk.

In ieder geval moet onthou word dat die Kulturele Revolusie 'n groter effek op binnelandse aangeleenthede as op buitelandse beleid gehad het. Dit bring die waarskynlikheid na vore dat die kommunistiese ideologie, soos die Confucianisme van ouds, 'n groter rol te speel het in die motivering van 'n interne orde as in die rig van buitelandse betrekkinge, en dat die Kom= muniste, solank die ideologie daarin slaag om hulle binnelandse gesag en optrede te wettig, tevrede is om normaal pragmaties met die buitewêreld om te gaan en lippediens aan die ideologie te bewys, sodat dié se aandeel aan die dinamika van buitelandse betrekkinge steeds kleiner word.

In die tydperk sedert die Kulturele Revolusie is die klem van Sjinese kant steeds sterker geplaas op die aanknoop van normale interstaatlike betrekkinge en is die voer van "volksdiplomasie", met die steun aan revolusionêre bewegings wat dit impliseer, meer op die agtergrond geskuif. Daar moet onthou word dat selfs wanneer Sjina se retoriese steun aan revolusie elders op sy sterkste was, daar steeds beklemtoon is dat revolusie nie uit= gevoer kan word nie. Waar Sjina buite sy grense direk betrokke geraak het, soos in Korea en in Viëtnam in 'n mindere mate, is dit eerder gemotiveer deur oorwegings van eie sekuriteit.

Dat die uiteindelike ideaal van 'n proletariese internasionale orde bly staan, hoef nie betwyfel te word nie, maar dan bloot as geloofsbelydenis. Baie min van die plooibaarheid waarmee die Sjinese buitelandse beleid sedert 1949, maar veral gedurende die

afgelope sewe of agt jaar, gevoer is, is op grond van ideologiese aspekte verklaarbaar. Wie na die ideologie gryp as 'n sleutel en daarin 'n bloudruk vir Sjinese optrede soek, moet dit ongetwyfeld baie onbetroubaar vind, al is dit net omdat die ideologie nie 'n tydskaal aanbied nie. Getrouheid aan die opvattings van die Kommunisme hoef nie noodwendig te impliseer dat elke optrede van die huidige eng daardeur bepaal sal word nie.

Dat dit makliker is om die Sjinese buitelandse beleid te sien as 'n funksie van die kommunistiese ideologie, eerder as van die land se regmatige nasionale belange, staan vas. Baie selde het die terminologie van verklarings oor buitelandse betrekkinge nie die kleur van die ideologie nie. Daarby word daar in die werke van Mau byna sistematies 'n ideologiese benadering tot die buitewêreld uiteengesit. Die ideologie lyk inderdaad na 'n voldoende gids.

Om 'n saak daarvoor uit te maak dat Peking se optrede hoofsaaklik bepaal word deur oorwegings van nasionale belang, is moeiliker, want hiervoor is geen bloudruk beskikbaar nie. Maar die strewe na sekuriteit en die herstel en bewaar van Sjinese gebiedsintegriteit en nasionale eer loop tē duidelik soos 'n goue draad deur die geskiedenis sedert 1949 om enige twyfel te laat daaroor dat die Sjinese buitelandse beleid in sy nastrewing van nasionale oogmerke baie meer in gemeen het met enige ander staat in 'n soortgelyke posisie as wat besef word.

Die wyse waarop Sjinese optrede deur sy nasionale belang bepaal word, het in die afgelope dekade of wat ook verandering ondergaan. Namate die struikelblokke wat tot nog toe in die weg van Sjina se volle deelname aan die internasionale gemeenskap

gestaan het, uit die weg geruim is, het ook die dryfkrag van radikale nasionalisme en die invloed wat dit gehad het om Sjina aggressief te laat voorkom, verdwyn. Die land se lidmaatskap van die VVO, die toenadering tot die VSA, en sy steeds duideliker beweging in die rigting van die supermoondheidstatus wat hom toe= kom, het radikale optrede en koersaanpassings steeds meer onwaar= skynlik gemaak.

* * *

Wat van die toekoms?

By die skryf hiervan is dit reeds meer as 'n jaar sedert die dood van Mau Dzih-doeng en die oorname van die leierskap deur Gwa Ghwô-fing. Alhoewel daar heelwat aanduidings is oor die koers wat die nuwe heersers, veral met die pragmatiese Ding Siau-pieng in hulle midde, gaan inslaan, is dit nog te vroeg om be= sliste uitsprake daaroor te doen.

Dit is belangrik om te onthou dat Mau Dzih-doeng se dood nie die enigste verandering is wat ingetree het nie, maar dat 'n hele geslag van revolusionêre leiers besig is om in Sjina verby te gaan en dat 'n nuwe geslag, wat beperkte ervaring het van die totstandkoming van Kommunistiese Sjina, aan die oorneem is. In dié proses moet die houding dat buitelandse beleid bloot 'n verlengstuk van die binnelandse revolusie moet wees, onvermyde= lik in die slag bly.

'n Duidelike tendens is reeds besig om in Sjina ten opsigte van die binnelandse politiek te ontwikkel: terwyl daar wegbeweeg word van die radikale houding waarvan Mau Dzih-doeng die krag was, word die vader van Sjinese Kommunisme se eer nog met volle

oorgawe besing. Soos reeds in die afgelope paar jaar sal Sjina in die toekoms ook in sy al meer pragmatiese wordende optrede teenoor die buitewêreld nie gesien hoef te word as ontrou aan sy revolusionêre beginsels nie. Die bewindhebbers in Peking toon 'n merkwaardige vermoë om hulle optrede te rasionaliseer en sal sekerlik hulle bes doen om hulle pragmatiese optrede en hulle ideologiese optrede nie in stryd te laat kom nie, maar mekaar eerder te laat aanvul.

Dit beteken nie dat die vasbeslotenheid om Sjina ryk en sterk te maak, verdwyn het nie. Die siening van revolusie as 'n nood=saaklike komponent van hierdie proses is wel op die agtergrond geskuif, maar nie die strewe na sekuriteit, 'n leiersrol en ekonomiese vooruitgang nie. Sjina sal sekerlik in die toekoms op 'n meer positiewe en aktiewe wyse hierdie oogmerke nastreef.

Sekuriteit sal ongetwyfeld Sjina se hoofoogmerk bly, met die Sowjet-Unie nog steeds die grootste bedreiging. Voorlopig sal die beleid van toenadering tot die VSA waarskynlik voortgesit word, al is die struikelblok van Taiwan nog nie uit die weg geruim nie. Toenadering tot die Sowjet-Unie self lyk nie gou moontlik nie, maar durf nie uitgesluit word nie, veral in die lig van die ekonomiese prys wat sy verdediging Sjina tans kos.

Dit is onwaarskynlik dat Sjina sy strewe na leierskap van die Derde Wêreld sal prysgee, gesien in die lig van die bedingings=mag wat dit hom gee. Daarby sal waarskynlik kom 'n poging om sy natuurlike leiersrol in Asië weer al meer op te neem. Of dit sal geskied in samewerking of in kompetisie met Japan, is nou nog te vroeg om te sê.

Maar 'n belangrike doelstelling, en een wat ongetwyfeld sy in= vloed op Sjina se verhoudinge met die res van die wêreld sal hê, is reeds dié van ekonomiese bestendiging en vooruitgang ná die jare waarin revolusie en ideologiese suiwerheid ekonomiese oor= wegings telkens op die agtergrond gedwing het. As Sjina wil poog om te moderniseer en later selfs met die res van die wêreld mee te ding, sal hy onvermydelik toenemend moet deelneem aan die internasionale ekonomiese verkeer. Hoe om Sjina se betrekkinge met die res van die wêreld uit te brei en terselfdertyd kontak tussen die Sjinese bevolking en vreemdelinge te beperk, is 'n probleem wat die nuwe leierskap sal moet oplos.

Dit alles kan nie beteken dat Sjina al meer Westers sal raak of selfs bereid sal wees om die Westerse oorheersing van die inter= nasionale toneel (as dit nog bestaan) te aanvaar nie. Daarvoor is die huidige elite in Peking nog te diep ingebed in 'n Sji= nese verlede. Wat dit waarskynlik wel beteken, is dat Sjina toenemend bereid sal wees om hom binne die huidige internasio= nale stelsel te laat geld, eerder as om die bestaansreg van die stelsel self te betwis. Geen waarborg bestaan egter dat 'n her= waardering van die magte op die internasionale toneel nie dié houding kan laat verander nie.

* * *

Enige poging om die verloop van die Sjinese buitelandse beleid tot op hede te kategoriseer aan die hand van die bespreekte fak= tore, of om die toekoms van dié beleid op grond van die geraamde relatiewe gewig van ideologie, nasionalisme en tradisie te voor= spel, moet 'n onvolkome resultaat hê. Op die ou end bly die be= gronding, formulering en uitvoering van dié, en enige ander buitelandse beleid, 'n té verwikkelde proses om met meer as net

waarskynlikhede te werk. Miskien moet selfs dit in die geval van Sjina tot moontlikhede ingekort word.

## BYLAAG A

## TRANSKRIPSIE VAN SJINESE NAME VIR GEBRUIK IN AFRIKAANSE GESKRIFTE

Alhoewel die uitspraak van Standaard-Sjinees[1] nie 'n groot pro=bleem is nie en die meeste Sjinese name redelik akkuraat deur Afrikaanssprekendes uitgespreek kan word, word daar gestuit op die feit dat Sjinees 'n wildvreemde taal is en dat die idee wat Afrikaners van die uitspraak van Sjinese name het, gevorm word op grond van transkripsiestelsels wat deur Engelssprekendes vir gebruik deur Engelssprekendes ontwerp is en wat met die jare, onder andere by gebrek aan gesaghebbende kritiek daarop, as noodwendig korrek aanvaar is.

Die bekendste metode van transkripsie is die Wade-Giles-stelsel. Dit is feitlik sonder uitsondering diê stelsel wat gebruik word vir die weergawe van Sjinese name in allerlei Engelse geskrifte. Ander stelsels is die Gwoyeu Romatzyh (in 1926 van ampsweë in die destydse Republiek van Sjina ontwerp en nooit wyd na buite gebruik nie), die Yale-stelsel (gedurende die Tweede Wêreld=oorlog in die VSA ontwerp en, alhoewel die maklikste stelsel vir Engels- en ook Afrikaanssprekendes, nooit op groot skaal buite die onderrigsituasie gebruik nie), en Pinyin, wat tans in die Sjinese Volksrepubliek as die amptelike stelsel ge=proklameer word[2].

1 Wat hier as "Standaard-Sjinees" beskryf word, is in werklik=heid die Peking-dialek van die taal, wat in Sjinees as 國語 (ghwô-ju) en in Engels as "Mandarin" bekend staan en deur die regerings in beide Peking en Taipei as amptelike vorm geproklameer is en bevorder word.

2 Newnham. About Chinese, p. 169-175.

Om terug te kom na Wade-Giles: die kritieklose aanpassing in Afrikaanse geskrifte van name wat volgens diè stelsel in Engelse geskrifte voorkom, lei nie alleen tot grootliks verkeerde weer=gawes nie, maar in baie gevalle ook tot onuitspreekbaarheid. In Afrikaanse geskrifte word die naam van die huidige Sjinese premier en partyvoorsitter byvoorbeeld as Hoea Koeo-feng weer=gegee, terwyl 'n meer korrekte en uitspreekbaarder vorm Gwa Ghwô-fing sou gewees het, met die G in Gwa uitgespreek soos in "gaan" en die Gh in Ghwô soos in "ghoen".

Die algemeenste foute wat voortspruit uit die feit dat die Wade-Giles-stelsel nie altyd akkuraat is nie en dat Afrikaanse aan=passings van diè Engelse stelsel gevolglik nie noodwendig goeie getranskribeerde Sjinees is nie, is die volgende:

a. Van alle u's word oe's gemaak, terwyl dit voor klinkers eintlik w's moet word (Tung = doeng, maar kuo = ghwô).

b. Alle ch's word tj's (of nog erger: tsj's) terwyl baie in werklikheid dj's behoort te wees.
(Wade-Giles onderskei tussen sekere pare klanke deur die stemloses met 'n afkappingsteken te volg en die stemhebbendes nie:

| | |
|---|---|
| p (klank) = p' (W-G-weergawe) | maar b = p |
| t = t' | maar d = t |
| k = k' | maar gh = k |
| tj = ch' | maar dj = ch |
| ts = ts' | maar ds = ts |

Ongelukkig word daar in baie Engelse publikasies nie meer aandag gegee aan die konsekwente gebruik van die

afkappingsteken nie, en waar dit nie deurgaans gebruik word nie, is dit dus feitlik onmoontlik om te bepaal of die weergegewe klank stemhebbend of stemloos is. Tensy elke nuwe naam wat opduik se korrekte uitspraak nagegaan word as so 'n klank daarin voorkom, sal Afri= kaans maar dié nie-onderskeid moet oorneem.)

c. Alle h's word h's gehou, terwyl die h van Wade-Giles in werklikheid 'n g soos in "gaan" is. Dus word Hua Gwa en nie Hoea nie.

d. Teng en feng word as têng en fêng uitgespreek, terwyl dit ding en fing behoort te wees.

Uiteraard is daar gevalle waar dit nie nodig (of wenslik) is om Sjinese name soos dit in Engels gebruik word, anders in Afrikaans weer te gee nie. Plekname soos Peking en Shanghai word sô al= gemeen aanvaar (ten spyte van die feit dat die uitspraak nie korrek is nie) dat dit liefs so gehou kan word. Die opmerkings wat hierin gemaak word in verband met transkripsie in Afrikaans geld ook net die uitspraak van Standaard-Sjinees en het nie be= trekking op Sjinese name uit plekke soos Hong Kong en Singapoer, waar ander dialekte gepraat word en ander skryfwyses by tran= skripsie in Engels gevolg word nie.

Letters of lettergroepe in die Wade-Giles-weergawe van Sjinese name of woorde behoort soos volg gewysig te word vir gebruik in Afrikaanse geskrifte:

| Wade-Giles | ATS[3] | Wade-Giles | ATS |
|---|---|---|---|
| p | b | o | ô of whô |
| p' | p | ai | ai |
| m | m | ei | ei |
| f | f | ao | au |
| t | d | ou | ou |
| t' | t | en | in of ên |
| n | n | ang | ang |
| l | l | eng | ing |
| k | gh | erh | aar |
| k' | k | i | ie |
| h | g | w | wh |
| ch | dj | u | oe of w |
| ch' | tj | y | j |
| j | r | yu, yü | jw |
| hs | s | ia | ja |
| sh | sj | ieh | ê |
| tz, tzu, ts | dz | eh, ih | ih |
| tz', ts' | ts | ien | iên (ie-hen) |
| sz, ss, s | s | | |

Onderstaande is alfabetiese lyste van name en terme wat in hier= die verhandeling volgens bostaande stelsel geskryf word, met daarnaas die skryfwyse volgens die Wade-Giles-stelsel asook die Sjinese skryftekens daarvoor. (By die lys van persoonsname word ook die name van lede van die Vaste Komitee van die Sjinese Kommunistiese Party se Politburo wat nie in die verhandeling voorkom nie, ingevoeg.)

3 Afrikaanse Transkripsie van Sjinees.

| ATS | Wades-Giles | Sjinees |
|---|---|---|
| **Persoonsname** | | |
| Ding Siau-pieng | Teng Hsiao-p'ing | 鄧小平 |
| Djou In-lai | Chou En-lai | 周恩來 |
| Goe Sjih | Hu Shih | 胡適 |
| Gwa Ghwō-fing | Hua Kuo-feng | 華國鋒 |
| Gwang Gwa | Huang Hua | 黃華 |
| Jê Djiên-jieng | Yeh Chien-ying | 葉劍英 |
| Lie Siên-niên | Li Hsien-nien | 李先念 |
| Lien Biau | Lin Piao | 林彪 |
| Liu Sjau-tjie | Liu Shao-ch'i | 劉少奇 |
| Mau Dzih-doeng | Mao Tse-tung | 毛澤東 |
| Ping Djên | P'eng Chen | 彭真 |
| Soen Jat-sen (Swun Djoeng-sjan) | Sun Yat-sen[4] | 孫中山 |
| Tjiang Kai-sjek (Djiang Djê-sjih) | Chiang Kai-shek[4] | 蔣介石 |
| Tjên Ie | Ch'en Yi | 陳毅 |
| Tjiau Ghwan-gwa | Ch'iao Kuan-hua | 喬冠華 |
| Tjên Doe-siu | Ch'en Tu-hsiu | 陳獨秀 |
| Whang Doeng-sieng | Wang Tung-hsing | 汪東興 |

4 In die geval van Soen Jat-sen en Tjiang Kai-sjek is die tweede gedeelte van hulle name (m.a.w. die "voorname") 'n dialektiese vorm. 'n Afrikaanse weergawe daarvan word gegee met die ATS van die Standaard-Sjinees in hakies.

| ATS | Wades-Giles | Sjinees |
|---|---|---|
| **Plekname** | | |
| Djiangsie | Kiangsi | 江西 |
| Djienmin | Quemoy[5] | 金門 |
| Gainan | Hainan | 海南 |
| Jênan | Yenan | 延安 |
| Madzoe | Matsu | 馬祖 |
| Siendjiang | Sinkiang | 新疆 |
| Sjandoeng | Shantung | 山東 |
| Whoedjang | Wuchang | 武昌 |
| **Ander terme** | | |
| Djoeng-ghwô | chung-kuo | 中國 |
| Djou (dinastie) | Chou | 周 |
| Gan (dinastie) | Han | 漢 |
| ghwô-dja | kuo-chia | 國家 |
| Mieng (dinastie) | Ming | 明 |
| Soeng (dinastie) | Sung | 宋 |
| tiên-dz | t'ien-tzu | 天子 |
| tiên-sja | t'ien-hsia | 天下 |
| Tjieng (dinastie) | Ch'ing | 清 |

5 Dialekties van oorsprong.

# BIBLIOGRAFIE

## 1. BOEKE


BARNETT, A.D. Uncertain passage. China's transition to the post-Mao era. Washington, Brookings Institution, 1974. 387p.

BELL, C. China: the communists and the world. (In NORTHEDGE, F.S., red. The foreign policies of the powers. Londen, Faber & Faber, 1974. p. 120-160.)

CLUBB, O.E. Twentieth century China. New York, Columbia University Press, 1964. 470p.

COMMUNIST PARTY OF CHINA. The tenth national congress of the . . . (documents). Peking, Foreign Languages Press, 1973. 98p.

FAIRBANK, J.K. e.a. East Asia. Tradition and transformation. Londen, Allen & Unwin, 1973. 969p.

FITZGERALD, C.P. The Chinese view of their place in the world. Londen, Oxford University Press, 1969. 82p.

FITZGERALD, C.P. Mao Tse-tung and China. Harmondsworth, Penguin, 1977. 197p.

GITTINGS, J. The world and China, 1922-1972. Londen, Eyre Methuen, 1974. 303p.

GRIMM, T. China in der Welt: ein geschichtlicher Abriss. (In VON GROELING, E. & NäTH, MARIE-LUISE, redd. Die Aussenpolitik Chinas. München, R. Oldenbourg, 1975. p. 23-48.)

HINTON, H.C. Communist China in world politics. Boston, Houghton Mifflin, 1966. 527p.

HSü, I.C.Y., red. Readings in modern Chinese history. New York, Oxford University Press, 1971. 701p.

LARKIN, B.D. China and Africa 1949-1970. The foreign policy of the People's Republic of China. Berkeley, University of California Press, 1971. 268p.

LASS, H.R. Die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering. Mao Tse-tung, Vo Nguyen Giap en Chē Guevara. Potchefstroom, Sentrum vir Internasionale Politiek P.U. vir C.H.O., 1975. 174p.

LAWRANCE, A. China's foreign relations since 1949. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1975. 261p.

LIU, L.Y-Y. China as a nuclear power in world politics. Londen, Macmillan, 1972. 125p.

LÖWENTHAL, R. Chinas Perzeption der internationalen Konstella= tion und seine nationalen Interessen. (In VON GROELING,E. & NÄTH, MARIE-LUISE, redd. Die Aussenpolitik Chinas. München, R. Oldenbourg, 1975. p. 139-161.)

MAO TSETUNG. Selected readings from the works of . . . Peking, Foreign Languages Press, 1971. 504p.

MAO TSETUNG. Six essays on military affairs. Peking, Foreign Languages Press, 1972. 393p.

NEWNHAM, R. About Chinese. Harmondsworth, Penguin, 1971. 188p.

RA, P-Y. Ideological foundations of recent Chinese foreign policy as reflected in English language publications. Ann Arbor, University Microfilms, 1974. 153p.

SCALAPINO, R.A. The foreign policy of the People's Republic of China. (In BLACK, J.E. & THOMPSON, K.W., redd. Foreign policies in a world of change. New York, Harper & Row, 1963. p. 549-588.)

SCALAPINO, R.A. Asia and the road ahead. Issues for the major powers. Berkeley, University of California Press, 1975. 337p.

SCHIEDER, T. Revolution. (In KERNIG, C.D., red. Marxism, communism and Western society. A comparative encyclopedia. New York, Herder & Herder, 1973. 7:229-244.)

SCHRAM, S.R. The political thought of Mao Tse-tung. New York, Praeger, 1969. 469p.

SCHURMANN, F. Ideology and organization in Communist China; second edition. Berkeley, University of California Press, 1968. 642p.

SCHURMANN, F. & SCHELL, O. Communist China. Harmondsworth, Penguin, 1968. 647p. (China readings 3.)

SCHWARTZ, B.I. Communism and China. Ideology in flux. Cambridge, Mass., Harvard University Press, 1968. 254p.

SCHWARTZ, B.I. The Chinese perception of world order, past and present. (In FAIRBANK, J.K., red. The Chinese world order. Traditional China's foreign relations. Cambridge, Harvard University Press, 1968. p. 276-288.)

SIMMONDS, J.D. China's world. The foreign policy of a de= veloping state. New York, Columbia University Press, 1970. 260p.

SNOW, E. Red star over China; revised edition. Harmondsworth, Penguin, 1973. 621p.

STARR, J.B. Ideology and culture. An introduction to the dialectic of contemporary Chinese politics. New York, Harper & Row, 1973. 300p.

TUCHMAN, BARBARA W. Stilwell and the American experience in China. 1911-1945. New York, Bantam, 1972. 794p.

VAN NESS, P. Revolution and Chinese foreign policy. Peking's support for wars of national liberation. Berkeley, Uni= versity of California Press, 1970. 266p.

WHITING, A.S. Foreign policy of Communist China. (In MACRIDIS, R.C., red. Foreign policy in world politics; 5th edition. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1976. p.223-263.)

WILSON, D. Asia awakes. A continent in transition. Harmonds=worth, Penguin, 1972. 463p.

YAHUDA, M. China's foreign policy in 1974: the year of the 'three worlds'. (In JONES, P., red. The international yearbook of foreign policy analysis; volume 2. Londen, Croom Helm, 1975. p. 104-131.)

## 2. TYDSKRIFARTIKELS

CRANMER-BYNG, J.L. The Chinese attitude towards external rela=tions. International Journal, 21(1):57-77. 1965.

CRANMER-BYNG, J.L. The Chinese view of their place in the world: an historical persepctive. China Quarterly, 53: 67-79. 1973.

FABRITZEK, U.G. Die Aussenpolitik der Volksrepublik China. Politische Studien, 1975(1):58-79. 1975.

FEUERWERKER, A. Chinese history and the foreign relations of contemporary China. Annals of the American Academy of Political and Social Science, 402:1-14. 1972.

FEUERWERKER, A. Relating to the international community. Proceedings of the Academy of Political Science, 31(1): 42-54. 1973.

FRANKE, W. The role of tradition in present-day China. Modern World, 1963-64:75-92.

GITTINGS, J. The great-power triangle and Chinese foreign policy. China Quarterly, 39:41-54. 1969.

GITTINGS, J. New light on Mao. 1. His view of the world. China Quarterly, 60:750-766. 1974.

HIRASAWA, K. Japan's emerging foregin policy. Foreign Affairs, 54(1):155-172. 1975.

HOOK, B. Historical perspectives on China's new diplomacy. Asian Affairs, 61(2):135-143. 1974.

MANCALL, M. The persistence of tradition in Chinese foreign policy. The Annals of the American Academy of Political and Social Science, 349:14-26. 1963.

MAXWELL, N. 'The threat from China'. International Affairs, 47(1):31-44. 1971.

STEINER, H.A. Mainsprings of Chinese communist foreign policy. American Journal of International Law, XLIV:69-99. 1950.

WALKER, R.L. People's Republic of China in an age of detente: national interest or ideological thrust? Indian Journal of Politics, 8(1-2):49-60. 1974.

YAHUDA, M. Chinese foreign policy after 1963: the Maoist phases. China Quarterly, 36:93-113. 1968.